# HANTERINGSRIGLYNE VIR OUERS MET 'n EIESINNIGE KLEUTER: 'n GESTALTPERSPEKTIEF

deur

KARIEN SCHOEMAN

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE**
**(RIGTING: Spelterapie)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER : ME I. JACOBS

FEBRUARIE 2009

**DANKBETUIGINGS**

Al die eer en dank aan my Hemelse Vader.

Ek wil graag my opregte dank oordra aan die volgende persone:

- Me Issie Jacobs, my studieleier, vir haar bekwame leiding, motivering en ondersteuning wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie, maar ook tot my eie persoonlike groei en ontwikkeling.

- My man, Jurgens, vir sy motivering, geduld en bystand om my droom uit te leef.

- My kinders, Hanri en Jurgie, wat baie moes opoffer. Dankie, Jurgie, vir al die koppies tee wat jy aangedra het.

- My ouers vir hul aanmoediging, ondersteuning en hulp.

- Die personeel by Pikkieland vir hulle geduld en ondersteuning.

**VERKLARING**

Ek verklaar hiermee dat *Hanteringsriglyne vir ouers met ŉ eiesinnige kleuter: ŉ Gestaltperspektief*, my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

GETEKEN: ____________________

K. SCHOEMAN (3610-113-3)

DATUM: ____________________ TE WELLINGTON

Tel: 021 – 873 3179
Sel: 084 573 4839
E-pos: karien.pikkieland@telkomsa.net

Cummingsstraat 17
Wellington
7655

2 Maart 2009

Aan wie dit mag aangaan,

**VERKLARING**

Hiermee verklaar ek, Karien Schoeman, dat die betrokke skripsie taalkundig geproeflees is en dat al die nodige taalkundige veranderinge aangebring is. Die taalpraktisyn van wie ek gebruik gemaak het, is prof. P.J. Jonas.

Die uwe

___________________________

KARIEN SCHOEMAN

# OPSOMMING

Die navorser het met hierdie intervensiestudie hanteringsriglyne vanuit ŉ Gestaltperspektief vir ouers met ŉ eiesinnige kleuter ontwikkel.

Om bogenoemde te bereik, is slegs die eerste drie fases, asook Stap 1 van Fase 4 van Rothman en Thomas se Design & Development-model voltooi.

Fase 1, naamlik die **probleemanalise en projekbeplanning,** het gefokus op die identifisering en betrek van respondente, die verkryging van toegang tot en samewerking van respondente, ŉ behoeftebepaling van die populasie, die analisering van die geïdentifiseerde probleem en die bepaling van die doelstellings en doelwitte.

Deur die bestudering van bestaande literatuur en natuurlike voorbeelde, sowel as die identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle is Fase 2, naamlik die **insameling en sintese van data,** suksesvol voltooi. Tydens Fase 3, naamlik die **ontwerpfase**, is ŉ waarnemingsisteem ontwikkel en prosedures vir die intervensie gespesifiseer.

Deur die ontwikkeling van ŉ prototipe is Stap 1 van Fase 4, naamlik **vroeë ontwerp en ontwikkeling**, voltooi.

Gevolgtrekkings en aanbevelings is vanuit die bevindinge gemaak.



Sleutelterme: Eiesinnig
Kleuter
Temperament
Gedrag
Ouerskapstyl
Magstryd
Gestaltbenadering

# SUMMARY

The aim of this intervention was to develop guidelines from a Gestalt perspective for parents in handling a strong willed infant.

To achieve this, only the first three phases, as well as Step 1 of Phase 4 of Rothman and Thomas's Design & Development model were completed.

Phase one, **project analysis and project** planning, focussed on the identifying and involving of respondents, gaining entry and co-operation from respondents, identifying concerns of the population, analysing concerns or problems identified and setting goals and objectives through the use of existing sources of information, studying natural examples and identifying functional elements of successful models. Phase 2, namely **information gathering and synthesis**, was successfully completed. During Phase 3, namely the **design phase**, an observational system was developed and procedures for the intervention were specified.

The development of a prototype or preliminary intervention meant that Step 1 of Phase 4, the **early development phase**, was successfully completed.

Conclusions and suggestions were made from the findings.



Key terms:

Strong-willed
Infant
Temperament
Behaviour
Parenting style
Power struggle
Gestalt philosophy

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: PROBLEEMANALISE EN PROJEKBEPLANNING


1.1 INLEIDING 1

1.2 MOTIVERING VIR KEUSE VAN ONDERWERP 2

1.3 PROBLEEMFORMULERING 3

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE 5

1.5 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE 7

1.5.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning 7

*1.5.1.1 Stap 1: Identifisering en betrek van respondente* 8
*1.5.1.2 Stap 2: Verkryging van toegang tot en samewerking van respondente* 9
*1.5.1.3 Stap 3: Behoeftebepaling van die populasie* 11
*1.5.1.4 Stap 4: Analisering van geïdentifiseerde probleme* 13
*1.5.1.5 Stap 5: Bepaling van doelstelling en doelwitte* 15

1.5.2 Fase 2: Insameling en sintese van data 16

*1.5.2.1 Stap 1: Bestudering van bestaande literatuur* 16
*1.5.2.2 Stap 2: Bestudering van natuurlike voorbeelde* 17
*1.5.2.3 Stap 3: Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle* 18

1.5.3 Fase 3: Ontwerp 18

*1.5.3.1 Stap 1: Ontwikkeling van waarnemingsisteem* 19
*1.5.3.2 Stap 2: Spesifisering van prosedures vir die intervensie* 19

1.5.4 Fase 4: Vroeë ontwerp en ontwikkeling 20

*1.5.4.1 Stap 1: Ontwikkeling van 'n prototipe* 20

1.6 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE 20

1.6.1 Eiesinnig 20
1.6.2 Kleuter 21
1.6.3 Temperament 21
1.6.4 Gedrag 22
1.6.5 Ouerskapstyl 22
1.6.6 Magstryd 22
1.6.7 Gestaltbenadering 23

1.7 SAMEVATTING 23

**HOOFSTUK 2: EMPIRIESE BEVINDINGS**

2.1 INLEIDING 24

2.2 IDENTIFISERING EN ANALISERING VAN POPULASIE SE PROBLEME EN BEHOEFTES 24

2.3 INDELING VAN GEÏDENTIFISEERDE PROBLEME ONDER HOOF- EN SUBTEMAS 25

2.3.1 Hooftema 1: Respondente se emosionele ervaring en reaksie op hul eiesinnige kleuter se gedrag 27

*2.3.1.1 Onmiddellike emosionele ervaring en reaksie* 28
*2.3.1.2 Sekondêre emosies* 32
*2.3.1.3 Bykomende gevolge van onmiddellike emosionele ervaring en reaksie* 35

2.3.2 Hooftema 2: Die hantering van die eiesinnige kleuter 38

*2.3.2.1 Huidige, oneffektiewe hanteringsmetodes* 38
*2.3.2.2 Moontlike redes vir respondente se verskille in hanteringsmetodes* 42
*2.3.2.3 Gevolge van verskillende hanteringsmetodes* 46
*2.3.2.4 Hanteringsbehoeftes van respondente* 47

2.3.3 Hooftema 3: Konflik as direkte uitvloeisel van die interaksie met die eiesinnige kleuter 51

*2.3.3.1 Verhoudingskonflik* 51
*2.3.3.2 Moontlike redes vir konflik* 53
*2.3.3.3 Konflikareas* 57

2.4 BEPALING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE 58

2.5 SAMEVATTING 58

**HOOFSTUK 3: EIESINNIGHEID BINNE DIE KLEUTERFASE**

3.1 INLEIDING 59

3.2 DIE EIESINNIGE KLEUTER 59

3.2.1 Definisie en gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter 60

3.2.2 Elemente wat eiesinnigheid kan beïnvloed 60

*3.2.2.1 Temperament* 61
*3.2.2.2 Ouerskapstyl* 64
*3.2.2.3 Eksterne invloede* 68

3.2.3 Die eiesinnige kleuter: verskillende ontwikkelingsperspektiewe 68

*3.2.3.1 Modellering* 69
*3.2.3.2 Versterking* 71
*3.2.3.3 Straf* 72

*3.2.3.4 "Goodness of fit"* 73
*3.2.3.5 Spesifieke probleemareas* 74

3.3 SAMEVATTING 76

**HOOFSTUK 4: GESTALTKONSEPTE VIR DIE DAARSTELLING VAN HANTERINGSRIGLYNE VIR OUERS MET 'N EIESINNIGE KLEUTER**

4.1 INLEIDING 77

4.2 DEFINIËRING VAN GESTALT 77

4.3 DIE GESTALTFILOSOFIE 78

4.4 GESTALTKONSEPTE 79

4.4.1 Holisme 79
4.4.2 Hier-en-nou 80
4.4.3 Onvoltooidhede 80
4.4.4 Veldteorie 81
4.4.5 Proses 82
4.4.6 Organismiese selfregulering 82
4.4.7 Kontak 83
4.4.8 Dialoog 84
4.4.9 Bewustheid 84
4.4.10 Grense 86
4.4.11 Kontakgrensversteurings 88
4.4.12 Weerstand 91

4.5 SAMEVATTING 91

**HOOFSTUK 5: FUNKSIONELE ELEMENTE VAN BESTAANDE PROGRAMME**

5.1 INLEIDING 92

5.2 THE INCREDIBLE YEARS *EARLY CHILDHOOD (AGES 3-6)* BASIC PARENT TRAINING-PROGRAM 92

5.2.1 Benadering en filosofie 93
5.2.2 Funksionele elemente 94
5.2.3 Wyse van aanbieding 95

5.3 *1-2-3 MAGIC* BEHAVIOUR MODIFICATION-PROGRAM 96

5.3.1 Benadering en filosofie 96
5.3.2 Funksionele elemente 96
5.3.3 Wyse van aanbieding 97

5.4 PARENTING THE STRONG WILLED CHILD (2-6 YEARS) – THE CLINICALLY PROVEN FIVE-WEEK-PROGRAM 98

5.4.1 Benadering en filosofie 98
5.4.2 Funksionele elemente 98
5.4.3 Wyse van aanbieding 100

5.5 DIE PARENTS PLUS-PROGRAM 101

5.5.1 Benadering en filosofie 101
5.5.2 Funksionele elemente 101
5.5.3 Wyse van aanbieding 102

5.6 SAMEVATTING 103

**HOOFSTUK 6: ONTWERP EN VROEË ONTWIKKELING**

6.1 INLEIDING 104

6.2 WAARNEMINGSISTEEM 104

6.2.1 Waarnemingslys nr. 1 – Verhoging van ouers se bewustheid rakende huidige hanteringsmetodes 105
6.2.2 Waarnemingslys nr. 2 – Alternatiewe hanteringsmetodes 107
6.2.3 Waarnemingslys nr. 3 – Die effek wat alternatiewe hanteringsmetodes het op die kleuter se gedrag 109
6.2.4 Waarnemingslys nr. 4 – Ondersteuningsnetwerk vir ouers 111
6.2.5 Waarnemingslys nr. 5 – Huishoudelike reëls en konsekwensies 111

6.3 SPESIFISERING VAN PROSEDURES VIR DIE INTERVENSIE 113

6.4 GESTALTHANTERINGSRIGLYNE VIR OUERS MET 'N EIESINNIGE KLEUTER 115

6.4.1 Hanteringsriglyn nr. 1 – Definieer die probleem en gee samevloeiende erkenning aan die kleuter se emosies 115

*6.4.1.1 Bewustheid* 116
*6.4.1.2 Kontak in die hier-en-nou en dialoog* 118
*6.4.1.3 Holisme* 121
*6.4.1.4 Veldteorie* 121

6.4.2 Hanteringsriglyn nr. 2 – Stel 'n ferm grens 122

*6.4.2.1 Grense* 122
*6.4.2.2 Kontakgrensversteurings* 126
*6.4.2.3 Proses van ouers en kleuter* 127
*6.4.2.4 Onvoltooidhede* 128

6.4.3 Hanteringsriglyn nr. 3 – Gee keuses/alternatiewe 129

*6.4.3.1 Bemagtiging* 129

6.4.4 Hanteringsriglyn nr. 4 – Konsekwensies 131

*6.4.4.1 Weerstand* 132

*6.4.4.2 Organismiese selfregulering* 133

6.4.5 Hanteringsriglyn nr. 5 – Versterking van verhoudings en bemagtiging 134

6.5 TOEPASSINGSMODEL VAN HANTERINGSRIGLYNE 135

6.6 SAMEVATTING 136

**HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

7.1 INLEIDING 137

7.2 DIE INTERVENSIE NAVORSINGSPROSES 137

7.2.1 Probleemanalise en projekbeplanning 137

*7.2.1.1 Identifisering en betrek van respondente en verkryging van toegang en samewerking* 137
*7.2.1.2 Behoeftebepaling en analisering van geïdentifiseerde probleme* 137
*7.2.1.3 Bepaling van doelstelling en doelwitte* 138

7.2.2 Insameling en sintese van data 138

*7.2.2.1 Bestudering van bestaande literatuur* 138
*7.2.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde* 139
*7.2.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle* 139

7.2.3 Ontwerp 140

*7.2.3.1 Ontwikkeling van 'n waarnemingsisteem* 140
*7.2.3.2 Spesifisering van prosedures vir die intervensie* 140

7.2.4 Vroeë ontwerp en ontwikkeling 140

*7.2.4.1 Ontwikkeling van 'n prototipe* 140

7.3 BEPERKINGS TYDENS NAVORSINGSPROSES 141

7.4 GEVOLGTREKKINGS 141

7.5 AANBEVELINGS 142

7.6 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE 143

7.7 SAMEVATTING 144

BIBLIOGRAFIE 146

## LYS VAN FIGURE


FIGUUR 2.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFTEMA 1 SOOS GEÏDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: RESPONDENTE SE EMOSIONELE ERVARING EN REAKSIE OP HUL EIESINNIGE KLEUTER SE GEDRAG 26

FIGUUR 2.2: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFTEMA 2 SOOS GEÏDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: DIE HANTERING VAN DIE EIESINNIGE KLEUTER 37

FIGUUR 2.3: VOORSTELLING VAN HOOFTEMA 3 SOOS GEÏDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: KONFLIK AS DIREKTE UITVLOEISEL VAN DIE INTERAKSIE MET DIE EIESINNIGE KLEUTER 50

## LYS VAN TABELLE


TABEL 6.1: WAARNEMINGSLYS NR. 1 – VERHOGING VAN OUERS SE BEWUSTHEID RAKENDE HUIDIGE HANTERINGSMETODES 106

TABEL 6.2: WAARNEMINGSLYS NR. 2 – ALTERNATIEWE HANTERINGS-METODES 108

TABEL 6.3: WAARNEMINGSLYS NR. 3 – DIE EFFEK WAT ALTER-NATIEWE HANTERINGSMETODES HET OP DIE KLEUTER SE GEDRAG 110

TABEL 6.4: WAARNEMINGSLYS NR. 4 – ONDERSTEUNINGSNETWERK VIR OUERS 111

TABEL 6.5: WAARNEMINGSLYS NR. 5 – HUISHOUDELIKE REËLS EN KONSEKWENSIES 113

**BYLAES**

BYLAAG A: INLIGTINGSBRIEF

BYLAAG B: ETIESE EN VERTROULIKHEIDSKONTRAK

BYLAAG C: KRITERIALYS VAN OUERS SE EMOSIES EN REAKSIES

BYLAAG D: KRITERIALYS VAN GEDRAGSEIENSKAPPE VAN DIE EIESINNIGE KLEUTER

BYLAAG E: DIE EIESINNIGE KLEUTER WAT REG VERSTAAN EN BESTUUR IS: DIE POSITIEWE KEERSY TYDENS ADOLESSENSIE EN VOLWASSENHEID

BYLAAG F: WEEKKAART

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMANALISE EN PROJEKBEPLANNING

## 1.1 INLEIDING

Ouers van ŉ eiesinnige kleuter voel dikwels ontoereikend en hulpeloos en vrees dat die voortdurende konflik of magstryd emosionele skade kan veroorsaak en ŉ swak ouer-kindverhouding tot gevolg sal hê (Kurcinka, 2006:10). Die gebrek aan ondersteuning, kennis en hulpbronne wat hulle kan bemagtig, lei ook tot frustrasies en dra by tot die gevoel van ontoereikendheid (Forehand & Long, 2002:1). MacKenzie (2001:vi) noem pertinent dat die onophoudelike magstryd, dikwels oor onbenullighede, die ouer van ŉ eiesinnige kleuter by die volgende dilemma bring: Ek is ŉ swak ouer, dit is my skuld dat my kind so is. Wat doen ek verkeerd?

In die lig hiervan wou die navorser hanteringsriglyne vanuit ŉ Gestaltperspektief ontwikkel wat op die verhoging van beide die ouer en die kleuter se bewustheid van hul eie gedrag en reaksie fokus, om sodoende beter kontak te maak met die self en die omgewing.

Yontef (1993:43) ondersteun die standpunt dat bewustheid en verandering altyd verhoudingsverwant is: ŉ verhouding tussen die self en die omgewing. Hy beklemtoon ook die feit dat verandering slegs sal plaasvind indien bewustheid verhoog word. Yontef (1993:126) noem dit "*Relational awareness – growth through an awareness of what happens between people and not by looking inward*". Dit korreleer met Miller en Miller se standpunt, soos aangehaal deur Roos (2005:1) dat die mens deel is van ŉ sisteem bestaande uit interaktiewe eenhede en afdelings wat onderling in verhouding staan met mekaar en dat dit juis hierdie verhoudings is wat dien as die samebindende koord wat al die afsonderlike dele tot ŉ geheel bind.

Verandering wat met hierdie intervensiestudie geïmpliseer word, beteken dat daar ŉ verskil gaan wees in die geheel as die dele verander (Roos, 2005:1). Binne verhoudings beteken dit dat die individu as deel van die breë samelewingskonteks, binne die konteks van plek, tyd en milieu sal verander, aangesien gedrag altyd konteks- en verhoudingsgebonde is (Roos:2005:2).

Perls maak die stelling dat die individu baie meer is as net die blote som van die dele (in Clarkson, 2002:02). Gesien in die lig van hierdie stelling, is die eiesinnige kleuter dus baie meer as net die

blote eienskappe van hardkoppigheid, 'n uittartende en hardkoppige streep, die voortdurende toets van grense en 'n ek-swaai-die-septer-houding, aldus Dobson (2005:19).

Die navorser het met hierdie intervensiestudie hanteringsriglyne vanuit 'n Gestaltperspektief vir ouers met 'n eiesinnige kleuter ontwerp en ontwikkel. Die riglyne is gegrond op sekere Gestaltkonsepte en het ten doel om die ouers van 'n eiesinnige kleuter te bemagtig, die voortdurende magstryd te verminder en die verhouding tussen ouer en kind te verbeter.

## 1.2 MOTIVERING VIR KEUSE VAN ONDERWERP

Die navorser is vir die afgelope 10 jaar as skoolhoof van 'n voorskoolse sentrum betrokke by kinders in die kleuterfase. Kinders in hierdie fase toon spesifieke gedragskenmerke wat as normaal binne die ontwikkelingsfase beskou word. Volgens Pickhardt (2005:xiv) word kinders binne hierdie fase se gedrag en reaksie op gebeure oorheers en bepaal deur hulle emosies, wat gesetel is in hul tiperende temperament. Hurlock (2000:93) wys daarop dat die kleuterfase 'n besonder intense fase is met 'n verhoogde emosionaliteit wat gekenmerk word deur 'n sterk wil, woedeuitbarstings, intense vrese en onredelike jaloesie. Hierdie kenmerke maak dit moeilik om selfs die sogenaamde "normale" kleuter te lei en te hanteer.

Vanuit professionele ervaring het dit geblyk dat daar egter kleuters is wat 'n buitengewone sterk wil het, waar bogenoemde gedragskenmerke op 'n feller manier manifesteer as by die normale kleuter. In die verband merk Kurcinka (2006:9) op dat die één woord wat normale kinders van eiesinnige kinders onderskei, die woord "meer" is. Eiesinnige kinders word in die lig hiervan as normale kinders gesien wat meer intens, meer hardkoppig, meer sensitief, meer jaloers en meer ongemaklik met verandering is – die "*…super ball in a room full of rubber balls*".

Kontak binne skoolverband met ouers van kleuters wat met bogenoemde gedragseienskappe presenteer, het verder daarop gewys dat ouers 'n behoefte het aan leiding en riglyne oor hoe om hierdie kinders te hanteer. Vrae wat dikwels deur ouers van eiesinnige kleuters gevra word, is:

- Gaan my kind eendag 'n gelukkige en gebalanseerde volwassene wees?
- Is ek 'n slegte ouer?
- Wat doen ek verkeerd?
- Hoekom is my kind so?

- Is daar iets wat ek anders kan doen?
- Hoe kan ek my kind reg verstaan en hanteer?
- Gaan die gedurige konflik nie ons verhouding vir ewig skaad nie?
- Is die grense wat ek stel, nie te buigbaar en deursigtig nie?
- Watter rol speel my eie temperament en ouerskapstyl in die hantering van my kind?

In die lig van hierdie vrae wou die navorser hanteringsriglyne ontwerp, veral om ouers van eiesinnige kleuters te bemagtig. Die besluit om die studie vanuit 'n Gestaltperspektief te benader, word gemotiveer deur die feit dat bestaande studies oor die onderwerp meestal vanuit die Behavioristiese perspektief gedoen is (Vergelyk MacKenzie, 2001:265). Die navorser kon nie enige studies rakende die eiesinnige kind vanuit die Gestaltperspektief bekom nie (Vergelyk in die verband http://www.g-gej.org, http://www.periodicals.com/keywordsearch.html, http://www.british gestaltjournal.com/issue_contents?page=1 en http:www.freeessays123.com/index.org. Vergelyk in hierdie verband ook studies deur Forehand en Long (2002), Pickhardt (2005), Dobson (2005), Webster-Stratton (1970) en Sharry en Fitzpatrick (1998).

Vanuit die Behavioristiese perspektief word daar veral gefokus op aspekte soos kondisionering, positiewe gedragsversterking en die modellering en aanleer van waarneembare gedrag (Vergelyk Weiten, 2002:6). Hierdie studies verskaf wel programme en riglyne vir die hantering van die eiesinnige kind, maar nie vanuit 'n Gestaltperspektief nie.

Die navorser is van mening dat riglyne vanuit 'n Gestaltperspektief 'n nuwe aanslag en benadering sal gee. Clarkson (2002:1) definieer Gestalt as "*...the shape, the pattern, the whole form, the configuration. Gestalt connotes the structural entity that is both different from and much more than the sum of its parts*" (Vergelyk MacKewn, 2003:10 en Yontef, 1993:124-128). Vanuit hierdie definisie is daar dus gefokus op 'n verhoging van bewustheid: bewustheid van gedrag, emosies en persepsies binne die hier-en-nou. Verhoging van bewustheid bring volgens Clarkson (2002:14-17) 'n besef dat elke persoon keuses het, ook wat gedrag en reaksie op gebeure betref .

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Leedy (1993:50) merk tereg op dat die probleem en die probleemformulering die hart of kern van enige suksesvolle navorsingstuk is. Rudestam en Newton (2001:65) beklemtoon die feit dat die probleem inderdaad baie meer is as net die blote samevoeging van 'n aantal onopgeloste

vraagstukke wat vaagweg oorvleuel. Locke, Spirduso en Silverman (in Rudestam & Newton, 2001:67) wys daarop dat ŉ goeie navorsingsprobleem die volgende kenmerke sal hê:

- Dit is ondubbelsinnig.
- Dit toon die verband/verhouding(s) tussen twee of meer veranderlikes.
- Dit impliseer ŉ empiriese ondersoek.

Rudestam en Newton (2001:64) beklemtoon ook die belangrikheid van ŉ omvattende literatuuroorsig in die identifisering en formulering van ŉ goeie navorsingsprobleem. Die probleem van hierdie studie kan derhalwe soos volg geformuleer word:

Ouers van ŉ eiesinnige kleuter (ook genoem die kleuter met ŉ sterk wil) voel ontoereikend en hulpeloos en weet nie hoe om die voortdurende magstryd met hulle kleuter te hanteer nie. Die ouers vrees ook dat die voortdurende konflik en magstryd emosionele skade by die kleuter kan veroorsaak en hulle verhouding kan skaad (MacKenzie, 2001:8). Ouers het daarom ŉ behoefte aan riglyne oor hoe om hulle eiesinnige kleuter te hanteer en ŉ positiewe verhouding te bou (Tobias, 2007:21).

Forehand en Long (2002:11) sowel as Pickhardt (2005:209-220) wys daarop dat die tiperende kenmerke en eienskappe van eiesinnigheid nie net beperk is tot die kleuterfase nie, maar toeneem en feller raak met adolessensie en 'n verdere verswakking in die ouer-kindverhouding kan bring indien daar nie intervensie plaasvind nie. Pickhardt (2005:228) beklemtoon dat verhoudingsprobleme oorgedra kan word na die daaropvolgende ontwikkelingsfases. Die ouer-kindmagstryd oor onbenullighede binne die kleuterfase vererger tydens adolessensie en verhoudingsprobleme kring dan wyer uit as net in die ouer-kindverhouding.

Pickhardt (2005:209) beskou die kleuterfase as die geskikste fase om hanteringsriglyne of soortgelyke programme te implementeer (Vergelyk ook Kurcinka, 2006:406; MacKenzie, 2001:1 en Dobson, 2005:174). Louw *et al.* (1998: 243) beskou die kleuterfase as die tydperk waarin die ontwikkelende kind se selfkonsep en selfwaarde sterk gevorm word deur die onmiddellike huishouding en sosiale invloede. Hanteringsriglyne vir ouers van 'n eiesinnige kleuter kan dus die ouers ondersteun in die positiewe hantering van die kleuter en die gepaardgaande versterking van 'n positiewe selfkonsep by die kleuter. Dit stem ooreen met Erikson (in Bee & Boyd, 2007:263) se teorie dat die sintese van die basiese konflikte in die kleuterfase, naamlik inisiatief vs. skuld, fokus op die vraag: Is ek goed of is ek sleg? Die kleuter sal nuwe idees, gedrag en vaardighede toets en

voortdurende konflik en afkeurende reaksie van die ouers kan 'n gevoel van minderwaardigheid en onbevoegdheid skep wat oorgedra kan word na die middelkinderjare. Hanteringsriglyne vir ouers van die eiesinnige kleuter kan dus lei tot die verbetering van 'n goeie ouer-kindverhouding. 'n Goeie ouer-kindverhouding is volgens Louw *et al.* (1998: 243) veral belangrik in die kleuterfase, aangesien die ouers se gedrag en reaksie bepalend is van die sintese waartoe die kinders oor hulself kom.

## 1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Tydens hierdie studie is **intervensienavorsing** vanuit 'n **kwalitatiewe benadering** onderneem. Schilling (in De Vos, 2005:394) beskryf intervensienavorsing as die ontwikkeling, toepassing en evaluering van innoverende en hulpverlenende intervensie met die doel om te bemagtig en te ondersteun, bestaande of potensiële probleme aan te spreek en 'n bepaalde lewenskwaliteit te handhaaf of te verbeter. Binne hierdie studie kan intervensienavorsing gedefinieer word as die wyse waarop 'n terapeut hulpverlenende intervensie verskaf in 'n poging om die funksionering van 'n individu, familie, groep of gemeenskap te verbeter.

Gegrond op bogenoemde definisie het die navorser die **Design & Development-model** (D & D-model) van Rothman en Thomas (vergelyk De Vos, 2005:392) as die mees geskikte uitgangspunt beskou vir die ontwerp van Gestalthanteringsriglyne wat ouers van die eiesinnige kleuter sal bemagtig, sodat konflik verminder kan word en die ouer-kindverhouding kan verbeter.

Volgens De Vos (2005:295) is die D & D-model saamgestel uit ses fases. Elke fase is onderverdeel in 'n aantal werkbare stappe. Die ses fases van hierdie model behels die volgende:

Fase 1 – Probleemanalise en projekbeplanning
Fase 2 – Insameling en sintese van data
Fase 3 – Ontwerp
Fase 4 – Vroeë ontwerp en ontwikkeling
Fase 5 – Evaluering en gevorderde ontwikkeling
Fase 6 – Verspreiding

Vir die doel van hierdie studie sal slegs die eerste drie fases, asook Stap 1 van Fase 4 hanteer word, aangesien hierdie slegs 'n studie van beperkte omvang is.

ʼn **Gevallestudie** is as navorsingsontwerp vir die studie benut**.** Babbie (2001:293) definieer ʼn gevallestudie as ʼn in-diepte ondersoek en bestudering van ʼn enkele sosiale fenomeen, byvoorbeeld ʼn dorp, ʼn gesin of ʼn tendens. Fouché (2005:272) is van mening dat ʼn gevallestudie na ʼn proses, ʼn aktiwiteit, ʼn gebeurtenis, ʼn program, ʼn individu of verskeie individue kan verwys. Babbie (2001:293) sluit hierby aan deur aan te dui dat ʼn gevallestudie nie net mense of groepe mense bestudeer nie, maar ook kan fokus op ʼn spesifieke tydperk. Creswell (in Fouché, 2005:272) beskou ʼn gevallestudie as die in-diepte, beperkte en gefokusde analisering van ʼn afgebakende sisteem of gebeurtenis – afgebaken binne tyd en/of plek. Babbie (2001: 293) wys daarop dat die gevallestudienavorser die veld met ʼn bepaalde kennis van die relevante literatuur betree. Die verkenning en bestudering van die gevallestudie geskied deur in-diepte dataversamelingsmetodes soos onderhoude, dokumente, waarnemingsisteme en argiefbronne (Fouché, 2005:272). Die gevallestudie wat deel gevorm het van hierdie studie is ouers van eiesinnige kleuters.

Babbie (2004:28) tref ʼn onderskeid tussen die navorsingsdoel van suiwer navorsing en toegepaste navorsing. Toegepaste navorsing, volgens Babbie (2004:28), streef daarna om oplossings te vind met die daarstel van riglyne, voorstelle en intervensies om verandering te bewerkstellig , asook ʼn sinergie tussen teorie en praktyk te bring. In hierdie studie is daar van **toegepaste navorsing** gebruik gemaak, deurdat hanteringsriglyne ontwikkel is vir ouers van ʼn eiesinnige kleuter. Die doel van die riglyne is daarop gerig om ouers te help om hulle eiesinnige kleuter reg te hanteeren te verstaan, konflik te verminder en die ouer-kindverhouding te verbeter. Intervensienavorsing resorteer ook onder toegepaste navorsing (vergelyk De Vos, 2005:393), wat ook die benutting van die D & D-model as geskikte model vir die doel van die studie verder gemotiveer het.

Beide die **verkennende en beskrywende funksie** van navorsing is op hierdie studie van toepassing. Babbie (2004:87) definieer die **verkennende funksie** van navorsing as die wyse waarop 'n navorser die ter saaklike onderwerp of probleem ondersoek met die doel om haarself/homself te oriënteer en bykomde kennis en inligting te bekom. Babbie (2004:89) beklemtoon voorts dat verkennende navorsing onontbeerlik en essensieel is by nuwe, "*ground breaking*" onderwerpe en benaderings. Gesien in die lig van die feit dat bestaande programme en riglyne, soos reeds aangedui in 1.2, meer vanuit ʼn Behavioristiese en Kliëntgesentreerde perspektief gedoen is, was die verkennende funksie van navorsing hier van toepassing, aangesien hanteringsriglyne vanuit ʼn Gestaltperspektief ontwerp en ontwikkel is.

Babbie (2004:89) definieer die **beskrywende funksie** van navorsing as die doelgerigte, wetenskaplike en presiese beskrywing van dit wat waargeneem word. Wetenskaplike waarneming

verskil van gewone, bloot sosiale waarneming in die sin dat dit meer akkuraat en presies is. Deur gebruik te maak van die beskrywende funksie van navorsing, het die navorser ŉ duidelike profiel kon kry van ouers se hantering van die eiesinnige kleuter en die ouer-kindverhouding.

## 1.5 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Fase 1 van die D & D-model vir intervensienavorsing is **probleemanalise en projekbeplanning**.

### 1.5.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:251) beskou probleemanalise as die ondersoek van ŉ probleem deur dit in kleiner eenhede te verdeel. Dit impliseer dat daar ŉ duidelike afbakening sal wees van die tersaaklike probleem van die betrokke studie. Hastings (in De Vos, 2005: 359) tref ŉ onderskeid tussen persoonlike probleme en sosiale probleme. ŉ Individu met asma het ŉ persoonlike probleem, maar wanneer duisende mense asmaties raak weens die uitlaatgasse van ŉ nabygeleë asbesfabriek, raak dit ŉ sosiale probleem. Hastings gaan voort deur daarop te wys dat ŉ sosiale probleem ŉ onvanpaste en ongewilde verskynsel is wat in omvang ŉ groot hoeveelheid mense raak en waar verandering kan plaasvind deur die kollektiewe aksie van al die betrokkenes.

Soos reeds aangedui in 1.1 voel ouers van ŉ eiesinnige kleuter ontoereikend en hulpeloos en weet hulle nie hoe om die voortdurende magstryd tussen hulle en hulle kind te hanteer nie. Die ouers vrees voorts dat die voortdurende konflik en magstryd emosionele skade by die kind kan veroorsaak en die verhouding tussen ouer en kind kan skaad (MacKenzie, 2001:8). Hierdie ouers het dus die behoefte aan riglyne oor hoe om hierdie eiesinnige kleuter te hanteer en ŉ positiewe verhouding te bou (Tobias, 2007:21). Die D & D-model is daarom as werkbare model deur die navorser benut om riglyne vanuit ŉ Gestaltperspektief te ontwerp en ontwikkel.

Binne Fase 1 van die D & D-model is daar vyf stappe:

Stap 1 – Identifisering en betrek van respondente
Stap 2 – Verkryging van toegang tot en samewerking van respondente
Stap 3 – Behoeftebepaling van die populasie
Stap 4 – Analise van geïdentifiseerde probleme
Stap 5 – Bepaling van doelstelling en doelwitte

*1.5.1.1 Stap 1: Identifisering en betrek van respondente*

Beide De Vos (2005:398) en Babbie (2004:110) wys daarop dat daar in enige navorsing die gelyktydige bestaan van ŉ universum en ŉ populasie is. Die **universum** verwys na alle potensiële respondente wat oor die spesifieke eienskappe beskik waarin die navorser belangstel (Arkava & Lane in Strydom, 2005:197). Vir hierdie navorsingstudie verwys die universum dus na alle ouers met ŉ eiesinnige kleuter wat woonagtig is in die Wes-Kaap.

Die populasie stel egter grense aan die universum in terme van die afbakening daarvan. Babbie (2004:110) sien die **populasie** as die "teoreties afgebakende wie" van sosiale navorsing: "wie" is die spesifieke respondente in die universum wat die ter saaklike probleem beleef of ondervinding daarvan het? De Vos (2005:396) wys daarop dat die populasie wat geselekteer word vir intervensienavorsing, vraagstukke sal aanspreek waarby die individuele respondente, die navorser en uiteindelik die breë samelewing belang sal hê, aangesien die implementering van die intervensie sekere voordele tot gevolg sal hê. Vir die doel van hierdie intervensiestudie, verwys die populasie dus na die ouers van eiesinnige kleuters wat leerders is van ŉ voorskoolse sentrum in die Boland, Wes-Kaap.

ŉ **Steekproef** stel die navorser in staat om al die elemente wat in die studie ingesluit is te bestudeer (Babbie 2004:110). Seaburg (in Strydom, 2005:194 ) en Babbie (2004:110) beskou ŉ steekproef as ŉ klein gedeelte van die totale verteenwoordigende data, gebeure of persone wat deel uitmaak van die studie, met die doel om gevolgtrekkings oor die populasie te maak.

Strydom (2005:198) identifiseer twee tipes steekproewe: die waarskynlikheidsteekproef en die nie-waarskynlikheidsteekproef. Die waarskynlikheidsteekproef is enige tegniek waar ŉ seleksie onwillekeurig geskied vanaf ŉ lys met die name van almal wat deel uitmaak van die studie en waar elke persoon op die lys ŉ gelyke kans het om gekies te word (Rudestam & Newton, 2001:92).

Die **nie-waarskynlikheidsteekproef** is enige tegniek waar seleksie willekeurig geskied vanaf ŉ vooropgestelde lys kriteria (Babbie, 2001:182). Babbie identifiseer verskeie nie-waarskynlikheidsteekproewe, onder andere die doelgerigte steekproef, sneeubal effek en die kwota steekproef. Vir die doel van hierdie studie is daar gebruik gemaak van die **doelgerigte steekproef** as ŉ tipe nie-waarskynlikheidsteekproef.

Babbie (2001:183) definieer die **doelgerigte steekproef** as ŉ doelbewuste, sistematiese metode waarvolgens die navorser duidelike kriteria stel waaraan respondente moet voldoen om geselekteer te word. Die doelgerigte steekproef bepaal dus vooraf watter kriteria gebruik gaan word en is meer gerig en afgebaken as ŉ toevallige steekproef. Vir die doel van hierdie studie was die kriteria waaraan respondente vir die doelgerigte steekproef moes voldoen, die volgende:

- getroude ouerpare met eiesinnige kleuters wat leerders is van ŉ voorskoolse sentrum in Wellington , Wes-Kaap
- die huistaal moet Afrikaans wees
- die voltooiing van Forehand en Long (2002:10,60) se kriterialys van tiperende gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter.

Al die ouerpare wat aan boegenoemde kriteria voldoen, het deeluitgemaak van die aanvanklike steekproef, waarna die navorser agt ouerpare deur middel van ‘n toevallige seleksie gemaak het.

*1.5.1.2 Stap 2: Verkryging van toegang tot en samewerking van respondente*

De Vos (2005:396) is van mening dat dit belangrik is vir die navorser om ŉ gepaste organisasie of instansie te identifiseer wat as basis vir intervensienavorsing gebruik kan word. Suksesvolle intervensienavorsing is juis daarop gemik is om ŉ samewerkende vertrouensverhouding met sleutelpersone van so ŉ organisasie te vestig. Gesamentlike beplanning, identifisering van probleme en die uitruil van idees en voorstelle bevorder mede-eienaarskap, samewerking en kohesie tussen al die betrokkenes. ŉ Duidelike, deursigtige benadering skep vertroue en bevorder verdere samewerking. Vir die doel van hierdie studie was dit nie nodig om spesiale toestemming te kry om potensiële respondente te nader nie, aangesien die navorser vanuit ŉ professionele oogpunt reeds in ŉ vertrouensverhouding gestaan het met die ouers wat deel gevorm het van die steekproef. Die personeel van die betrokke voorskoolse sentrum staan ook reeds in ŉ vertrouensverhouding met die navorser en die navorsingsdoelwitte van hierdie studie is tydens ŉ personeelvergadering deeglik met die personeel bespreek.

ŉ Goeie, deursigtige samewerkingsverhouding tussen die navorser en alle deelnemers berus op die daarstel van ŉ **etiese kode**. Die *Funk and Wagnalls Standard Dictionary* (2000:436) definieer die woord “eties” as: “*…conforming to the standards of conduct of a given profession or group*”. Die waarde en inhoud wat ŉ individu aan die begrip “eties” koppel, word dus grootliks bepaal deur die waarde en inhoud waarop die groep of instansie gesamentlik besluit het.

Binne navorsingsverband wys Babbie (2004:63) daarop dat die individuele navorser, as lid van die navorsingsgemeenskap, deel in die waardes en verbind is tot die handhawing van die etiese kode, soos bepaal deur die professie. Deur die etiese aspekte te internaliseer, het die navorser daarna gestreef om die navorsing beide wetenskaplik en eties verantwoordbaar te maak. Die navorser is ook van mening dat respondente wat deel gehad het aan die samestelling van die etiese kode en die proses verstaan, ingeligte toestemming tot deelname aan die studie kan gee. Ingeligte toestemming impliseer dat respondente vrywillig aan die studie deelneem en dat alles moontlik gedoen is om respondente ŉ duidelike beeld te gee van wat die studie behels, moontlike voordele en nadele uit te wys en moontlike gevare waaraan deelnemers blootgetel mag word, te identifiseer (Strydom, 2005:59). Hakim (in Strydom, 2005:59) beskou hierdie proses as ŉ verpligte voorwaarde en nie as ŉ luukse moontlikheid waaroor die navorser en die respondente mag besluit nie.

Rudestam en Newton (2001:267) (vergelyk Babbie, 2004: 61-81) stipuleer die volgende **etiese aspekte** vir enige sosiale navorsing:

- <u>Ongedwonge en vrywillige deelname</u> – Die navorser is bewus van die sensitiewe en ontblotende aard van die navorsing. Respondente het te alle tye die vrye keuse tot deelname gehad en is as sodanig ingelig. Respondente is ook in kennis gestel van die wyse waarop deelname getermineer kon word en die konsekwensies rakende vertroulikheid.
- <u>Konfidensialiteit</u> – Die navorser het onderneem om respondente se identiteit te beskerm en alle gesprekke en inligting is as sodanig hanteer.
- <u>Anonimiteit</u> – Name en persoonlike inligting van respondente is in geen verslag bekend gemaak nie. Respondente is numeries uitgeken, wat subjektiwiteit en vooroordele verhoed het.
- <u>Integriteit</u> – Die navorser het as ŉ bevoegde, opgeleide kundige die navorsingsproses korrek onder die toesig en leiding van ŉ kundige en opgeleide studieleier en volgens navorsingstandaarde hanteer.
- <u>Objektiwiteit</u> – Die navorser het daarna gestreef om objektief te bly en nie toegelaat dat vooroordele die navorsingproses benadeel nie. Die navorser het slegs as fasiliteerder opgetree en nie betrokke geraak by besprekings of ŉ opinie gelug nie.
- <u>Erkenning en beskerming van menswaardigheid</u> – Respondente is te alle menswaardig behandel. Respondente is onder geen omstandighede blootgestel of in die verleentheid gebring nie.

- Analise en aanbieding van data – Data is korrek en sonder verdraaiings op ŉ eerlike en wetenskaplik verantwoordbare wyse geanaliseer en aangebied. Kundiges en bronne het die nodige erkenning ontvang en respondente is in kennis gestel dat die ingesamelde data gebruik is in die ontwerp en ontwikkeling van Gestalthanteringsriglyne.
- Geslag – In die hantering van data is sover moontlik na die meervoudsvorm verwys, behalwe waar die navorser van mening is dat die vloei van inligting belemmer word.

ŉ Inligtingsbrief (sien bylaag A) en geskrewe etiese en vertroulikheidskontrak (sien bylaag B) waarin al bogenoemde punte vervat is, is aan elke respondent gegee, waarna respondente die geleentheid gekry het om vrae en onduidelikhede uit te klaar en nuwe voorstelle en wysigings aan te bring. Daarna is die dokumente deur alle betrokkenes onderteken en aanvaar as die korrekte etiese kode vir hierdie spesifieke intervensiestudie. Hierdie werkswyse korreleer met Babbie (2004:63) se standpunt dat die etiese kode goed en juis moet wees vir ŉ spesifieke groep, met spesifieke deelnemers en uitkomste.

*1.5.1.3 Stap 3: Behoeftebepaling van die populasie*

De Vos (2005:397) waarsku dat die navorser daarteen moet waak om slegs te fokus op ooglopende probleme en die ooglopende, gepaardgaande oplossings. Hierdie uitgangspunt ontmoedig die eksplorering van werklike, dieperliggende vraagstukke by die populasie, asook die gewig en inhoud wat die populasie daaraan gee.

Soos reeds genoem en gemotiveer, was hierdie studie **kwalitatief** van aard. Babbie (2004:281) wys daarop dat kwalitatiewe navorsing die natuurlike, ongeforseerde bestudering is van die mens in interaksie. Dit is ŉ in-diepte bespreking en beskrywing en deel in mense se ervarings, eerder as die kliniese daarstelling van gestandaardiseerde vrae. Kwalitatiewe navorsing het ook ten doel om die waarde, inhoud en belewing wat die individu koppel aan hierdie ervarings en sosiale interaksie, te verstaan, te beskryf , te interpreteer en te rekonstrueer (UNISA : Departement Onderwysopleiding, 2005:1).

Greeff (in De Vos, 2005:286) beklemtoon dat die doel van ŉ studie die **data-insamelingsmetode** bepaal. Data-insameling vir hierdie studie het geskied deur middel van:

- twee fokusgroepe van vier ouerpare elk
- ŉ ongestruktureerde onderhoudskedule
- veldnotas en
- waarneming.

Krueger (in Greeff, 2005:300) definieer ŉ **fokusgroep** as ŉ deeglik beplande bespreking binne ŉ gemaklike, nie-bedreigende omgewing waar respondente hulle persepsies, ervarings, vrese en ondervinding van ŉ gemeenskaplike, afgebakende probleem deur middel van groepsinteraksie kan deel. Greeff (2005: 301) noem dit "…*the sharing and comparing*" van inligting binne ŉ veilige, nie-bedreigende omgewing. Dit verskaf in-diepte inligting van hoe mense dink en voel. Deur die benutting van fokusgroepe stel dit die navorser ook in staat om 'n groot hoeveelheid data binne ŉ kort periode te bekom. Vir die doel van hierdie studie is ouers van eiesinnige kleuters binne twee fokusgroepe van vier ouerpare elk gebruik om hulle gevoelens, emosies, persepsies en ervarings te deel, te ondersoek en te vergelyk.

Babbie (2004:281) is van mening dat ŉ **ongestruktureerde onderhoudskedule** beteken dat die navorser met ŉ "skoon blad" na die onderhoudsituasie gaan, sonder die invloed van enige vorige kennis, ondervinding of opinie. Ongestruktureerde onderhoude het ten doel om in-diepte kennis te kry van mense se belewenisse, ervarings en opinies. Die insette wat respondente gee, lei as 't ware die onderhoud in ŉ spesifieke rigting en die navorser bly deurgaans oop vir insette en opinies. Greeff (2005:292) beskou voorts die ongestruktureerde onderhoudskedule as ŉ gesprek met ŉ doel. Hierdie gesprek poog om ŉ beter begrip te gee van respondente se ervarings, asook die waarde en inhoud wat hulle gee aan hierdie ervarings.

Volgens Greeff (2005:293) vereis alle ongestruktureerde onderhoudskedules ŉ spesifieke formaat en volg dit ŉ spesifieke proses. Binne ŉ ongestruktureerde onderhoudskedule word daar geleidelik na ŉ meer gefokusde onderhoud beweeg, namate die navorser ŉ al groter begrip en kennis kry van respondente se ervarings. In die geval van hierdie intervensiestudie het die navorser deur die benutting van ŉ ongestruktureerde onderhoudskedule gepoog om ŉ duidelike beeld en ŉ in-diepte kennis te kry van ouers se ervarings, vrese, ondervindings en hantering van hul eiesinnige kleuter. Aangesien daar in hierdie studie van ŉ ongestruktureerde onderhoudskedule gebruik gemaak is, is daar nie ŉ loodsstudie onderneem nie.

Volgens Greeff (2005:298) help **veldnotas** as data-insamelingsmetode die navorser om gesprekke en gedagtes rondom gesprekke te orden, dit te ondersoek en die verlies van data te minimaliseer. Strydom (2005:281) is van mening dat veldnotas ŉ beeld van alles wat die navorser gesien en gehoor het tydens die onderhoud verskaf. Veldnotas moet akkuraat en sistematies wees en om dit te verseker, moet die navorser so min as moontlik tyd laat verloop om aantekeninge te maak tydens of na afloop van die fokusgroeponderhoude. Vir die doel van hierdie studie het die navorser na afloop van elke fokusgroeponderhoud veldnotas oor die verloop van elke sessie gemaak rakende respondentepare se interaksie met mekaar en deelname in die groep.

**Waarneming** tydens fokusgroeponderhoude kan waardevolle nie-verbale data verskaf, aldus Strydom (2005:284). Dit kan ook ŉ beeld gee van die effek wat ervarings en gebeure het op mense se emosies en hantering van hierdie gebeure. Die navorser het na afloop van die fokusgroeponderhoude alle waarnemings rakende die nie-verbale gedrag en reaksie van respondente geïnkorporeer by die veldnotas.

Die navorser het gebruik gemaak van ŉ diktafoon om onderhoude vas te lê. Respondente is in alle gevalle as die kundiges met ervaring beskou en is derhalwe toegelaat om ervarings onvoorwaardelik en sonder voorbehoud te deel.

*1.5.1.4 Stap 4: Analisering van geïdentifiseerde probleme*

Die hoofdoel van hierdie stap was om die ingesamelde data en geïdentifiseerde probleme te analiseer deur dit te orden en te klassifiseer. Rudestam en Newton (2001:97) beskou die wyse van data-insameling as van kardinale belang, ongeag die tipe studie of die formaat waarin data ingesamel word. De Vos (2005:397) beklemtoon die belangrikheid en nut van ŉ analiseringsprotokol wat sal help om patrone en prosesse binne die data uit te wys en te beskryf.

Fawcett *et al.* (in De Vos, 2005:397) identifiseer sekere sleutelvrae wat die intervensienavorser gebruik het in die organisering en ordening van die ingesamelde data wat weer van hulp was in die identifisering van sekere patrone en prosesse. Die volgende vrae is ondersoekend van aard en het die redes probeer bepaal waarom die situasie as ŉ probleem beskou word, asook watter intervensiestrategie, indien enige, nodig was om verandering te bring:

- Wat is die aard van die diskrepansie tussen die "ideale" en die "werklike" omstandighede van die probleem?

- Wie ervaar die situasie as ŉ probleem?
- Wat is die negatiewe konsekwensies voortvloeiend uit hierdie probleem vir al die individue betrokke?
- Is daar enige negatiewe konsekwensies vir die breë samelewing as sodanig?
- Watter persone, indien enige, vind baat by die huidige manier van doen?
- Indien daar mense is wat baat vind, op watter wyse en tot watter mate?

Die aard, omvang en konsekwensies van die probleem, soos bepaal deur bostaande ondersoekende vrae, lei tot die volgende vrae, wat oplossinggedrewe is:

- Watter persone/partye moet die verantwoordelikheid vir die oplossing van die probleem deel?
- Wie se gedrag en reaksie moet verander en gemodifiseer word om die probleem as opgelos te beskou?
- Hoe moet hierdie persone se gedrag/reaksie verander?
- Watter faktore/toestande moet verander en aangepas word, sodat verandering kan plaasvind en die betrokkenes deurgaans ondersteun sal word?
- Tot op watter vlak moet hierdie probleem aangespreek word?

Hierdie twee stelle vrae, tesame met Creswell se **spiraal van analise** (in De Vos, 2005:334), het die navorser gehelp om die respondente se belewing van die aard en omvang van die probleem beter te begryp, data te orden en te verwerk en om faktore te identifiseer wat aangespreek moes word in die daarstel van ŉ intervensie. In die geval van hierdie studie, het dit dus beteken dat die navorser ŉ verhoogde begrip van die behoeftes van die ouers van ŉ eiesinnige kleuter gekry het, waardeur Gestalthanteringsriglyne as intervensie ontwerp en ontwikkel kon word om ouers te bemagtig in die hantering en begrip van hulle eiesinnige kleuter.

Creswell (in De Vos, 2005:334) beskou die sogenaamde spiraal van analise as die mees effektiewe proses om data te analiseer en te interpreteer. Hierdie spiraal van analise is ŉ reeks prosesse of stappe wat soms gelyktydig plaasvind en nie noodwendig in liniêre volgorde nie. Die volgende stappe van Creswell (in De Vos, 2005:334) se spiraal van analise is gebruik:

- Bestuur en organisering van data – Tydens hierdie stap het die navorser alle data gesorteer deur diktafoonbande te etiketteer, onderhoude te transkribeer en veldnotas en waarnemings te organiseer. Addisionele kopieë is ook gemaak vir bewaring.
- Lees en skryf van memoranda – Transkripsies van die fokusgroeponderhoude is bestudeer, wat die navorser in staat gestel het om data te sif en sodoende patrone of kategorieë te identifiseer.
- Identifisering van kategorieë, temas en patrone – Tydens hierdie stap het die navorser die data georganiseer in patrone, kategorieë en temas.
- Kodering van data – Die navorser het tydens hierdie stap gebruik gemaak van kleurkodering in die organisering van die geïdentifiseerde patrone, kategorieë en temas.
- Toets van voortspruitende gevolgtrekkings – Tydens hierdie stap het die navorser ondersoek ingestel na die toepaslikheid en implementering van die gekodeerde data in die bereiking van die doelstelling en doelwitte.
- Ondersoek na moontlike alternatiewe – Tydens hierdie stap het die navorser gefokus op die kritiese evaluering van alternatiewe.
- Skryf van die verslag – Tydens hierdie finale stap het die navorser die bevindinge van die ingesamelde data skriftelik in die vorm van ŉ navorsingsverslag weergegee.

#### *1.5.1.5 Stap 5: Bepaling van doelstelling en doelwitte*

Fawcett *et al.* (in De Vos, 2005:398) beskou die **doelstelling** as die oorhoofse uitkoms van die studie – dit gee dus ŉ breë aanduiding van wat die navorser hoop om met die studie te bereik. Die navorsingsdoelstelling van hierdie intervensiestudie was die daarstel van Gestaltriglyne ter ondersteuning van ouers in die hantering van hulle eiesinnige kleuter.

Fawcett *et al.* (in De Vos, 2005:398) beklemtoon voorts die belangrikheid van goeie data-analise in die identifisering van spesifieke probleme en behoeftes en die daarstelling van spesifieke doelwitte. Hierdie **doelwitte** impliseer duidelike stappe, metodes en intervensies wat gevolg moes word om die oorhoofse doelstelling of verwagte uitkomste te bereik. Volgens Fouché (2002:17) impliseer doelwitte altyd die spesifieke verandering in die proses wat plaasvind ten einde die oorhoofse doelstelling te bereik.

Die doelwitte van hierdie intervensiestudie was as volg:

- om bestaande literatuur te bestudeer (sien 1.5.2.1)

- om natuurlike voorbeelde te bestudeer (sien 1.5.2.2)
- om funksionele elemente van suksesvolle modelle te identifiseer (sien 1.5.2.3)
- om ŉ waarnemingsisteem te ontwikkel (sien 1.5.3.1)
- om prosedures vir die intervensie te spesifiseer (sien 1.5.3.2)
- om ŉ prototipe te ontwikkel (sien 1.5.4.1).

### 1.5.2 Fase 2 : Insameling en sintese van data

Fase 2 van die D & D-model behels die **insameling en sintese van data**. Om tyd, kostes en moeite te bespaar, wys De Vos (2005:398) daarop dat die navorser moet bepaal watter navorsing reeds oor die betrokke probleem gedoen is, asook watter nuwe bronne benut kan word ten einde die probleem beter te verstaan en meer effektief te hanteer. Die rede hiervoor is sodat "die wiel nie van vooraf uitgevind moet word nie" (Fawcett *et al.* in De Vos, 2005:398). Waardevolle bronne van inligting wat benut kan word, sluit literatuur, navorsingsdokumente van bestaande en soortgelyke studies en die insig en bydraes van ander en verwante dissiplines en kundiges in.

Binne Fase 2 van die D & D-intervensiemodel is daar drie stappe wat die volgende behels:

Stap 1 – Bestudering van bestaande literatuur
Stap 2 – Bestudering van natuurlike voorbeelde
Stap 3 – Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle.

#### *1.5.2.1 Stap 1: Bestudering van bestaande literatuur*

Lourens (2004:20) is van mening dat ŉ literatuurstudie die navorser die geleentheid bied om vertroud te raak met die onderwerp, ŉ toepaslike navorsingsprobleem te formuleer en die uitgangspunte van vorige navorsing te bepaal. Die literatuurstudie kan ook leemtes binne die bestaande literatuur identifiseer en bewyse in die bestaande akademiese diskoers vind waarom die voorgenome studie relevant en nodig is.

De Vos (2005:399) wys egter daarop dat sosiale probleme wyer strek en nie beperk is tot slegs een sosiale dissipline nie. Inteendeel, intervensienavorsing vereis dat die navorser interdissiplinêr sal kyk na literatuur om te verseker dat ŉ breë en verteenwoordigende literatuuroorsig die onderwerp maksimaal ondersteun en belig.

Vir die doel van hierdie intervensiestudie het die navorser soortgelyke studies vanuit verskeie sosiale dissiplines bestudeer, insluitend joernale en tersaaklike vaktydskrifte. Relevante literatuur rakende die kleuter in die algemeen, die eiesinnige kleuter, ontwikkelingsteorieë, sosiologie, spelterapie en die Gestaltbenadering is ook bestudeer. Klassieke werke, onder andere Yontef (1993) se *Awareness, Dialogue and Process*, Turecki (1994) se *The emotional problems of normal children* en Erikson (1995) se *Childhood and Society* is ook benut. Turecki word beskou as een van die eerste skrywers wat die benaming "*strong willed child*" gebruik het en insig probeer verskaf het rondom die kenmerke en hantering van die eiesinnige kind (Vergelyk Bee & Boyd, 2007:246).

*1.5.2.2 Stap 2: Bestudering van natuurlike voorbeelde*

De Vos (2005:399) wys op die waardevolle insette wat kundiges en individue wat ondervinding van die probleem het, kan lewer tot die keuse en saamstel van ŉ intervensiestrategie. Volgens Creswell (1998:98) bring kundiges objektiwiteit, ervaring, kennis van die onderwerp en kennis van vorige intervensies na die navorsingstafel.

Aspekte waarop daar gefokus is, sluit in:

- Wat die betrokke kundiges se kennis en ervaring is rakende die eiesinnige kleuter.
- Watter behoeftes ouers identifiseer rakende die hantering van hierdie kleuters.
- Watter implikasies die gedrag van die eiesinnige kleuter het, indien enige.
- Watter strategieë/bestaande programme kundiges in plek het om ouers te ondersteun en te bemagtig.
- Watter terugvoering ouers gee rakende die sukses van hierdie strategieë en programme.
- Watter leemtes en behoeftes kundiges identifiseer in die beskikbaarheid van bestaande ondersteuningstrategieë.

Die objektiewe beeld en ondervinding van kundiges op hierdie gebied, tesame met die funksionele elemente van bestaande modelle, is gebruik in die samestelling van Gestalthanteringsriglyne vir ouers van ŉ eiesinnige kleuter.

Die volgende kundiges is gekonsulteer:

- Anne Cawood – Geregistreerde maatskaplike werker in privaatpraktyk en skrywer van *Kinders moet grense hê*. Me. Cawood is al vir meer as 23 jaar betrokke by ouerleidings-kursusse, maar fokus die afgelope paar jaar onder andere op die "moeilike" kind en
- Cornel van Merwe – Kliniese sielkundige in privaatpraktyk wat hoofsaaklik op kinders binne die kleuterfase konsentreer. Navrae rakende die eiesinnige kleuter het toegeneem, daarom konsentreer sy baie op hanteringsmetodes vir ouers.

*1.5.2.3 Stap 3: Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle*

De Vos (2005:400) stel voor dat vorige modelle van intervensie bestudeer moet word om te bepaal watter riglyne geïmplementeer is om verandering te bring en die uitkomste te behaal. Fawcett *et al.* (in De Vos, 2005:399) meld in hierdie verband dat die bestudering van vorige onsuksesvolle intervensies ook van groot waarde kan wees, aangesien daaruit bepaal kan word watter strategieë en intervensies onsuksesvol was en watter elemente van kritiese belang is om die uitkomste te behaal.

Die navorser het deur ŉ uitgebreide literatuuroorsig bepaal:

- of daar enige bestaande intervensieprogramme of strategieë is wat riglyne verskaf in die hantering van die eiesinnige kleuter
- of hierdie programme ten doel het om ouers te bemagtig, konflik te verminder en die ouer-kindverhouding te verbeter
- of daar soortgelyke programme of strategieë vanuit ander dissiplines, insluitend Gestalt, bestaan.

Die sintese van al hierdie data het bygedra tot die ontwerp en ontwikkeling van ŉ intervensie, naamlik Gestalthanteringsriglyne vir ouers van die eiesinnige kleuter met die doel om ouers te bemagtig, die magstryd te verminder en die ouer-kindverhouding te verbeter.

1.5.3 Fase 3: Ontwerp

Fase 3 van die D & D-model, is die **Ontwerpfase**. Hierdie fase bestaan uit twee stappe:

Stap 1 – Ontwikkeling van ŉ waarnemingsisteem
Stap 2 – Spesifisering van prosedures vir die intervensie.

*1.5.3.1 Stap 1: Ontwikkeling van ŉ waarnemingsisteem*

De Vos (2005:400) wys daarop dat die ontwerp en ontwikkeling van die finale intervensie voorafgegaan word deur ŉ waarnemingsisteem, aangesien die waarnemingsisteem dien as terugvoering aangaande die doeltreffendheid en effektiwiteit van die prototipes. Vir die doel van hierdie studie is ŉ waarnemingsisteem in die vorm van waarnemingslyste (*recording sheets)* vanuit die literatuur, sowel as funksionele elemente van vorige modelle ontwikkel. Hierdie waarnemingsisteem sal deur die respondente self voltooi word, aangesien hulle op ŉ daaglikse basis kontak het met hul eiesinnige kleuter en die navorser nie altyd in die posisie is om die observasie te kan doen nie.

De Vos (2005:400) beskou so ŉ waarnemingsisteem as ŉ ongeforseerde, natuurlike observasie van die tersaaklike probleem. Dit is baie waardevol, aangesien dit probleemareas en tekortkominge uitwys, die belangrikste vraagstukke identifiseer en die omvang van die probleem bepaal.

*1.5.3.2 Stap 2: Spesifisering van prosedures vir die intervensie*

De Vos (2005:4019) definieer hierdie stap as ŉ gedetailleerde uiteensetting van die voorwaardes wat in plek moet wees vir die korrekte en effektiewe toepassing van die spesifieke intervensie. Hierdie prosedures/ werkswyse moet gespesifiseer wees, sodat die intervensie deur persone in ander hulpverlenende professies gebruik kan word.

Die spesifieke werkswyse wat in plek moet wees vir die implementering van Gestaltriglyne ter ondersteuning van ouers in die hantering van die eiesinnige kleuter, sluit in dat die aanbieder van die program:

- ŉ professionele fasiliteerder moet wees wat ŉ basiese kennis en agtergrond van Gestalt het
- kennis en ondervinding het om as fasiliteerder te kan optree
- kennis het van Gestaltgroepwerk
- kennis en begrip het van die eiesinnige kleuter.

Hierdie voorgestelde werkswyse vorm deel van die finale ondersoek en sal korreleer met die doelstelling van die studie, aldus De Vos (2005:401).

### 1.5.4 Fase 4: Vroeë ontwerp en ontwikkeling

Fase 4 van die D & D-model is die **ontwerp en ontwikkeling van ʼn prototipe of voorlopige intervensiemodel**. Thomas (in De Vos, 2005:401) beskou hierdie fase as die proses waar die beplande intervensie of prototipe op ʼn toetsbasis geïmplementeer word. Tydens die fase word getoets of die prototipe voldoen aan al die vereistes wat noodsaaklik is om die beplande uitkomste te behaal, en of aanpassings en verfyning nodig is. Vir die doel van hierdie studie is voorlopige Gestalthanteringsriglyne ontwerp en ontwikkel.

In Fase 4 is slegs Stap 1, naamlik die ontwikkeling van ʼn prototipe voltooi, aangesien hierdie ʼn studie van beperkte omvang was.

#### *1.5.4.1 Stap 1: Ontwikkeling van ʼn prototipe*

Gestalthanteringsriglyne vir ouers van die eiesinnige kleuter is ontwikkel deur die gebruik en analisering van alle ingesamelde data, ʼn omvattende literatuurstudie, gesprekke en voorstelle van kundiges en die gebruik van funksionele elemente uit soortgelyke studies en programme.

## 1.6 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE

De Vos (in Smit, 2004:17) beskou konsepte as die verdeling van daaglikse persepsies in kleiner, verteerbare en hanteerbare porsies, sodat die betekenis daarvan duidelik is en dit korrek toegepas en gebruik kan word. Binne navorsingsverband sal die definiëring van die hoofkonsepte beteken dat die navorser seker wil maak dat beide leser en navorser dieselfde betekenis en inhoud heg aan die konsepte wat gebruik word in die beplande studie.

### 1.6.1 Eiesinnig

Vir die doel van hierdie studie sal die term eiesinnig verwys na ʼn persoon met ʼn buitengewone sterk wil. Die term "*strong willed child*" of "*spirited child*" sal dus verwys na die eiesinnige kind.

Soos reeds vermeld in 1.2 beskou Kurcinka (2006:1) die woord "meer" as die onderskeidende faktor tussen die "normale" kind en die kind "met ʼn sterk wil". Sy sien die eiesinnige kind as ʼn normale kind wat meer hardkoppig is, meer emosionele uitbarstings het, meer jaloers is, meer sensitief is, meer aktief is en meer buierig as ander kinders.

Forehand en Long (2002:8) definieer eiesinnig as "'n sterk sin vir onafhanklikheid, baie koppig en baie uitdagend". Pickhardt (2 005:1) stel dit as volg: "*A strong willed child is a child who occasionally or continually expresses a high degree of willfulness – that is the power of self-determination to direct, to persist, to resist and to prevail*".

1.6.2 Kleuter

Vir die doel van hierdie studie sal kleuter gedefinieer word as alle kinders vanaf die ouderdom van drie jaar tot en met die ouderdom van ses jaar, met die spesifieke en eiesoortige ontwikkelingskenmerke van hierdie stadium. Dit stem ooreen met Erikson se "voorskoolse fase" en Piaget se "pre-operasionele fase" (Vergelyk Bee & Boyd, 2007: 260-265).

Louw *et al.* (1998: 4) wys daarop dat elke ontwikkelingsfase eiesoortige en spesifieke kenmerke het wat oor al die ontwikkelingsterreine strek, gesien in die lig dat ontwikkeling gesien word as die geleidelike waarneembare verandering en beweging van die kind-in-totaliteit in die rigting van toereikende volwassenheid. Cawood (2007:95) definieer kleuters as kinders tussen drie jaar en ses jaar. Cawood beskou hierdie fase as 'n kritieke fase vir die versterking van 'n positiewe selfwaarde.

1.6.3 Temperament

In die klassieke werk *The emotional problems of normal children* van Turecki (1994:100) word temperament gedefinieer as die natuurlike, aangebore gedragstyl van elke individu. Dit is die HOE van gedrag en nie die HOEKOM nie. Hierdie gedrag is aangebore en word nie deur die omgewing bepaal nie. Die omgewing (ouers, verhoudings, omstandighede en gebeure) kan temperament beïnvloed en daarmee in wisselwerking tree, maar dit is nie die oorsaak van temperamentele kenmerke nie.

Berk (2003:408) beskou temperament as die konsekwente, individuele verskille in die intensiteit en kwaliteit van die individu se emosionele reaksie, aktiwiteits- en aandagvlak en vermoë tot self-regulering. Dit bly dieselfde in alle situasies en onder alle omstandighede (Vergelyk Bee & Boyd, 2007:250). Vir die doel van hierdie studie sal temperament verwys na die natuurlike, aangebore gedragstyl wat 'n invloed het op 'n persoon se manier van reageer.

### 1.6.4 Gedrag

Volgens Cawood (2007:32) is gedrag die "optrede" of uitvoeringsagent van temperament. Dit is die waarneembare wyse van optree, reageer (verbaal en nie-verbaal) en handel op enige gebeurtenis of situasie. Gedrag, anders as temperament, kan beheer of verander word deur 'n bewuste keuse. Forehand en Long (2002:11) is van mening dat gedrag verwys na dit wat 'n persoon doen, soos bepaal deur daardie persoon se temperament.

Vir die doel van hierdie studie sal gedrag dus verwys na die wyse waarop die kleuter handel, optree en reageer, verbaal en nie-verbaal.

### 1.6.5 Ouerskapstyl

Volgens Louw *et al.* (1998:368) verwys ouerskapstyl na die wyse of manier waarop ouers hulle kinders grootmaak, soos bepaal deur die ouer se temperament. Pickhardt (2005:71) beskou ouerskapstyl as die "wat en hoe" van ouer-kindinteraksie – wat wil ek bereik met hierdie situasie en hoe gaan ek dit bereik? MacKenzie (2001:42) sien ouerskapstyl as die spesifieke benadering wat ouers volg om huishoudelike en sosiale reëls aan hul kinders oor te dra. Vir die doel van hierdie studie sal ouerskapstyl verwys na die spesifieke manier, soos bepaal deur die ouer se temperament, waarop ouers hul kinders grootmaak.

### 1.6.6 Magstryd

Pickhardt (2005:81) is van mening dat 'n magstryd by beide ouer en kind gaan oor beheer en die gedrag en optrede waartoe beide partye hulle sal wend om die "beherende mag" te behou. 'n Magstryd handel dikwels oor onbenullighede en die doel is nie soseer om die gedrag te verander nie, as wat dit is om nie die beheer te verloor nie. Forehand en Long (2002:8) definieer magstryd as die negatiewe sirkel waarbinne beide ouer en kind as die wenner van die situasie probeer tree, dikwels oor onbenullighede. Binne die konteks van hierdie studie verwys magstryd na die voortdurende konflik tussen ouers en hul eiesinnige kleuter.

### 1.6.7 Gestaltbenadering

Blom (2000:173) beskou die Gestaltbenadering as ŉ eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering met die klem op die verkryging van ŉ bewustheid van die voortdurende wisselwerking en interafhanklikheid tussen die mens en sy omgewing in die hier-en-nou. Die individu raak dus bewus van keuses wat hy kan maak ten opsigte van sy gedrag.

Clarkson (2002:1) beskou die Gestaltbenadering as die wyse waarop persone hulle eie vorm, patroon en totaliteit ervaar, ontdek en ervaar. Die doel van Gestalt is die totale integrasie, ontdekking, bewustheid en ryping van al die dele om die geheel te vorm, sonder dat die geheel bloot gesien word as die somtotaal van die dele.

Yontef (1993:203) wys daarop dat bewustheid altyd verhoudingsverwant is: die verhouding van die individu met ander en met sy omgewing en dat verandering slegs sal plaasvind indien ŉ persoon bewus is van die aard en inhoud van die self, in verhouding met ander en die omgewing. Vir die doel van hierdie studie sal daar dus gefokus word op toepaslike Gestaltkonsepte wat sal lei tot ŉ verhoogde bewustheid by die ouers van ŉ eiesinnige kleuter, sodat die ouer die kind beter sal verstaan en die verhouding tussen ouer en kind sal verbeter.

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik gefokus op die **projekbeplanning** van **Fase 1.** Die voltooiing van stappe een en twee, naamlik **identifisering en betrek van respondente** en **verkryging van toegang tot en samewerking van respondente** (sien 1.5.1.1 en 1.5.1.2) het ŉ duidelike uiteensetting verskaf van hoe die navorser beplan om die studie uit te voer, sodat die uitkomste bereik kon word en die beoogde intervensie ontwikkel en geïmplementeer kon word. In die volgende hoofstuk sal die empiriese bevindinge van hierdie studie bespreek word.

# HOOFSTUK 2

# EMPIRIESE BEVINDINGS

## 2.1 INLEIDING

Die navorser het beoog om met hierdie intervensienavorsing Gestalthanteringsriglyne te verskaf aan die ouers van die eiesinnige kleuter, met die doel om ouers te bemagtig ten opsigte van die hantering van hul eiesinnige kleuter. Die navorser het gebruik gemaak van die D & D-model van Rothman en Thomas. In die vorige hoofstuk is die **projekbeplanning** van **Fase 1** bespreek met spesifieke fokus op die volgende twee stappe van hierdie fase, naamlik **identifisering en betrek van respondente** en **verkryging van toegang tot en samewerking van respondente** (sien 1.5.1.1 en 1.5.1.2). Die oorblywende stappe van **Fase 1**, naamlik die **behoeftebepaling van die populasie, analisering van die geïdentifiseerde probleme** en die **bepaling van die doelstelling en doelwitte** (sien 1.5.1.3, 1.5.1.4 en 1.5.1.5) sal vervolgens bespreek word. Genoemde twee stappe het ook die empiriese gedeelte van die studie uitgemaak.

## 2.2 IDENTIFISERING EN ANALISERING VAN POPULASIE SE PROBLEME EN BEHOEFTES

Die identifisering en analisering van die probleme en behoeftes van die populasie vorm 'n integrale deel van die empiriese bevindinge van hierdie intervensienavorsing en was instrumenteel in die uitwys van bestaande verhoudings- en hanteringsprobleme binne 'n gesin met 'n eiesinnige kleuter. Respondente is by wyse van 'n doelgerigte steekproef geïdentifiseer (sien 1.5.1.1*).* Die feit dat hierdie intervensiestudie vanuit 'n kwalitatiewe benadering onderneem is, het verseker dat die data 'n natuurlike, ongeforseerde en in-diepte beeld gegee het van die mens in konteks (Vergelyk Babbie, 2004:281).

Ten einde ȁn behoeftebepaling van die populasie te doen, is 'n ongestruktureerde onderhoudskedule gebruik om die empiriese data van die twee fokusgroepe bestaande uit vier ouerpare elk te bekom. Volgens Babbie (2004:281) behels 'n ongestruktureerde onderhoudskedule dat die navorser met 'n "skoon blad" na die onderhoudsituasie gaan, sodat 'n in-diepte kennis van mense se belewenisse, ervarings en opinies bekom kan word (sien 1.5.1.3). Insette van die respondente het die onderhoud in ȁn spesifieke rigting gestuur en die navorser was deurgaans ontvanklik vir insette en opinies van die respondente. Die fokusgroepe het 'n groot hoeveelheid in-diepte data binne 'n kort periode

verskaf en was effektief deurdat respondente vooraf ingelig is rakende die verloop van die proses, sowel as die etiese kwessies rondom deelname aan só 'n groep. Veldnotas en waarneming het deel uitgemaak van die data-insamelingsproses (sien 1.5.1.3).

Die volgende stap van die eerste fase van hierdie intervensiestudie was die analisering van die geïdentifiseerde probleme van die populasie (sien 1.5.1.4). Die gebruik van Creswell se **spiraal van analise** (in De Vos, 2005:334), sowel as Fawcett *et al.* (in De Vos, 2005:397) se **sleutelvrae tot die organisering en ordening van die ingesamelde data**, het die navorser gehelp om respondente se belewing van die aard en omvang van die geïdentifiseerde probleme beter te begryp. Data wat deur die ongestruktureerde onderhoude met die twee fokusgroepe bekom is, is getranskribeer en in sleutelwoorde- en sinne georganiseer. Kleurkodering is gebruik om die sleutelwoorde- en sinne in kategorieë en afgemerkte eenhede te groepeer, wat vervolgens onder drie hooftemas bespreek word.


## 2.3 INDELING VAN GEÏDENTIFISEERDE PROBLEME ONDER HOOF- EN SUBTEMAS

Die volgende hooftemas is uit die empiriese data geïdentifiseer:

Hooftema 1: Respondente se emosionele ervaring en reaksie op hul eiesinnige kind se gedrag
Hooftema 2: Die hantering van die eiesinnige kleuter
Hooftema 3: Konflik as direkte uitvloeisel van die interaksie met die eiesinnige kleuter.

Elke hooftema, met die gepaardgaande subtemas en kategorieë sal vervolgens bespreek word.

**Figuur 2.1: Skematiese voorstelling van hooftema 1**



### 2.3.1 Hooftema 1: Respondente se emosionele ervaring en reaksie op hul eiesinnige kleuter se gedrag

“*Parents with a strong willed child seek help, not because they are searching for solutions to the problems that they are having with their child, but because they are emotionally wearing down from the consistent challenges that they face* “ (MacKenzie, 2001:vii).

Bogenoemde aanhaling uit MacKenzie staan sentraal in die emosionele ervaring en reaksie wat ouers het op hul eiesinnige kleuter se gedrag en vorm die basis van beide die verhouding, sowel as die wyse waarop ouers die kleuter hanteer. Dikwels het ouers 'n sogenaamde “ideale prentjie” van hulself as “ideale ouers” binne ҆n “ideale gesin” met “ideale kinders”. Meermale stem die ideale prentjie en die werklikheid nie ooreen nie en laat dit ouers onbevoeg en bekommerd voel dat hulle huidige hanteringsmetodes die ouer-kindverhouding sal skaad. Ouers voel ook skuldig oor hulle eie reaksie en gepaardgaande optrede teenoor hul eiesinnige kleuter (MacKenzie, 2001:24). Tereg wys Kurcinka (2006:10), soos reeds in 1.2 aangedui, daarop dat dit juis binne hierdie maalkolk van emosies is dat ouers vrae begin vrae soos:

- Is ek 'n slegte ouer?
- Is my kind normaal?
- Wat doen ek verkeerd?
- Is daar iets wat ek anders kan doen?
- Hoe kan ek my kind reg verstaan?
- Hoekom is my kind so?
- Ek weet nie meer watter kant toe nie!

Die volgende drie subtemas (sien figuur 2.1), naamlik onmiddellike emosionele ervaring en reaksie, sekondêre emosies en bykomende gevolge van onmiddellike emosionele ervaring en reaksie, is vanuit die empiriese bevindinge geïdentifiseer.

Hierdie subtemas en toepaslike kategorieë sal vervolgens bespreek word.

*2.3.1.1 Onmiddellike emosionele ervaring en reaksie*

Dit wil voorkom asof respondente se eerste emosionele ervaring en reaksie die "bloudruk" vorm van hul optrede teenoor hul eiesinnige kleuter. Dit korreleer met Kurcinka (2006:10) se standpunt dat ouers se onmiddellike reaksie teenoor die eiesinnige kleuter soms onbeheersd en uiters fel kan wees. Dit bring mee dat die ouer na afloop van die optrede ՚n gevoel van intense moegheid, mislukking en wanhopigheid ervaar.

Spesifieke kategorieë wat tydens die bespreking rondom respondente se onmiddellike emosionele ervarings en reaksie op hulle eiesinnige kleuter geïdentifiseer is, sluit in frustrasies, onmiddellike reaksie en handeling en gevoelens van onbevoegdheid.

Hierdie drie kategorieë sal vervolgens vanuit die empiriese bevindinge bespreek word.

- **Frustrasies**

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat hulle gefrustreerd voel in hul verhouding met hul eiesinnige kleuter. Die vernaamste redes vir hierdie gevoel van frustrasie lê in die voortdurende magstryd tussen die ouer se wil en die kleuter se wil, dit wil sê konfliksituasies.

Respondente dui aan dat hul kleuter uitdagend en hardkoppig is en dat dit 'n frustrerende, uitputtende en aanhoudende proses is om die kleuter se samewerking te kry "…sonder dat dit op ՚n bakleiery uitloop". Nog ՚n respondent wys daarop dat "…niks sonder ՚n stryd gebeur nie". Dit korreleer met Forehand en Long (2002:1) se stelling dat die voortdurende magstryd intense frustrasies tot gevolg het, ouers se emosies en optrede bepaal en die ouer-kindverhouding benadeel. Nege van die respondente het hul ervaring en siening van hul kleuter opgesom as "…een groot, nimmereindigende frustrasie". Respondente dui onder meer aan dat hulle in die kontak en hantering van hul eiesinnige kleuter die kleuter as volg ervaar: uitputtend, ontstellend, onvoorspelbaar, aanhoudend, uitdagend, hardkoppig, ooraktief, ongeduldig, selfgesentreerd en selfbejammerend. Hierdie ervarings van die respondente korreleer met Cawood (2007:120) se kriterialys van ouers se emosies en reaksie op eiesinnige gedrag (sien bylaag C) en Forehand en Long (2002:10) se aangepaste kriterialys van gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter (sien bylaag D).

Respondente se ervaring van vorige konfliksituasies met hul eiesinnige kleuter versterk hierdie emosie van frustrasie, aangesien respondente ervaar dat niks wat hulle doen, die konflik of magstryd "beter" maak nie. Die ervaring is eerder dat negatiewe emosies hierdeur versterk word. Respondente het ook aangedui dat die gevoel van frustrasie wat hulle teenoor hul kleuters ervaar, hulle ontstel, aangesien dit volgens hulle onvanpas en verkeerd is.

- **Onmiddellike reaksie en handeling**

Ten opsigte van die studie het vier van die respondente opgemerk dat hulle soms oombliklik kwaad is vir hulle eiesinnige kleuter en dat hierdie woede veroorsaak dat hulle dan grense en strafmaatreëls toepas wat nie oortredingsverwant is nie. Nog 'n respondent wys daarop dat sy soms nie die emosionele krag het om 'n konfliksituasie met haar eiesinnige kleuter deur die hele proses van onderhandeling te neem nie en dat sy maar "…oë toeknyp en die kleuter haar sin gee vir ŉ bietjie rus en vrede". Vanuit die respondente se opmerkings wil dit voorkom asof faktore soos fisiese moegheid, 'n harde dag by die werk, huiswerk van skoolgaande broers en susters waarmee respondente moet help, ander huistake wat nog afgehandel moet word en 'n gevoel van "…om oorlaai te wees", bepalend blyk te wees in respondente se onmiddellike ervaring en reaksie op hul eiesinnige kleuters.

Tien van die sestien respondente dui aan dat hulle eerste, onmiddellike optrede een van beheersde frustrasie en handeling is, alhoewel hulle voel asof hulle kan "onplof". Skuldgevoelens van vorige situasies bring mee dat respondente aanvanklik die konflik met die kleuter op 'n "mooi" manier wil hanteer. In ŉ konfliksituasie kan respondente se optrede soos volg daaruit sien:

- Die kleuter word aanvanklik mooi gevra om ŉ opdrag uit te voer, dan gewaarsku oor die moontlike konsekwensies indien die opdrag nie uitgevoer word nie, waarna die versoek en waarskuwing herhaal word. Wanneer die herhaalde waarskuwings nie "die gewenste reaksie" tot gevolg het nie, sal die ouer fel en met woede reageer deur lyfstraf, verbale vernedering en die ontneming van voorregte; òf
- Die oorgrote meerderheid respondente dui aan dat hulle soms die kleuter probeer "omkoop" of in 'n lang, uitgerekte onderhandeling gaan om 'n uitkoms te bewerkstellig wat vir beide ouer en kleuter aanvaarbaar is.

Van der Merwe (2008) wys daarop dat ouers dikwels laasgenoemde wyse van optrede kies, omdat hulle nie "ongewild" by hulle kinders wil wees nie. In dié verband merk Phelan (2004:363) op dat

ouers hulle "sukses" as ouers meet aan die afwesigheid van konflik en dat ouers dit moeilik vind om grense te implementeer wat ongewild is. In die geval van 'n eiesinnige kleuter is hierdie manier van optrede egter fataal. MacKenzie (2001:39) is van mening dat eiesinnige kinders aksie- of dadeleerders is, wat beteken dat hulle voortdurend konsekwente dade moet sien en ervaar, voordat hulle oortuig sal word dat ouers bedoel wat hulle sê. MacKenzie (2001: 86) gaan voort deur daarop te wys dat onderhandeling, herhaling, mooipraat en omkoop vir die eiesinnige kleuter beteken: "*I still have an option here*".

Gewortel in goeie bedoelings om ŉ volgende konfliksituasie "reg" te hanteer, wys respondente daarop dat dit 'n emosionele opbou veroorsaak wat intense gevoelens van frustrasie, magteloosheid en woede voed. In ŉ volgende konfliksituasie gee dit egter daartoe aanleiding dat die respondente oorgaan na hul bekende patroon van optrede, naamlik woede-uitbarstings, aangesien "mooipraat, onderhandel en omkoop" nie die gewenste reaksie gebring het nie. Twee respondente verwys daarna as "…'n prop wat afskiet!". In die verband wys Dobson (2005:55) daarop dat dit juis die ouers is wat die mééste angstig is om konflik en konfrontasie te vermy en wat hulself voorneem om nie ŉ woedeuitbarsting te hê nie, wat dikwels knak en oorgaan na die volgende reaksies en handelinge:

- skreeu op die kleuter
- woedeuitbarstings/ouer "ontplof"
- redeneer met die kleuter
- beskuldigings en verbale beledigings soos: "Jy is die oorsaak dat alles in ons huis altyd verkeerd is"
- fisiese rondpluk van kleuter, lyfstraf, ander onvanpaste strafmetodes
- dreigemente
- ignorering van kleuter
- algehele moedeloosheid en moegheid.

Respondente erken egter dat hierdie wyse van optrede hulle verder uitput en dreineer. Indien ouers reeds bogenoemde wyses van reaksie probeer het en dit nie die verwagte uitwerking het nie, laat dit hulle met geen verdere opsies nie. Die gevolg hiervan is ŉ gevoel van ontoereikendheid en onbevoegdheid. Ten opsigte hiervan is respondente bekommerd oor die langtermyneffek wat dit op die verhouding met hul kleuter kan hê. Dit word bevestig deur MacKenzie (2001:8) se standpunt dat ouers vrees dat die voortdurende konflik en magstryd emosionele skade kan veroorsaak wat die

ouer-kindverhouding nadelig kan beïnvloed. Vanuit die empiriese data blyk dit dat respondente hulle onmiddellike reaksie en gepaardgaande emosionele ervaring ten opsigte van hul eiesinnige kleuter as ontstellend, fel, skadelik, afbrekend en uitputtend ervaar.

■ **Gevoelens van onbevoegdheid**

Pickhardt (2005:8) wys daarop dat die sentrale vrae binne hierdie gevoel van onbevoegdheid die volgende is:

- Hoe moet ek my kind hanteer?
- Is ek 'n bevoegde ouer?

Uit die empiriese data blyk dit dat respondente se emosionele ervaring en belewenis 'n bose kringloop volg van frustrasies, gevolg deur sekere reaksies en handelinge en laastens 'n oorweldigende gevoel van onbevoegdheid en mislukking. Respondente skryf hierdie intense gevoelens van onbevoegdheid en mislukking toe aan hul gebrek aan kennis van eiesinnigheid, sowel as verkeerde hanteringsmetodes om hul kleuter “reg” te kan hanteer en om “onaanvaarbare gedrag” te verminder.

Forehand en Long (2002:100) wys daarop dat daar binne elke ouer se verwysingsraamwerk, ŉ definitiewe persepsie bestaan van wat aanváárbare en ónaanvaarbare gedrag is. Uit die empiriese data blyk dit dat respondente ŉ bevoegde ouer sien as iemand wie se kinders inskiklik is om opdragte uit te voer of die grense te handhaaf, sonder enige konflik of weerstand. In die lig hiervan is dit duidelik waarom die respondente oor die algemeen voel dat hulle onbevoegde ouers is, aangesien die vasstel van grense en die implementering van reëls gepaardgaan met konflik. Respondente is ook van mening dat hul onbevoegdheid hul eiesinnige kleuter ongelukkig maak en daarom verkies hulle om grense en reëls “aanvaarbaar en maklik” te maak. Dit korreleer duidelik met Phelan (2003:2) se stelling dat die moeilikste deel van ouerskap vir baie ouers die toepas van duidelike grense en dissipline is, aangesien die vaslegging daarvan dikwels met konflik gepaardgaan. Die navorser is verder van mening dat gevoelens van onbevoegdheid en mislukking direk gekoppel kan word aan respondente se persepsie van hulle onvermoë om die sogenaamde “onaanvaarbare gedrag” te beheer.

*2.3.1.2 Sekondêre emosies*

Die navorser is van mening dat respondente se onmiddellike emosies en reaksies (sien 2.3.1.1*)* sekondêre emosies soos skuldgevoelens, vrese, wrewel, gekrenktheid, teleurstelling en verwerping tot gevolg het. Dit bepaal weer grootliks hoe respondente oor hulself dink en gevolglik die kleuter ervaar en hanteer. Die empiriese data bevestig hierdie mening, deurdat respondente 'n onderskeid maak tussen hulle onmiddellike emosies en reaksie en die sekondêre emosies en reaksie wat daarop volg.

Dit wil egter voorkom asof respondente die sekondêre emosies veel erger ervaar as die onmiddellike uitbarsting, aangesien daar 'n kognitiewe bewustheid van handeling op hierdie vlak is en ouers gereeld daaroor tob en dit bedink. Tien van die respondente dui aan dat hulle gevoelens van intense hartseer en verlies ervaar, gewoonlik wanneer hulle sekondêre emosies soos skuldgevoelens, vrese en wrewel teenoor hul eiesinnige kleuter ervaar. Een respondent noem dat sy soms hartseer raak as sy dink wat haar kind eendag van haar sal onthou. In dié verband merk Kurcinka (2006:1) tereg op: "*...how does one describe that feeling of sliding from joy to exasperation in a split second, from recognizing that you have damaged beyond repair*".

Die kategorieë wat vanuit die subtemas geïdentifiseer is, naamlik skuldgevoelens, vrese en wrewel word vervolgens bespreek.

- **Skuldgevoelens**

Phelan (2003:189,190) wys daarop dat ouers skuldig voel oor die feit dat hulle as gevolg van die kind se waarneembare gedrag nie van hulle kinders hou nie. Twee respondentepare het die stelling bevestig deur te meld dat hulle lief is vir hulle kleuters, maar beslis nie altyd van hulle hou nie. In beide gevalle het die respondentepare daarop gewys dat hulle skuldig voel hieroor. MacKenzie (2001:24) sluit hierby aan deur op te merk dat ouers dikwels aandui dat hulle lief is vir hul eiesinnige kleuter, maar nie altyd van die kleuter hou nie.

Volgens die respondente gee hulle aanvanklike reaksie op die eiesinnige kleuter se optrede aanleiding daartoe dat hulle skuldig voel oor hulle optrede. Respondente voel dat hulle, as volwassenes, die situasie beter moes hanteer het. Dit korreleer met MacKenzie (2001:14) se stelling dat ouers voel dat dit hulle skuld is dat hulle kleuter met eiesinnige gedrag presenteer en dat hulle nie goeie ouers is nie. Turecki (1994:33) wys voorts daarop dat skuldgevoelens by ouers

dikwels spruit vanuit 'n gevoel dat hulle die kind op een of ander manier gefaal het. Twee vroulike respondente het in dié verband aangedui dat hulle skuldig voel omdat hulle 'n beroep beoefen en daarom nie genoeg tyd en aandag aan hul kleuter kan gee nie. Albei respondente dui ook aan dat hierdie skuldgevoelens die wyse waarop hul die kleuter hanteer, beïnvloed en dat dit daartoe bydra dat hulle nie altyd konsekwent is in hulle optrede en verwagting van die kleuter nie.

Respondente noem egter dat die skuldgevoelens wat hulle ervaar nie net beperk is tot hul eiesinnige kleuter nie, maar ook deursypel na hulle ander kinders wat blootgestel word aan die voortdurende konflik met die eiesinnige kleuter. Respondente is van mening dat heelwat energie, tyd en emosie spandeer word aan die hantering van die eiesinnige kleuter en dat die ander kinders in die gesin as gevolg hiervan afgeskeep word.

'n Belangrike punt wat egter uitgewys is deur die empiriese bevindinge, is die feit dat respondente later so gefokus is op die negatiewe gevoelens en ervarings, dat hulle nie meer in staat is om die positiewe in hul eiesinnige kleuter raak te sien nie. Respondente is bewus van hierdie tendens en dui aan dat dit verder bydra tot gevoelens van skuld en onbevoegdheid. Respondente is dit eens dat genoemde gevoelens meermale hulle optrede beïnvloed en daartoe bydra dat hulle nie konsekwent optree nie. In dié verband het een respondent daarop gewys dat sy tot só ’n mate skuldig voel na 'n uitval, dat sy die kleuter laat begaan om te doen wat hy wil. Phelan (2003: 18) sluit hierby aan deur op te merk dat skuldgevoelens dikwels veroorsaak dat ouers toelaat dat kinders hulle, teen hulle beterwete, manipuleer. Respondente het tydens die fokusgroepbesprekings ook melding gemaak van die skuldgevoelens wat hulle ervaar ten opsigte van hulle huweliksmaat, omdat gesprekke meestal beperk is tot strategieë om die eiesinnige kleuter reg te hanteer. Hierdie punt sal in detail bespreek word onder **hooftema 2.**

- **Vrese**

Vrees is nog 'n sekondêre emosie wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is. Turecki (1994:6) stel dit soos volg:

> Being a successful parent, means that children are happy and content. If not, WE as parents feel awful and underneath there is often considerable guilt, and underneath that... a lurking fear that something is seriously wrong and that we are responsible.

Respondente identifiseer die volgende vrese:

- dat hulle nie goeie ouers is nie en dat hulle verantwoordelik is vir hul kind se gedrag. Phelan (2005:8) wys daarop dat ouers dikwels twyfel oor hul bevoegdheid as ouers.
- dat hulle blywende emosionele skade kan veroorsaak. MacKenzie (2001:8) bevestig dat ouers vrees dat hulle kind langdurige emosionele skade sal opdoen weens die voortdurende konflik.
- dat die verkeerde hantering en voortdurende konflik die ouer-kindverhouding sal skaad en dat hulle eendag deur hulle kinders verwerp sal word. Forehand en Long (2002:1) beklemtoon die feit dat ouers hulp en ondersteuning kom vra, juis omdat hulle hoop dat dit 'n verbetering sal bring in die ouer-kindverhouding.
- dat die negatiewe gedragseienskappe sal vererger hoe ouer die kleuter word en dat dit al hoe moeiliker sal raak om hul kleuter te beheer, te verstaan en te hanteer. Foreman en Long (2002:11), sowel as Kurcinka (2006:10) bevestig dat hierdie 'n prominente vrees is wat ouers met 'n eiesinnige kleuter dikwels opper, terwyl Pickhardt (2005:228) daarop wys dat gedragsprobleme tydens die kleuterfase dikwels oorgedra word na die volgende ontwikkelingsfase.
- dat negatiewe en slegte ervarings met hulle eie ouers onbewustelik oorgedra sal word na hulle verhouding met hul eie kind. Drie respondente het onder meer aangedui dat hulle vrees dat hulle soos hul eie ouers gaan wees. Turecki (1994:120) is van mening dat ouers se agtergrond en ervaring van hul eie ouers 'n besliste rol speel in die wyse waarop hierdie ouers hul kinders sal hanteer en die lens word waardeur hulle na hul eie kinders kyk.
- dat hulle kleuter abnormaal is. In dié verband het twee respondente genoem dat hulle eiesinnige kleuter se gedrag abnormaal voorkom en dat hulle bang is dat die kleuter een of ander persoonlikheidsgebrek het. Turecki (1994:18-24) bevestig hierdie vrese deur te noem dat ouers dikwels wonder of hulle eiesinnige kind abnormaal is of dalk aan een of ander psigiese afwyking ly.

Veertien van die sestien respondente het aangedui dat genoemde vrese 'n definitiewe invloed het op die manier waarop hulle hul kleuter hanteer, hoe hulle oor hul bevoegdheid as ouer voel, asook die wyse waarop hulle grense stel en dit handhaaf. Een respondent het spesifiek aangedui dat sommige van bogenoemde vrese haar gesonde oordeel beïnvloed en tot gevolg het dat sy inkonsekwent optree.

- **Wrewel**

Die empiriese bevindinge toon aan dat die meeste van die respondente vanweë hulle emosionele ervarings sekondêre emosies van wrewel en gekrenktheid ervaar. Dit spruit voort uit die feit dat respondente ervaar dat hulle eiesinnige kleuters nooit met enigiets tevrede is nie. Pogings van die ouers om verrassings en ander aangename aktiwiteite te reël, word sonder enige dankbaarheid of erkenning aanvaar en is dikwels die oorsaak van onaangenaamheid. Emosies van wrewel en gekrenktheid gee verder aanleiding tot ander gevoelens soos teleurstelling en verwerping.

*2.3.1.3 Bykomende gevolge van onmiddellike emosionele ervaring en reaksie*

Respondente is dit almal eens dat die onmiddellike emosies en reaksies (sien 2.3.1.1), ondersteun deur sekondêre emosies (sien 2.3.1.2), bykomende gevolge het. Vir die doel van hierdie studie sal die volgende bykomende gevolge, naamlik grense en afwaartse emosionele spiraal, vervolgens bespreek word.

- **Grense**

Respondente se stryd om konsekwente grense te stel, blyk grootliks toegeskryf te word aan die interne konflik wat ervaar word jeens die korrekte en gepaste optrede teenoor hulle eiesinnige kleuter tydens konfliksituasies. In dié verband blyk dit veral sekondêre emosies te wees wat ʼn bepalende rol speel in die tipe grense wat respondente vir hulle eiesinnige kleuter stel. Sekondêre emosies soos skuldgevoelens en vrese veroorsaak dat respondente oorkompenseer deur grense vaag te maak, sodat bykans enigiets vir die kleuter toelaatbaar is. Volgens MacKenzie (2001:77-91) word vae, onderhandelbare grense geskep deurdat ouers met die kleuter onderhandel, sekere versoeke rig, te veel keuses gee, die kleuter omkoop, 'n onduidelike opdrag gee en 'n bepaalde oortreding ignoreer. Ander sekondêre emosies soos wrewel, gekrenktheid, teleurstelling en verwerping veroorsaak egter weer dat ouers geneig sal wees om die grense te ferm te maak en die kind op 'n outokratiese manier te probeer dwing om iets te doen. Grense wat te ferm is, het ten doel om die eiesinnige kleuter 'n “les te leer” en die ouer se beheer oor die kind te bevestig (MacKenzie, 2001:47). Timoney (in Brink, 2006:33) wys egter daarop dat ouers te alle tye dieselfde grense en reëls behoort te handhaaf. In die geval van die eiesinnige kleuter beteken één keer se inkonsekwente optrede en wysiging van grense dat daar altyd en elke keer oor alle reëls onderhandel kan word (MacKenzie, 2001:79).

Twaalf van die sestien respondente het aangedui dat hulle bewus is daarvan dat hulle grense as gevolg van hulle emosies en reaksies soms te vaag en soms te ferm is. Al die respondente het aangedui dat hierdie voortdurende wisseling van grense 'n nadelige uitwerking het op hul vermoë om hulle kinders te hanteer en te dissiplineer. Kleuters is volgens Piaget (in Papalia, 2002:29, 30) konkrete leerders en optimale leer geskied juis deur dit wat hulle waarneem en sensories ervaar. Dit korreleer met MacKenzie (2001:47) se standpunt dat die eiesinnige kleuter leer deur dit wat hy sien en dat woorde wat nie deur konsekwente dade gevolg word nie, betekenisloos is. Vae, buigsame en inkonsekwente grense sal dus oneffektief wees in die hantering van die eiesinnige kleuter.

Die navorser is van mening dat respondente dikwels huiwer om ferm grense te stel, aangesien dit gepaardgaan met weerstand. Respondente is ook bang om ongewild by hulle kinders te wees en sal derhalwe eerder die grense te vaag maak. Volgens MacKenzie (2001:86) beteken hierdie onsekerheid by ouers dat die kleuter soos volg redeneer: "*I still have a choice. I don't really have to do it if I don't want to*".


- **Afwaartse emosionele spiraal**

Die empiriese bevindinge toon dat namate respondente onder die indruk kom van hulle "oneffektiewe" hanteringsmetodes, dit tot 'n afwaartse emosionele spiraal lei. Respondente dui aan dat gevoelens van onbevoegdheid, mislukking en oneffektiwiteit verhoog word en dat dit emosies soos frustrasies, moegheid, afgeremdheid, woede, skuldgevoelens, vrese en wrewel laat eskaleer. Respondente wys ook daarop dat die afwaartse emosionele spiraal daartoe bydra dat hulle later net daarop uit is om fout te vind by hul kleuter en nie meer enige positiewe eienskappe kan raaksien nie. Een respondent stel dit soos volg:

> Om die ouer van 'n eiesinnige kleuter te wees, beteken dat jou eie emosies wissel van totale vreugde na totale moedeloosheid, binne sekondes, elke dag, tien keer per dag. Dit is 'n uitputtende en ondankbare werk, maar ek verruil dit vir niks in die wêreld nie.

Cawood (2007:119) sluit hierby aan deur op te merk "…dat ouers se emosies 'n toenemende afwaartse spiraal toon - met gevoelens van wanhoop en mislukking en 'n al groter gebrek aan vermoë – of selfs die wil - om die situasie die hoof te bied".

**Figuur 2.2: Skematiese voorstelling van hooftema 2**



### 2.3.2 Hooftema 2: Die hantering van die eiesinnige kleuter

Die tweede hooftema wat vanuit die empiriese bevindinge verkry is, is die **hantering van die eiesinnige kleuter**. Die volgende vier subtemas (sien figuur 2.2), naamlik huidige, oneffektiewe hanteringsmetodes, moontlike redes vir respondente se verskillende hanteringsmetodes, gevolge van die verskillende hanteringsmetodes en die hanteringsbehoeftes van respondente, is vanuit die empiriese bevindinge geïdentifiseer.

Hierdie subtemas en toepaslike kategorieë sal vervolgens bespreek word.

#### *2.3.2.1 Huidige, oneffektiewe hanteringsmetodes*

> *"The problem, in most cases, is not the parents. The problem is not the child either. The real problem is a bad match between the child's temperament and the parents' discipline methods – the tools are not well suited for the job"* (MacKenzie, 2001:3,4).

Turecki (1994:12) ondersteun hierdie aanhaling deur die volgende stelling te maak: *"If the last methods you used is not effective, the last thing needed is more of the same"*.

Uit die empiriese bevindinge blyk dit duidelik dat respondente sterk voel oor die feit dat hulle huidige hanteringsmetodes oneffektief is en net bydra tot verdere konflik en sekondêre emosies soos skuld, vrees en wrewel. Een respondent het as gevolg hiervan die besluit geneem om: "…dinge maar te laat gaan, want sy is nie lus vir die bakleiery, huilery en woedeaanvalle nie". Ses van die respondente het onder meer aangedui dat hulle graag alternatiewe hanteringsmetodes wil hê, aangesien hulle huidige metodes oneffektief blyk te wees. Een respondent het in desperaatheid opgemerk dat sy haar hande in die lug gooi: "…want sy weet nie meer hoe nie".

Die volgende oneffektiewe hanteringsmetodes is vanuit die data as kategorieë geïdentifiseer, naamlik respondente verskil, positiewe versterkingstrik, negatiewe versterkingstrik, dwangmaatreëls (*coercive methods*) en oneffektiewe probleemoplossing.

Hierdie vyf kategorieë sal vervolgens bespreek word.

- **Respondente verskil**

Dit blyk uit die ingesamelde data dat daar by al agt die respondentepare 'n verskil is in die wyse waarop die pa en die ma die eiesinnige kleuter ervaar en hanteer. Al sestien respondente is dit eens dat die grense wat die een ouer stel, nie ooreenstem met die grense van die ander ouer nie. Volgens Gaultiere (in Stoop & Stoop, 2004:242) kom dit daarop neer dat: "*...maybe one parent is giving love without limits and the other parent is giving love as the cold, hard truth*". In effek beteken dit dus dat daar in een huis twee stelle reëls is, waarsku MacKenzie (2001:91).

Een respondentepaar het spesifiek opgemerk dat hulle glad nie saamstem oor die wyse van hantering van hulle eiesinnige kleuter nie. Die vroulike respondent het genoem dat haar man soos Hitler optree en omdat sy hulle kleuter baie jammer kry, sy soms een of ander opmerking sal maak wanneer hy onregverdig is. Volgens haar eggenoot skroom sy egter nie om in die teenwoordigheid van hul kinders van hom te verskil nie.

By veertien van die sestien respondentepare het die ma 'n sagter, meer buigsame en inkonsekwente wyse van hantering gevolg, terwyl die pa die kleuter ferm en meer konsekwent hanteer. By twee van die respondentepare was die ma die fermer ouer, terwyl die pa gevoel het dat die oortreding of gedrag van die kleuter nie so erg was as wat die ma dit ervaar nie. Vanuit die empiriese data het dit egter geblyk dat dit die ma is wat worstel met sekondêre emosies soos skuldgevoelens, vrees en wrewel.

Die verskille in hantering word ook in die literatuur bespreek. Turecki (1994:26) stem saam dat daar 'n definitiewe verskil is in die pa en die ma se hantering van die kind en dat die ma dikwels haarself blameer vir die kind se ongewenste gedrag. Hierdie verskille lei meermale daartoe dat die onderskeie ouers selfkrities en selfbejammerend is, aangesien dit lyk of die kleuter 'n beter verhouding met die minder streng en meer buigsame ouer het.

'n Belangrike aspek waarmee al die respondente saamgestem het, is die feit dat die verskille in hantering oneffektief is en 'n negatiewe uitwerking het op almal in die gesin. Forehand en Long (2002:163) sluit hierby aan deur daarop te wys dat: "*The interaction and relationship between a father and a mother has a profound impact on a child*".

- **Positiewe versterkingstrik**

Skinner (in Weiten, 2002:183) definieer positiewe gedragsversterking soos volg: *"Positive reinforcement occurs when a response is strengthened because it is followed by the presentation of a rewarding stimulus"*. Die ouer se beloning van die kleuter se onaanvaarbare gedrag ten einde konflik te vermy, maar wat 'n positiewe gevolg vir die kleuter het, word deur Forehand en Long (2002:20) as 'n positiewe versterkingstrik gesien. Voorbeelde van tipes onaanvaarbare gedrag wat deur respondente geïdentifiseer is sluit in: woedeaanvalle (Engels: *tantrums*) in 'n winkel, die respondent in die rede val, die verwagting dat die respondent onmiddellike aandag moet gee aan die kleuter se behoeftes al is die respondent in gesprek met iemand, om telkens op te staan as die kleuter in die nag roep en die gee van lekkers terwyl die respondent op die telefoon praat. Respondente sal byvoorbeeld lekkers koop om die kleuter se woedeaanval in die winkel te stop, aangesien dit die vorige kere suksesvol gewerk het.

Foreman en Long (2002:19) wys daarop dat die ouer se positiewe beloning eerder die ongewenste gedrag versterk. Die positiewe versterkingstrik versterk dus die kind se onaanvaarbare gedrag, aangesien die kleuter die boodskap kry dat hy sy sin kan kry deur te huil of 'n bohaai op te skop.

- **Negatiewe versterkingstrik**

In kontras hiermee definieer Skinner negatiewe gedragsversterking as: "*...when a response is strengthened because it is followed by the removal of an unpleasant stimulus*". Wanneer 'n eiesinnige kleuter skreeu, huil, redeneer of weghardloop omdat hy negatiewe dinge wil vermy waarvan hy nie hou nie en die ouer hom dan vrystel daarvan net om die vrede te bewaar en konflik te vermy, noem Foreman en Long (2002:20) hierdie oneffektiewe hanteringsmetode die negatiewe versterkingstrik**.**

Respondente identifiseer die volgende negatiewe versterkingstrikke: speelgoed optel, kamer aan die kant maak, badtyd, slaaptyd, die kleuter uit sy karstoeltjie haal en die kleuter toelaat om die tafel te verlaat as hy of sy nog nie klaar geëet het nie. Respondente dui aan dat hulle eerder self die speelgoed sal optel, die kamer aan die kant sal maak of badtyd sal uitstel om die vrede te bewaar en konflik te vermy.

■ **Dwangmaatreëls** *(coercive methods)*

Forehand en Long (2002:23) wys daarop dat beide die positiewe en negatiewe versterkingstrik dikwels aanleiding gee tot dwangmaatreëls. Dit beteken dat die kleuter slegs reageer wanneer grense gepaardgaan met dwang. Hierdie hanteringsmetode blyk egter negatief in te werk op die ouer-kindverhouding, aangesien die ouers al hoe strenger en strenger moet optree om die gewenste reaksie te verkry. In reaksie hierop raak die kleuter se gedrag meer onaanvaarbaar en negatief.

Ses van die respondente het aangedui dat hulle geneig is om dwangmaatreëls te gebruik, aangesien dit in ŉ mate beheer gee en hulle daarvan hou om in beheer te wees. Twee van die respondente dui aan dat hulle aggressief raak en dat strafmaatreëls die enigste manier is waarop hulle beheer oor die konfliksituasie kan neem. Hierdie strafmaatreëls sluit lyfstraf, "*time-out*", die ontneming van voorregte, verbale verkleinering en afsondering in. Respondente dui voorts aan dat hulle in die oomblik van woede nie altyd daaraan dink of die strafmaatreëls oortredingsverwant is nie. In hierdie verband wys Clinton (in Stoop & Stoop, 2004:119) daarop dat hanteringsmetodes, gegrond op dwang, dikwels as die enigste werkbare maatreëls gesien word om die kleuter tot inskiklikheid te bring. Die outeur waarsku egter dat dit 'n gevaarlike weg is om te volg, aangesien ouers dikwels oorboord gaan en hulle kan wend tot uitermatige strafmaatreëls wat grens aan kindermishandeling.

■ **Oneffektiewe probleemoplossing**

MacKenzie (2001:99-130) se sogenaamde "*family dance*" verwys na die oneffektiewe, destruktiewe hanteringspatrone wat ouers dikwels implementeer om probleme op te los en samewerking te kry. Hierdie "dans" of oneffektiewe hanteringspatrone word oor en oor tydens konfliksituasies uitgevoer. Met die verloop van tyd eskaleer dit en raak dit net al feller en meer skadelik. Volgens MacKenzie (2001:99) raak gesinne dikwels so gewoond aan hierdie manier van optree, dat hulle nie eers bewus is daarvan dat hulle so ŉ "dans" uitvoer nie.

Vae en onduidelike boodskappe vanaf die ouer blyk die grootste oorsaak te wees vir die begin van die dans. Die dans word gevoed deur woede, weerstand, misverstande en wrewel. Vir die ouer is hierdie dans 'n bron van frustrasie, spanning en mismoedigheid en vir die kleuter 'n ryke bron van vermaak (MacKenzie, 2001:129). MacKenzie (2001:130) is van mening dat: "*The best way to stop a dance ... is not to start one*".

Uit die empiriese bevindinge was dit duidelik dat al die respondente hulle kon vereenselwig met hulle eie gesin se *"family dance"*. Respondente dui aan dat hulle hierdie tipe interaksie as uitputtend en baie negatief vir die ouer-kindverhouding ervaar en dat dit in 'n groot mate aanleiding gee tot sekondêre emosies soos skuldgevoelens, vrese en wrewel.

Een van die respondentepare het hulle *"family dance"* soos volg beskryf:

| **Ouer se gedrag** | **Kleuter se gedrag** |
|---|---|
| | *Kleuter oortree* |
| **Rig versoek om te stop** | **Ignoreer** |
| **Herhaal versoek** | |
| **Herinner** | |
| **Begin onderhandel** | |
| **Redeneer met kleuter** | **Weerstand** |
| **Preek** | |
| **Begin skreeu** | |
| **Woedend** | |
| **Dreig** | |
| **Voer dreigement uit** | **Ongewenste gedrag stop** |

Al die respondente was dit eens dat dit 'n oneffektiewe manier van probleemoplossing is.

*2.3.2.2 Moontlike redes vir respondente se verskil in hantering*

Die volgende vyf redes vir respondente se verskil in hantering van hulle eiesinnige kleuter kon vanuit die empiriese bevindinge geïdentifiseer word, naamlik "*goodness of fit*", temperament, ouerskapstyl, die invloed van grootwordjare en eksterne invloede.

Hierdie vyf kategorieë sal vervolgens bespreek word.

■ ***"Goodness of Fit"***

"*What happens when a child's actual behaviour does not match up with the parent or parents' picture? What if things just don't seem to fit?*" (MacKenzie, 2001:23).

Turecki (1994:29) definieer "*goodness of fit*" as die verenigbaarheid tussen 'n kind se aangebore kenmerke en die verwagtinge of ideale prentjie van sy ouers. Vanuit die empiriese data was dit duidelik dat hierdie konsep juis ʼn aspek is waarmee respondente gekonfronteer is.

Indien "*goodness of fit*" dus gedefinieer kan word as die verenigbaarheid tussen 'n kind se aangebore kenmerke en die verwagtinge van die ouers, verklaar dit die empiriese bevindinge dat konflik die gevolg is van die sogenaamde "*bad match*" waarvan MacKenzie (2001:23) praat. Ses van die respondente dui aan dat hulle voortdurend in konflik is met hul kleuter, omdat hulle nie die kleuter verstaan nie en daar geen ooreenkomste is in hulle persoonlikhede nie. Een respondent dui aan dat hy baie beter oor die weg kom met sy oudste dogter, aangesien hy meer in gemeen het met haar en dat daar meer konflik is tussen hom en sy tweede dogter, aangesien sy "dinge net anders doen".

■ **Temperament**

Temperament kan gedefinieer word as die natuurlike, aangebore reaksie en gedragstyl van elke individu op sy omgewing (Turecki, 1994:100). Dit is die HOE van gedrag en nie die HOEKOM nie. Bee en Boyd (2007:250) wys daarop dat temperament die basiese fondament of bousteen is vir gedrag en persoonlikheid.

Uit die empiriese bevindinge het dit duidelik geblyk dat daar 'n verskil is in ouers se hantering van hul eiesinnige kleuter, omdat daar 'n verskil is in die temperament van die ouer en die kleuter. MacKenzie (2001:16) wys daarop dat ouers wat kennis dra van hul eie, sowel as hul kind se temperament, dikwels die kleuter se waarneembare gedrag beter begryp en dit in konteks kan plaas, aangesien dit juis die waarneembare gedrag is wat ouers se hantering van die kleuter bepaal. Van die respondente het aangedui dat hulle nie kennis of begrip het van die verskillende temperamenttipes nie, maar graag meer daarvan sou wou leer.

Vanuit hierdie studie wil dit voorkom of die ouer met ʼn gelykmatige temperament dikwels geduldiger en verdraagsamer is as die ouer met ʼn vinnige temperament. Dit was verder ook

opvallend by al agt respondentepare dat die een ouer 'n meer gelykmatige temperament het, terwyl die ander ouer 'n rigiede en vinnige temperament openbaar.

Een respondent het opgemerk dat kontak met haar eiesinnige kleuter haar moeg, moedeloos, onbevoeg en kwaad laat. Haar eggenoot het egter aangedui dat hy glad nie dieselfde ervaring het nie en ook opgemerk dat sy eggenote se temperament baie dieselfde is as hul kleuter. Uit die empiriese bevindinge blyk dit dat respondente wie se temperament in ʼn groot mate ooreenstem met dié van hul eiesinnige kleuter, dikwels meer in konflik is met die kleuter. Hierdie bevinding word bevestig deur MacKenzie (2001:20).

- **Ouerskapstyl**

Louw *et al.* (1998:368) definieer ouerskapstyl as die manier waarop ouers hulle kinders grootmaak, soos bepaal deur die ouer se temperament. Pickhardt (2005:71) sien ouerskapstyl weer as die spesifieke benadering wat elke ouer volg om huishoudelike en sosiale reëls aan die kind oor te dra – die sogenaamde wat en hoe benaderings wat die volgende behels: wat wil ek bereik met hierdie reël en hoe gaan ek dit bereik?

Baumrind (in Louw *et al.*, 1998:471) identifiseer drie basiese ouerskapstyle, naamlik ʼn outokratiese/strafgerigte ouerskapstyl, ʼn permissiewe ouerskapstyl en ʼn demokratiese/gesaghebbende ouerskapstyl.

Baumrind het bevind dat die basiese ouerskapstyl wat 'n ouer verkies, 'n invloed het op die manier waarop 'n kind hanteer word en omdat ouers soms verskillende ouerskapstyle het, gebeur dit dat ʼn kind dikwels verskillend deur die twee ouers hanteer word. In die verband het al agt respondentepare aangedui dat hulle verskil in hantering van hul kleuter, as gevolg van die ouerskapstyl wat elke ouer volgens sy of haar temperament toepas of verkies.

Binne die verhouding met 'n eiesinnige kleuter gebeur dit dikwels dat 'n ouer MacKenzie (2001:63) se sogenaamde gemengde ouerskapstyl begin toepas. Dit beteken dat 'n ouer kan wissel tussen die outokratiese styl en die permissiewe styl. Die rede hiervoor is dat ouers soms nie oor die vaardighede of kennis beskik om meer konsekwent of ferm op te tree nie. Uit die empiriese bevindinge blyk dit dat vyf van die respondente se optrede dikwels wissel tussen “te streng” wees of “te buigsaam” wees, omdat hulle skuldig voel oor hul gedrag en optrede teenoor hulle eiesinnige kleuter. Hierdie respondente voel retrospektief dat die “hoe” nie altyd die “wat” regverdig nie en

dat die wyse waarop respondente reëls wou implementeer, skadelik was vir die ouer-kindverhouding.

- **Die invloed van grootwordjare**

Turecki (1994:120) noem dat ouers se siening en hantering van hulle kinders bepaal word deur die lens van hulle eie kinderjare. Die beeld van ouerskap word grootliks bepaal en beïnvloed deur die beeld wat 'n persoon van sy eie ouers het. Vyf van die respondente het aangedui dat negatiewe ervarings met hulle ouers gedurende hulle kinderjare bepalend is vir die manier waarop hulle teenoor hulle kleuter optree. Al sestien respondente stem egter saam dat kindertydervarings en herinneringe, hetsy positief of negatief, ŉ invloed het op hulle gedrag en dat hierdie herinneringe die hantering van hul kinders kan beïnvloed.

Een respondent wys daarop dat haar ma haar nooit as kind gedruk of fisies aangeraak het nie en dat sy nie 'n goeie verhouding met haar ma gehad het nie. As gevolg van hierdie negatiewe ervaring, oorkompenseer sy dikwels deur te veel vir haar kleuter te probeer doen. Die respondent dui ook aan dat sy dikwels, soos haar eie ma, oorgaan tot verbale etikettering van haar kleuter deur byvoorbeeld op te merk: "Jy is die rede hoekom mamma altyd hartseer is. Jy is die oorsaak van al die bakleiery in ons huis". Hierdie respondent se opmerking bevestig Turecki (1994:120) se stelling dat die impak van 'n persoon se kinderjare 'n invloed het op die hantering van 'n kind.

- **Eksterne invloede**

Bronfenbrenner (in Papalia, 2002:31-33) se sistemiese teorie toon dat die individu se leefwêreld, die sogenaamde mikrosisteem, beïnvloed word deur die bestaande sisteme wat hom omring. Niks gebeur of funksioneer in isolasie nie. Op grond hiervan is dit duidelik dat sekere gebeure en faktore buite die individu (in dié geval die ouer) se mikrosisteem ook 'n invloed sal hê op die wyse waarop die ouer die kleuter hanteer. Foreman en Long (2002:27-39) identifiseer die volgende eksterne faktore en gebeure wat 'n invloed het op ŉ ouer se hantering van ŉ kind: egskeiding, hertroue, depressie, siekte, alkoholmisbruik, ADHD wat reeds tydens die kleuterfase gediagnoseer is, televisie, skool, vriende en die uitgebreide familie.

Die empiriese bevindinge bevestig Bronfenbrenner se teorie. Feitlik al die respondente dui aan dat eksterne faktore soos ŉ werkdag, spanning, konflik tussen kinders en konflik in die huwelik 'n invloed het op die hantering van die kleuter. Een respondent het onder meer aangedui dat

inmenging van skoonouers daartoe aanleiding gee dat sy en haar eggenoot voortdurend verskil ten opsigte van die hantering van hul kleuter.

*2.3.2.3 Gevolge van die verskillende hanteringswyses*

Uit die empiriese bevindinge blyk dit dat die verskil in respondente se hantering van hul eiesinnige kleuter bykomende gevolge het. Die volgende twee bykomende gevolge is vanuit die empiriese bevindinge bekom, naamlik konflik en die kind se reaksie.

Hierdie twee kategorieë sal vervolgens bespreek word.

- **Konflik**

Al agt respondentepare dui aan dat die verskil in hantering van hul eiesinnige kleuter dikwels konflik tussen hulle veroorsaak. Ses van die manlike respondente dui aan dat daar voortdurend konflik tussen hulle en hul eggenotes is, aangesien hul eggenotes voel dat hulle te streng en ferm optree. Ses van die vroulike respondente dui aan dat hulle as egpaar dikwels kwaad vir mekaar gaan slaap, omdat hulle so hewig verskil in hulle hanteringsmetodes, terwyl die eiesinnige kleuter lankal daarvan vergeet het. Vier respondentepare het verder aangedui dat die voortdurende konflik oor hul eiesinnige kleuter hulle huweliksverhouding in só mate beïnvloed dat hulle dit al oorweeg het om vir huweliksberading te gaan. Vier respondentepare het ook aangedui dat die konflik wyer kring en dat broers en susters dikwels voel dat alles net om die sogenaamde “moeilike kind” draai. Die empiriese bevindinge toon dus dat konflik een van die gevolge is van die verskil in hantering.

- **Kind se reaksie**

MacKenzie (2001:101) wys daarop dat ouers se herhaalde, maar oneffektiewe en inkonsekwente pogings om die eiesinnige kleuter tot inskiklikheid en samewerking te beweeg, soos 'n vertoning of ŉ “sepie” vir die kleuter is en as 'n onuitputlike bron van “*live entertainment*” gesien word. Soos reeds in 2.3.2.1 bespreek, kan hierna as die “*family dance”* verwys word. Eiesinnige kleuters weet dat daar ŉ beloning is indien hulle hul ouers kan laat “dans”: óf hulle kry hul sin óf hulle hoef nie meer iets te doen wat hulle nie wou nie. Volgens MacKenzie (2001:102) verskaf dit ook ‘heerlike’ vermaak. Die empiriese bevindinge bevestig hierdie scenario’s deurdat agt van die respondente aandui dat hulle “dit dikwels verloor” en die “appelkar heeltemal omgooi”.Die voortdurende konflik en verskille tussen ouers kan egter ook meebring dat die eiesinnige kleuter onseker is en

vrese mag ontwikkel dat ouers mag skei of mag weggaan (Clinton in Stoop & Stoop, 2004:116). Vanuit die empiriese data blyk ook dat respondente na ŉ konfliksituasie dikwels oorkompenseer deur juis die dinge toe te laat wat die aanvanklike konflik veroorsaak het. Dit bring verwarring betreffende die grense in die huis. In die geval van 'n eiesinnige kleuter sal hierdie inkonsekwentheid net weereens aan die kleuter bevestig dat reëls altyd onderhandelbaar is (Turecki, 1994:120).

Kleuters "speel egter ook ouers teen mekaar af", aangesien hulle sien dat dit resultate lewer waarvan hulle hou. In dié verband het twee respondente aangedui dat hul kleuter onmiddellik van een ouer na die ander ouer gaan wanneer die een ouer ŉ grens gestel het waarvan die kleuter nie hou nie. Nog ses van die respondente het aangedui dat wanneer daar konflik tussen hulle is weens verskillende hanteringsmetodes, die kleuter baie keer in 'n selfbejammerende stemtoon sal kla dat "niemand hom of haar liefhet nie". Hierdie kleuter sal volgens die respondente ook goed sê soos "Ek haat jou" of "Ek is net lief vir mamma/pappa". Uit die empiriese bevindinge is dit baie duidelik dat die kleuter hierdie verskille en konflik waarneem en daarvolgens handel.

*2.3.2.4 Hanteringsbehoeftes van respondente*

Die empiriese bevindinge toon dat respondente 'n definitiewe behoefte het aan riglyne vir die hantering van hulle eiesinnige kleuter, aangesien hulle voel dat hulle huidige hanteringmetodes nie effektief is nie. Respondente vrees ook, soos reeds aangedui, dat hierdie verkeerde hanteringmetodes emosionele skade by die kind kan veroorsaak en die ouer-kindverhouding kan skaad. Respondente se behoefte aan hanteringsriglyne korreleer met Turecki (1994:14) se siening dat ouers 'n behoefte aan hanteringsriglyne het, asook aan kennis om hul eiesinnige kleuter beter te verstaan.

Die volgende drie hanteringsbehoeftes is deur die respondente geïdentifiseer, naamlik begrip en kennis van eiesinnigheid, bemagtiging om die eiesinnige kleuter reg te hanteer en ŉ ondersteuningsisteem.

Hierdie drie kategorieë sal vervolgens bespreek word.

■ **Begrip en kennis van eiesinnigheid**

Al sestien respondente spreek 'n sterk behoefte uit om hul kennis rakende die eiesinnige kleuter te vergroot. Agt van die respondente is byvoorbeeld onseker of hulle kleuters wel eiesinnig is en of hulle nie maar net normale kleutergedrag openbaar nie, al het hulle, as deel van die doelgerigte steekproef, die aangepaste kriterialys van eienskappe van die eiesinnige kleuter (sien bylaag D) van Forehand en Long (2002:60) voltooi. Diller (in Bee & Boyd, 2007:246) waarsku daarteen dat elke kind wat moeilik is om te hanteer, nie altyd as eiesinnig geklassifiseer kan word nie. Hurlock (2000:93) wys ook daarop dat die kleuterfase in elk geval 'n besonder intense fase is met 'n verhoogde emosionaliteit wat gekenmerk word deur 'n sterk wil, woedeuitbarstings, intense vrese en onredelike jaloesie (sien 1.2). Dit is daarom volgens Turecki (1994:6) belangrik dat ouers hulle kind sal ken.

Respondente is wel bewus daarvan dat hulle eiesinnige kleuter "anders" is as hul ander kinders. Beide Turecki (1994:23) en Kurcinka (2006:9) noem dat eiesinnige kinders nie abnormaal is nie, maar net meer intens**,** meer sensitief en meer jaloers (sien 1.2). Die navorser is van mening dat indien ouers meer kennis het van eiesinnigheid, hul ook hul kleuter anders sal hanteer, aangesien kennis meer begrip sal bring.

Respondente dui aan dat hulle inligting en kennis oor die volgende aspekte verlang:

- Wat beteken die term eiesinnigheid?
- Wat veroorsaak dit?
- Hoekom is my kleuter so?
- Is my kleuter normaal?
- Waar kan ek kennis kry om my kind reg te verstaan en te hanteer?
- Doen ek onwetend iets wat dit kan vererger?
- Is my kind regtig eiesinnig?
- Is dit regtig nodig dat ek en my kind moet verander?

Al die respondente dui aan dat antwoorde op bogenoemde vrae hulle kennis van eiesinnigheid sal verbeter en hulle 'n beter begrip van hulle kind sal gee.

- **Bemagtiging om die eiesinnige kleuter reg te hanteer**

Die vernaamste rede waarom respondente 'n verbeterde kennis oor eiesinnigheid wil hê, is om hulle te bemagtig om hul kleuter beter te hanteer. In dié verband merk respondente op dat hulle ingestem het om deel uit te maak van die empiriese studie, omdat hulle hoop om deur die kontak met ander ouers wenke te kry wat hulle sal bemagtig in die hantering van hul eiesinnige kleuter. Respondente is bekommerd dat hulle huidige hanteringmetodes emosionele skade by die kind kan veroorsaak en die ouer-kindverhouding kan benadeel en hoop dat hanteringsriglyne hulle sal bemagtig, sodat genoemde verhouding sal verbeter en konflik sal verminder.

- **Ondersteuningsisteem**

Arp (in Stoop & Stoop, 2004: 362) wys daarop dat baie ouers met 'n eiesinnige kind dikwels vra: "*Why did I get this spirited child? Is there someone that understands my situation? Is there someone that will help? Am I alone?*". Vanuit Kurcinka (2006:15) se opmerking naamlik: "*Being the parent of a strong willed kid can be lonely*", wil dit voorkom asof hierdie ouers soms geïsoleerd en alleen voel. Forehand en Long (2002:190) is ook van mening dat ouers met 'n eiesinnige kleuter dikwels spanning ervaar weens skuldgevoelens, vrese en onbevoegdheid en daarom moet ouers let op faktore soos genoegsame oefening, die benutting van hul sin vir humor, die skep van 'n ondersteuningsnetwerk en die aanleer van nuwe, beter hanteringsmetodes.

Uit die empiriese bevindinge blyk dit duidelik dat ouers 'n groot behoefte het aan 'n ondersteuningsnetwerk. Ses respondente versoek dat die fokusgroepe een keer per maand moet voortgaan, aangesien hulle die gesprekke baie insiggewend en leersaam gevind het. Twee respondente dui aan dat hulle die begeerte het om soms met iemand te praat wat verstaan, aangesien hulle voel dat persone wat nie 'n eiesinnige kleuter het nie, nie begrip het vir hulle situasie nie. Die navorser is van mening dat 'n ondersteuningsisteem vir ouers belangrik is om situasies en aspekte rondom die eiesinnige kleuter in perspektief en konteks te plaas.

**Figuur 2.3 Skematiese voorstelling van hooftema 3**

**Hooftema 3**
**Konflik as direkte uitvloeisel van die interaksie met die eiesinnige kleuter**

**Subtema**

**Verhoudingskonflik**

Kategorieë

- *Tussen respondente*
- *Broers en susters*
- *Uitgebreide gesin*
- *Ander*

**Subtema**

**Moontlike redes vir konflik**

Kategorieë

- *Hanteringsmetodes*
- *Temperament*
- *Ouerskapstyl*
- *Onkunde oor eiesinnigheid en ontwikkelingsfase*
- *Die invloed van grootwordjare*

**Subtema**

**Konflikareas**

Kategorieë

- *Spesifieke konflikareas*

### 2.3.3 Hooftema 3: Konflik as direkte uitvloeisel van die interaksie met die eiesinnige kleuter

Die derde hooftema wat vanuit die empiriese bevindinge verkry is, is **konflik as direkte uitvloeisel van die interaksie met die eiesinnige kleuter**. Konflik is die resultaat van die botsing tussen die wil van die eiesinnige kleuter en die wil van alle ander persone met wie die eiesinnige kleuter in kontak kom. MacKenzie (2001:139) verwys na hierdie konflik as 'n magstryd. Forehand en Long (2002:229-251) onderskei tussen aktiewe en passiewe konflik. Aktiewe konflik is hewig, intens en van korte duur. Aktiewe konflik by die kleuter sluit in huil, kerm, woedeaanvalle, fisiese geweld soos byt en klap, redeneer en bevraagteken, breek van speelgoed en die weiering om opdragte uit te voer. Aktiewe konflik word meestal voorafgegaan deur passiewe konflik. Passiewe konflik sluit in selfbejammering, manipulering van gevoelens, uitvoering van opdragte in stadige aksie, uitvoer van net die helfte van 'n opdrag, uitstel van opdragte en ouers afspeel teen mekaar. Passiewe konflik is aanhoudend en uitgerek. Die meerderheid van die respondente dui aan dat hul eiesinnige kleuter met aktiewe sowel as passiewe konflikgedrag presenteer.

Ten opsigte van hierdie tema is die volgende drie subtemas (sien figuur 2.3) vanuit die empiriese bevindinge geïdentifiseer, naamlik verhoudingskonflik, moontlike redes vir konflik en konflikareas.

Hierdie drie subtemas en toepaslike kategorieë sal vervolgens bespreek word.

#### *2.3.3.1 Verhoudingskonflik*

> Strong willed children have a wearing affect uppon others. They have exhausted their parents, burned out several teachers, exasperated the school principal and have alienated half the neighborhood. Their siblings resent them. In fact, their impact extends far beyond their immediate family into the school, neighborhood and community (MacKenzie 2001:19).

Die invloed van die konflik of magstryd op verhoudings word deur beide die empiriese bevindinge en die literatuur bevestig. Konflik het 'n invloed op die volgende vier verhoudings, naamlik tussen respondente, broers en susters, uitgebreide gesin en ander verhoudings.

Hierdie vier kategorieë sal vervolgens vanuit die empiriese bevindinge bespreek word.

### ■ Tussen respondente

Die verhouding tussen die pa en die ma het 'n verreikende impak op 'n kind. Navorsing het bewys dat die negatiewe effek van voortdurende en/of erge konflik tussen ouers 'n groter impak op kinders kan hê as egskeiding (Forehand & Long, 2002: 31, 163). Forehand en Long (2002:16) sowel as Louw *et al.* (1998:470) wys voorts daarop dat ouers 'n kind se eerste en aanvanklike voorbeeld van sosiale leer is. Louw *et al.* (1998:471) definieer sosiale leer as die proses waardeur 'n kind leer om aan die morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke kultuur of samelewing te voldoen. Hierdie model van gedrag is dus uiters belangrik, aangesien kinders leer deur voorbeeld (Forehand & Long, 2002:16). Die wyse waarop ouers konflik hanteer en oplos, dien dus as model vir die kind.

Uit die empiriese bevindinge blyk dit dat respondente dikwels voor hul eiesinnige kleuter van mekaar verskil. Een respondentepaar wys daarop dat hulle in "stilstuipe" verval en mekaar ignoreer. Hul kleuter sal dieselfde reaksie toon as sy nie van 'n uitkoms hou nie. 'n Vroulike respondent noem dat sy al die koekies wat sy gebak het op die grond uitgegooi het, omdat sy kwaad was. Haar kleuter het later dieselfde gedrag getoon teenoor 'n maatjie wat kom speel het.

Konflik beïnvloed ook die manier en effektiwiteit van kommunikasie tussen ouers (Turecki, 1994:81). Een respondent wys daarop dat sy dadelik "afskakel" as haar man met haar begin praat oor die manier waarop sy hul eiesinnige kleuter hanteer. Hierdie respondent se eggenoot ervaar sy vrou as oorsensitief. Al die respondente dui aan dat die konflik wat voortspruit uit een of ander situasie met hulle eiesinnige kleuter spanning in hul verhouding veroorsaak.

### ■ Broers en susters

Broers en susters het 'n invloed op mekaar se gedrag en optrede (Turecki, 1994:126). Al agt respondentepare dui aan dat die teenwoordigheid van 'n eiesinnige kleuter in hul huis 'n invloed het op die ander kinders in die huis. Volgens die respondente kom onderlinge konflik, kompetisie, jaloesie en 'n gevoel van onregverdigheid algemeen voor tussen broers en susters. Een respondent het genoem dat haar twee ouer kinders dikwels skimp dat hul kleutersussie eerder by die huishulp moet bly, aangesien hulle nie kans sien vir haar woedeaanvalle op uitstappies nie. Twee van die respondente het aangedui dat hulle ander kinders al opgemerk het dat hulle nie van hulle eiesinnige kleutersussie hou nie. Twee respondente dui aan dat die ouer kinders van die gesin dikwels kla dat die eiesinnige kleuter altyd haar sin kry, omdat niemand lus is vir die woedeaanvalle en die

geskreeu as dit nie gebeur nie. Die feit dat ouers dikwels toegee om die vrede te bewaar, lei tot ontevredenheid aangesien broers en susters dit as onregverdig ervaar.

Turecki (1994:127) meld dat kinders nie net hul ouers se gedrag waarneem en modelleer nie, maar ook dié van maatjies en broers en susters. Twee respondente noem dat hul maklike, inskiklike kind dieselfde tipe gedrag as hul eiesinnige broer of suster begin toon, aangesien hy sien dat dit effektief is om sy sin te kry.

- **Uitgebreide gesin**

Konflik strek dikwels veel verder as net die onmiddellike gesinslede. 'n Ouer wat oorlaai is met gevoelens van skuld, onbevoegdheid en wrewel jeens hul eiesinnige kind, ervaar die inmenging van grootouers as uiters krities en bedreigend (Turecki, 1994:128). Twee respondente dui aan dat hulle skoonouers kommentaar lewer op hulle hanteringsmetodes en dat dit al tot onaangenaamheid gelei het, aangesien hulle voel dat die skoonouers inmeng en hulle gesag as ouers ondermyn. Nog 'n respondent wys daarop dat grootouers dikwels kant kies, hetsy vír of téén die eiesinnige kleuter en dat dit ook 'n bron van konflik tussen haar en haar eggenoot en tussen haar en haar skoonouers is.

- **Ander verhoudings**

MacKenzie (2001:179) is van mening dat eiesinnige kinders dikwels ook in konflik staan met hulle maats, onderwysers en oppassers. Dit korreleer met die empiriese bevindinge. Een respondent dui aan dat haar kleuter se oppasser soms moedeloos is, want sy sukkel om enige samewerking te kry. Vier van die respondente dui aan dat ouers van ander maatjies dikwels verskonings het as hul kleuter daar wil gaan speel en dat sy al by kinderpartytjies gesien het dat haar kleuter op ander maatjies skreeu en hul speelgoed afneem. Een respondent noem dat haar kleuter in die vorige dorp waar hulle gewoon het, 'n reputasie as eiesinnige kind by hul vriende en by die dagsorgsentrum gehad het. Nog 'n respondent dui aan dat haar kleuter dikwels oorgeslaan word met partytjie-uitnodigings, aangesien ouers hom as ontwrigtend ervaar.

*2.3.3.2 Moontlike redes vir konflik*

Uit die empiriese bevindinge blyk dit daar verskeie moontlike redes is wat aanleiding gee tot konflik. Die volgende vyf moontlike redes kon vanuit die ingesamelde data aangedui word,

naamlik hanteringsmetodes, temperament, ouerskapstyl, onkunde oor eiesinnigheid en die ontwikkelingsfase en die invloed van die ouer se grootwordjare.

Hierdie vyf kategorieë sal vervolgens vanuit die empiriese bevindinge bespreek word.

- **Hanteringsmetodes**

Die navorser is van mening dat verkeerde hantering weens 'n gebrek aan beter metodes tot konflik lei. Twaalf van die respondente vrees dat hulle huidige hanteringsmetodes en gepaardgaande konflik emosionele skade by die kind sal veroorsaak en die ouer-kindverhouding sal skaad.

- **Temperament**

Cawood (2008:118) dui aan dat temperament nie verwar moet word met die motivering vir gedrag nie. 'n Ouer moet dus nie vra waarom tree my kind so op nie, maar eerder hóé gee hy of sy uiting aan sy of haar ergenis? Uit die empiriese bevindinge blyk dit duidelik dat respondente se onbegrip van hulle eie sowel as hul kleuter se temperament tot konflik lei. Die empiriese bevindinge toon voorts dat respondente nie bewus is van die invloed wat temperament op gedrag en handeling het nie.

MacKenzie (2001:17) wys daarop dat ouers wat aanvaar dat temperament 'n gegewe is wat nie verander kan word nie, minder geneig is tot konflik, aangesien hierdie ouers begrip het vir hulle kind se gedrag. Twee respondente dui aan dat hulle nie kan verstaan dat hulle twee kinders so verskil nie, want hulle word eemders hanteer. Een respondentepaar dui aan dat hulle baie kwaad word vir hulle kleuter, aangesien hulle ervaar dat sy moedswillig in haar optrede is en hulle glad nie verstaan hoekom sy dit doen nie. Hierdie respondentepaar erken egter dat hul kleuter en haar ma baie dieselfde “persoonlikhede” het. Die empiriese bevindinge toon dat ouers persoonlikheid en temperament as dieselfde beskou, terwyl Bee en Boyd (2007:245), Weiten (2002:362) en Papalia (2002:69,186) daarop wys dat temperament die boustene is van persoonlikheid en hulle 'n duidelike onderskeid maak tussen temperament en persoonlikheid. Dit korreleer met Turecki (1994:101) se stelling dat ouers wat hul eie en hul kind se temperament verstaan, vrae soos die volgende sal kan beantwoord:

- Het my kind regtig emosionele probleme of is hy of sy net homself/haarself?
- Doen my kind iets aspris of is dit net oorentoesiasme?

- Hoe ernstig moet ek die gedrag/woorde opvat?
- Is my kind regtig ontsteld of is dit manipulering?
- Hoekom raak ek so ontsteld?
- Watter ander opsies is daar vir my as om kwaad en ontsteld te word?

Die navorser is van mening dat kennis van temperamenttipes konflik sal verminder en respondente sal bemagtig.

- **Ouerskapstyl**

Pickhardt (2005:8) wys daarop dat ouers dikwels hul eie grootste vyand is in die hantering van hul eiesinnige kind en dat die ouerskapstyl wat ŉ ouer toepas, grootliks aanleiding gee tot konflik tussen ouer en kind. Die navorser lei af van die empiriese bevindinge dat sommige respondente dink dat ouerskap beteken om in diens staan van ŉ mens se kinders en om alles op te offer ter wille van hulle. Hierdie siening is eenvoudig om te handhaaf indien 'n ouer ŉ permissiewe ouerskapstyl volg waar alles toegelaat word om konflik te vermy en die kind "gelukkig" te hou. Ouers wat ŉ permissiewe ouerskapstyl volg, voel egter dikwels "uitgemergel" in die voortdurende pogings om die kleuter te alle tye gelukkig te hou. Vier van die respondente dui aan dat hulle alles probeer om hul kleuter gelukkig te hou en hulle ware gevoelens onderdruk, maar dat dit dikwels tot emosionele en verbale uitbarstings oorgaan indien die kleuter nie inskiklik is nie. Dit korreleer met die literatuur waar MacKenzie (2001:52) aandui dat ouers wat 'n permissiewe ouerskapstyl volg, negatiewe emosies soos wrewel en verwerping internaliseer om konflik te vermy. Hierdie ouerskapstyl het dus ook konflik tot gevolg.

ŉ Outokratiese ouerskapstyl, wat strafgerig is en gemik op absolute gehoorsaamheid en streng kontrole, lei ook dikwels tot konflik. Soos reeds in 2.3.2.1 genoem, beskou een respondent haar eggenoot as ŉ "regte Hitler" en ervaar sy dat sy streng, strafgerigte ouerskapstyl konflik tot gevolg het. Die verskil in ouerskapstyl veroorsaak nie net konflik tussen ouer en kind nie, maar ook tussen ouer en ouer. Baumrind (in Louw *et al.*, 1998:471) is van mening dat ouerskapstyl ŉ groot invloed het op kinders se sosiale en emosionele ontwikkeling. Die navorser is van mening dat 'n verhoogde bewustheid van eie ouerskapstyl konflik kan verminder en respondente kan bemagtig om die eiesinnige kleuter anders en beter te hanteer.

- **Onkunde oor eiesinnigheid en ontwikkelingsfase**

Die empiriese bevindinge toon dat respondente min of geen kennis het van eiesinnigheid nie. Die navorser is van mening dat kennis van eiesinnigheid respondente sal ondersteun om hul eiesinnige kleuter beter te verstaan en meer effektief te hanteer. MacKenzie (2001:1) stel dit kort en kragtig: "*Understand your strong willed child*". Die empiriese bevindinge toon dat respondente 'n behoefte het aan inligting om hul kleuter beter te verstaan, aangesien 'n gebrek aan kennis tot konflik lei.

Kennis van die spesifieke ontwikkelingsfase sal ook bydra tot 'n verbetering van begrip. Twee van die respondente vra die vraag of hul kleuter regtig eiesinnig is of maar net normale kleutergedrag toon. Soos reeds genoem, waarsku Diller (in Bee & Boyd, 2007:246) daarteen dat elke moeilike kind nie as "eiesinnig" geklassifiseer moet word nie (sien 2.3.2.4). Die navorser is van mening dat kennis van die spesifieke ontwikkelingsfase ook konflik kan verminder, aangesien respondente begrip sal kry vir die tiperende gedrag van daardie ontwikkelingsfase. Ses van die respondente dui aan dat hulle glo dat daar minder konflik sal wees indien hulle 'n beter begrip het van hoe kleuters "se kop werk". Die empiriese bevindings toon dat respondente min of geen kennis het van die kleuterfase nie en dit veroorsaak dat hulle uit radeloosheid konflik met konflik beantwoord.

Een respondent wys daarop dat sy soms haar kleuter uitsonder as die enkele rede vir onmin in die huis. Erikson (in Weiten, 2002:335) se teorie van psigososiale ontwikkeling wys daarop dat die kleuter in die sogenaamde inisiatief vs. skuldstadium is. Hierdie teorie beklemtoon dat kleuters wat positief hanteer word en positiewe sosiale ervarings het, 'n positiewe selfkonsep het en sal waag om hulle stempel af te druk op hul verhoudings, vermoëns en vaardighede. Daarenteen sal kleuters wat gedurig op foute gewys word, skuldgevoelens hê van onbevoegdheid en kan voel dat hulle pogings verkeerd en waardeloos is (Cawood, 2007:35). Bandura (in Bee & Boyd, 2007:259) se teorie van sosiale leer ondersteun Erikson se standpunt deur daarop te wys dat kinders se selfkonsep deur sosiale kontak met ander bepaal word. 'n Kleuter wat dus hoor dat hy of sy die rede is vir ongelukkigheid, sal mettertyd glo dat hy of sy ongewild is en die oorsaak is van alle ongeluk. Die empiriese bevindinge toon dat omdat respondente min of geen begrip het van die tiperende kenmerke van die kleuterfase nie, die kleuter dikwels verkeerd hanteer word. Dit het konflik en ongelukkigheid tot gevolg.

- **Die invloed van grootwordjare**

Uit die empiriese bevindinge blyk dat sommige respondente se manier van grootword, ook konflik kan veroorsaak, aangesien hierdie respondente soms te sterk assosieer met die emosies en herinneringe van hul kinderjare. Ouers probeer dikwels hul kinders se lewe vir hulle leef om te keer dat hulle dieselfde foute maak (Turecki, 1994:120). Dit op sigself is een van die redes vir konflik. Een respondent dui aan dat sy twee sussies gehad het wat haar ouers se gunstelinge was en dat sy altyd soos die swartskaap gevoel het. Dit veroorsaak dat sy te veel vir haar kleuterdogtertjie wil doen, omdat sy bang is dat haar dogtertjie dalk sal dink dat sy nie vir haar lief is nie. Die respondent merk egter op dat sy verstoot voel omdat haar kleuter nie dankbaar lyk as sy iets vir haar doen nie en alles sommer net as vanselfsprekend aanvaar. Volgens die respondent maak hierdie optrede van haar kleuter haar kwaad en hartseer.

*2.3.3.3 Konflikareas*

Respondente dui aan dat daar spesifieke areas van konflik is. Hierdie konflikareas blyk te verskil van huis tot huis. Wat in een huis lei tot erge konflik, is glad nie 'n faktor in 'n ander huis nie. Dit korreleer met bevindinge uit die literatuur. Vergelyk in hierdie verband MacKenzie (2001:162-201), Forehand en Long (2002:229-251) en Turecki (1994:196-200). Die spesifieke konflikareas, sal vervolgens bespreek word.

- **Spesifieke konflikareas**

Vanuit die ingesamelde data sowel as die literatuur kon die volgende spesifieke konflikareas geïdentifiseer word: badtyd, klere: aantrek/uittrek/kies, slaaptyd, etenstyd, woedeaanvalle, ignorering van opdragte, uitstel van opdragte, winkel toe gaan, respondent is op die telefoon, respondente verskil in die hantering van die eiesinnige kleuter, lekkers/materiële besittings.

Cawood (2007:39) waarsku dat ouers dikwels een area van konflik verabsoluteer. Hierdie spesifieke area veroorsaak volgens Cawood meer konflik as enige van die ander areas en veroorsaak dikwels dat ouers daarop oorreageer. Dit korreleer met die empiriese bevindinge deurdat respondente aandui dat hulle “krag en geduld het vir baie dinge”, maar dat hierdie één area, byvoorbeeld die kies van klere, hulle energie en geduld tap en meestal tot konflik lei.

## 2.4 BEPALING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die bepaling en analisering van die populasie se probleme het die navorser in staat gestel om hierdie intervensiestudie se doelstelling en doelwitte te bepaal. Die verhoogde begrip van respondente se ervaring en behoeftes het die navorser ondersteun in die doel van hierdie intervensiestudie, naamlik die ontwerp en ontwikkeling van Gestalthanteringsriglyne om die ouer van die eiesinnige kleuter te ondersteun en te bemagtig. Dit was ook die laaste stap van die eerste fase van die D & D-model van Rothman en Thomas, soos uiteengesit in Hoofstuk 1. Die doelstelling en doelwitte is reeds volledig in 1.5.1.5 bespreek.

## 2.5 SAMEVATTING

Die fokus van die empiriese ondersoek was om te bepaal hoe respondente hul eiesinnige kleuter ervaar, hanteer en beleef. Die empiriese data toon dat respondente 'n behoefte het aan meer effektiewe hanteringsmetodes om hulle te bemagtig, sodat konflik verminder kan word en die ouer-kindverhouding kan verbeter. Na afloop van die twee fokusgroepe en met die ontleding van die empiriese data, het die navorser opgemerk dat die manier waarop respondente in hul vroeë dertigs hul eiesinnige kleuters hanteer, verskil van dié van respondente in hul vroeë veertigs.

# HOOFSTUK 3

# EIESINNIGHEID BINNE DIE KLEUTERFASE

## 3.1 INLEIDING

Die navorser het met hierdie intervensiestudie ten doel gehad om Gestalthanteringsriglyne te ontwerp en ontwikkel ten einde die ouers van 'n eiesinnige kleuter te bemagtig in die hantering van die eiesinnige kleuter. Die fokus van die empiriese studie in Hoofstuk 2 was die voltooiing van die laaste drie stappe van die eerste fase van hierdie intervensiestudie. Die empiriese bevindinge het die **populasie se behoeftes bepaal**, asook die **analisering van die geïdentifiseerde probleme**. Dit het respondente se emosionele ervaring en hantering van hul eiesinnige kleuter belig, sowel as die gepaardgaande en gevolglike konflik. Hierdie bevindinge is volledig bespreek in Hoofstuk 2.

In hierdie hoofstuk val die fokus op **Fase 2**, naamlik die **insameling en sintese van data** met spesifieke verwysing na die uitvoering van Stap 1 en Stap 2 (sien 1.5.2). In die uitvoering van Stap 1 is daar gekonsentreer op **bestaande literatuur** (sien 1.5.2.1) vanuit 'n verskeidenheid dissiplines wat die eiesinnige kleuter as fokus het, sowel as die wyse waarop temperament, ouerskapstyl en die verskillende ontwikkelingsteorieë van toepassing is op hierdie onderwerp. Die **kennis, ondervinding en ervaring van kundiges** het 'n waardevolle bydrae gelewer en was instrumenteel in die uitvoering van Stap 2 (sien 1.5.2.2).

## 3.2 DIE EIESINNIGE KLEUTER

Volgens Hurlock (2000:93) is die kleuterfase oor die algemeen 'n baie intense fase en toon alle kleuters gedrag wat dit soms besonder moeilik maak om selfs die "normale" kleuter te hanteer (sien 1.2). Party kleuters het egter 'n buitengewone sterk wil en presenteer meestal met negatiewe gedragseienskappe soos hardkoppigheid, ongeduld, weerstand, ontevredenheid en woedeaanvalle (Forehand & Long, 2002:10). Die wyse waarop ouers hierdie negatiewe gedrag hanteer, vererger dikwels die gedragseienskappe wat hulle wil verander en laat 'n gevoel van onbevoegdheid en frustrasie by die ouer weens 'n gebrek aan kennis van beide eiesinnigheid en meer effektiewe hanteringsmetodes.

### 3.2.1 Definisie en gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter

In die klassieke werk *The difficult child*, definieer Turecki (in Bee & Boyd, 2007:246) die eiesinnige kleuter soos volg: *"...the strong willed child has a high level of physical activity, poor concentration, emotional intensity, stubbornness, hypersensitivity to physical and sensory stimuli, a tendency to cling to parents in social situations and difficulty adapting to changes"*. Vanuit hierdie bron word daar verder uitgelig dat ouers 'n behoefte aan tegnieke en riglyne het om hulle kleuter te hanteer, aangesien hulle gefrustreerd, onbevoeg en hulpeloos voel en die eiesinnige kleuter as "*…impossible to parent"* ervaar. Patterson (in Bee & Boyd, 2007: 256,257) se benaming *"poor parental handling"* verwys na die korrelasie wat daar bestaan tussen ouers se hanteringsmetodes en die effek wat dit het op kinders se gedrag. Volgens Patterson is dit wel moontlik om 'n eiesinnige kleuter se negatiewe gedragseienskappe te verander deur ouers en primêre versorgers se kennis en begrip rakende die kleuterfase en eiesinnigheid as sodanig te verhoog en meer effektiewe hanteringsmetodes te gebruik.

Diller en Turecki (in Bee & Boyd, 2007:246) waarsku daarteen dat elke kind wat moeilik is om te hanteer, nie altyd as eiesinnig geklassifiseer kan word nie (sien 2.3.2.4). Forehand en Long (2002:60) se kriterialys van gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter (sien bylaag D) verskaf die vernaamste gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter. Forehand en Long (2002: 11), net soos Diller en Turecki, beklemtoon egter die feit dat hierdie gedragseienskappe slegs as 'n riglyn dien en dat alle kleuters wat met hierdie eienskappe presenteer, nie noodwendig as eiesinnig geklassifiseer kan word nie. Die sleutel lê ook nie in die hoeveelheid gedragseienskappe wat afgemerk kan word nie, maar in die frekwensie of gereeldheid waarmee 'n eienskap die kleuter se daaglikse funksionering beïnvloed en benadeel (sien 2.3.1.1).

### 3.2.2 Elemente wat eiesinnigheid kan beïnvloed

Volgens Weiten (2002:192) is gedrag die gesamentlike resultaat van die voortdurende interaksie tussen biologiese eienskappe, oorgeërfde eienskappe en die invloed van bepaalde omgewingsdeterminante, die sogenaamde *nature vs. nurture*-debat. Weiten (2002), Papalia (2002), Bee en Boyd (2007), Thomas (2000) en Berk (2003) betwis almal die vroeëre standpunt dat gedrag die resultaat van óf net biologies oorgeërfde eienskappe óf net die dominansie van sekere omgewingsdeterminante is. Thomas (2000:34) stel dit soos volg: *"A basic tenet of this modern interactionist approach is that nature and nurture are two different dimensions, each operating 100 percent in its role"*. MacKenzie (2001:20) beskou die waarneembare gedrag van die eiesinnige

kleuter as die resultaat van die interaksie tussen temperament (*nature),* ouerskapstyl en invloede van buite (*nurture).* Volgens hierdie standpunt bepaal en beïnvloed die interaksie tussen hierdie drie elemente die waarneembare gedrag en reaksie van beide die eiesinnige kleuter en die ouer. Dit korreleer met Bandura (in Weiten, 2002:190) se standpunt dat die individu sy eie gedrag en ontwikkeling bepaal, terwyl hy terselfdertyd deur omgewingsfaktore en sy eie gedrag beïnvloed word.

*3.2.2.1 Temperament*

Volgens Berk (2003:408) is temperament die natuurlike, aangebore en konsekwente gedragstyl van 'n individu, sowel as die intensiteit van sy emosionele reaksie, sy aktiwiteits- en aandagsvlak en sy vermoë tot selfregulering. Dit word nie deur die omgewing bepaal nie. Dit bly dieselfde in alle situasies en omstandighede en beïnvloed 'n individu se manier van optrede. Temperament is dus die HOE van gedrag en nie die HOEKOM nie (Turecki, 1994: 25). Die verskille in emosionele uitdrukking soos waargeneem deur gedrag, is hoofsaaklik te wyte aan temperament en kan reeds vanaf die eerste ure van 'n kind se lewe waargeneem word.

Die klassieke *New York Longitudinal Study* van Thomas en Chess (in Wolff, 1989: 27) was 'n uitgebreide en intensiewe studie van 141 kinders vanaf die kleuterfase tot en met vroeë volwassenheid. Die doel van hierdie studie, wat oor 20 jaar gestrek het, was om te bepaal wat die invloed van 'n individu se temperament is op sy waarneembare gedrag en reaksie. Die toepaslikheid van Thomas en Chess se longitudinale studie op hierdie intervensiestudie is die feit dat daar gefokus is op die temperamenteienskappe van kleuters, anders as byvoorbeeld Rothbart en Bates se *Vyf sleutelelemente van temperament* en Caspi, John *et al.* en McCroe en Costa (in Bee & Boyd, 2007:247-251) se *Big five traits,* wat hoofsaaklik fokus op adolessente en volwassenes se temperamenteienskappe. Thomas en Chess (in Berk, 2003:410) het nege temperamentdimensies geïdentifiseer waarvolgens gedrag en reaksie beskryf kan word. Hierdie temperamentdimensies sal vervolgens bespreek word:

- <u>Aktiwiteitsvlak</u> – Is die kind altyd aan die beweeg of besig om iets te doen, of is die kind oorwegend rustig?;
- <u>Konsekwente roetines en gedrag</u> – Is die kind in 'n gereelde roetine van eet en slaap met normale, voorspelbare en ongekompliseerde liggaamsfunksies, of is daar geen definitiewe patroon nie, met ander woorde, die kind is op ongereelde tye honger/wakker en uitskeidingsfunksies is ongereeld.

- Afleibaarheid – Die mate waarin stimulering en aktiwiteite van die omgewing gedrag beïnvloed en bepaal: byvoorbeeld 'n kind wat tydelik sal ophou huil/glad nie sal ophou huil as sy aandag afgetrek word met 'n speelding nie.
- Uitreik/ontrekking – Dit behels reaksies op onbekende mense en situasies: reageer die kind met vrees en onsekerheid en onttrek na die bekende persoon of omstandighede, of sal hy of sy uitreik en ontdek?
- Aanpasbaarheid – Die vermoë om aan te pas by 'n verandering in roetine en omstandighede.
- Aandagspan en deursettingsvermoë – Behels die hoeveelheid tyd wat afgestaan word aan 'n aktiwiteit: party kinders kan vir 'n lang tydperk gelukkig en tevrede wees om 'n aktiwiteit te doen, terwyl ander vinnig belangstelling verloor en nuwe stimulering soek.
- Intensiteit – Intensiteit en vlak van reaksie: party kinders reageer fel en intens op sekere situasies, terwyl ander kalm en rustig sal reageer.
- Reaksiedrempel – Die intensiteit of vlak van stimulasie wat nodig is om 'n reaksie te ontlok: party kinders reageer op skielike, skerp geluide deur te skrik of aan die huil te gaan; ander kinders sal min of geen notisie daarvan neem nie.
- Oorwegende bui/gemoedstoestand – Die algemene bui of gemoedstoestand van die kind: party kinders sal vrolik, gelukkig en tevrede speel, terwyl ander sal kla en huil.

Op grond van bogenoemde nege dimensies het Thomas en Chess (in Berk, 2003:410-411) drie basiese temperamenttipes geïdentifiseer:

- Maklik en aanpasbaar – Hierdie tipe kind is kalm, gelukkig en aanpasbaar, val gemaklik in by bestaande patrone en raak nie maklik ontsteld nie.
- Moeilik, aktief en intens – Hierdie tipe kinders is intens en raak gou geïrriteerd met geluide, verandering, roetine, nuwe situasies en mense. Hulle word gou kwaad en ontsteld, is fyngevoelig en verkies dat dinge gebeur soos hulle dit beplan het. Hulle is baie energiek, raak gou verveeld met herhaling en is klaerig (*"fussy"*).
- Versigtig, kyk-die-kat-uit-die-boom-benadering – Hierdie tipe kinders is gewoonlik relatief onaktief, reageer en onttrek aan nuwe uitdagings en mense, maar sal geleidelik meer positief raak soos wat die situasie/persoon meer bekend raak. Hulle hou van roetine en sal ook klaerig (*"fussy"*) wees, maar nie op 'n intense manier nie.

Alhoewel daar nie 'n suiwer, tiperende eiesinnige temperament is nie, wil dit tog uit bogenoemde voorkom of die eiesinnige kleuter tiperende eienskappe het wat grootliks ooreenstem met Thomas en Chess se moeilike, aktiewe en intense temperamenttipe (in Berk, 2003: 411).

Ten opsigte van die eiesinnige kleuter beklemtoon Kurcinka (2006:62) deurgaans die belangrikheid daarvan om kennis en begrip van temperament te hê aangesien dit die ouer sal help om die kleuter beter te verstaan en te hanteer. In die verband merk Kurcinka (2006:62) op dat:

> Temperament is real. It is not the terrible two's or some other phase. It does not go away. Your child does not get to choose his temperament, neither do you. To understand your child's temperament allows you to predict and understand your child's and your own first, most natural reactions.

Thomas en Chess (in Wolff, 1989:27) het egter met hulle studie daarop gewys dat ouers wat 'n bewustheid het van hul eie temperament en die wyse waarop dit hul reaksies en ouerskapstyl beïnvloed, 'n kind met 'n moeilike temperament en 'n sterk wil beter sal verstaan en meer positief sal hanteer, omdat hulle in die eerste plek begryp watter rol hul eie temperament speel. Cawood (2008) twyfel nie daaraan dat temperament 'n gedragsbepaler is nie en beskou die vasstel van beide ouer en kind se temperamenttipe as 'n voorvereiste vir terapie in haar privaatpraktyk. Sy beklemtoon voorts die feit dat sy dikwels glad nie eers die eiesinnige kleuter in haar praktyk hanteer nie, maar slegs ouerleiding doen. Tydens hierdie sessies word ouers se kennis rakende die tiperende eienskappe van hul eiesinnige kleuter verbreed. Die invloed van hul eie temperament in die hantering van hul kleuter word ook in perspektief gestel. Dit bring volgens haar alreeds 'n positiewe verandering in die ouer se hantering van die kleuter.

Berk (2003:408) ondersteun die siening dat ouers hul eie, unieke temperament in die interaksie tussen ouer en kleuter inbring. Wanneer 'n ouer en 'n kleuter se temperament baie ooreenstem, is dit makliker vir die ouer om met die kleuter te identifiseer en die kleuter se gedrag te verstaan, aangesien dit sin maak vanuit die ouer se perspektief van gedrag wat “aanvaarbaar” is. Dit is egter moeilik vir 'n ouer om begrip te hê vir 'n kleuter wie se temperament grootliks verskil van dié van die ouer, aangesien die kleuter se gedrag vanuit die ouer se persepsie, “onaanvaarbaar” is (Mackenzie, 2001:20). 'n Groot deel van ouers se emosionele energie gaan dus daarin om te probeer om die één element wat hulle nie kan verander nie, naamlik hul kleuter se temperament, te wíl verander, terwyl hulle eerder volgens MacKenzie (2001:23) moet konsentreer op die ánder twee

elemente, naamlik die bestuur en beheer van hul eie temperament en die aanpassing van hul ouerskapstyl.

*3.2.2.2 Ouerskapstyl*

MacKenzie (2001:23) wys daarop dat ouers se ervaring en belewing van hul kleuter, op twee vlakke registreer naamlik:

- ’n emosionele vlak, of hoe ouers oor hul kleuter voel en
- ’n waarneembare gedragsvlak, of hoe aanvaarbaar die kleuter se waarneembare gedrag vir die ouers is.

Genoemde twee vlakke bepaal grootliks die wyse waarop ouers huishoudelike en sosiale reëls aan hul kinders oordra. Baumrind (in Louw *et al.,* 1998: 368) noem die wyse waarop ouers hul kinders grootmaak die ouerskapstyl van elke ouer. Ouerskapstyl word beïnvloed deur die manier waarop ouers grootgeword het en hulle eie ouers ervaar het. Soos reeds genoem, beskou Pickhardt (2005:74) ouerskapstyle as die “wat en hoe” van ouer-kindinteraksie, naamlik wat wil ek bereik met hierdie situasie en hoe gaan ek dit bereik? (sien 2.3.2.2).

Baumrind (in Louw *et al.,* 1998:368-369) noem dat die ouerskapstyl wat die ouer implementeer 'n sterk invloed het op kinders se sosiale en emosionele ontwikkeling en denke oor hulself en identifiseer voorts die volgende drie ouerskapstyle: die outokratiese/strafgerigte styl, permissiewe styl en die demokratiese/gesaghebbende styl. Vir die doel van hierdie intervensiestudie sal 'n vierde ouerskapstyl, naamlik die gemengde ouerskapstyl van MacKenzie (2001:62), ook van toepassing wees.

- <u>Outokraties/strafgerig</u> – Met hierdie ouerskapstyl plaas die ouer volgens Baumrind (in Louw *et al.,* 1998: 368) 'n hoë premie op absolute gehoorsaamheid, in so 'n mate dat die ouer selfs die kind sal verwerp indien gehoorsaamheid nie na wense is nie. Streng kontrole, 'n onsimpatieke houding, afsydigheid en min of geen kommunikasie, is van die verhoudingskenmerke binne hierdie ouerskapstyl. Ouers gaan ook van die standpunt uit dat dit hulle werk en plig is om hulle kinders te beheer, besluite namens hulle te neem en hulle kinders se probleme vir hulle op te los. Die ouer speel polisie, regter of skeidsregter met die doel om 'n skuldige te identifiseer wat gestraf moet word. Die proses is luid, aggressief en afbrekend. Samewerking of instemming word gemotiveer deur vrees, dreigemente en

intimidasie. Baumrind (in Louw *et al.*, 1998:368) is voorts van mening dat dit 'n wen/verloor-situasie is, waar die ouer gewoonlik wen en al die mag het.

Volgens Baumrind (in Louw *et al.*, 1998:368) gaan die ouer van die standpunt uit dat dissipline slegs effektief is as dit sleg is, seermaak of vrees inboesem, byvoorbeeld deur die kind pak te gee, te hok, voorregte te ontneem, die kind te kritiseer, te blameer en op die kind se gevoel speel. Die resultaat van hierdie tipe ouerskapstyl, is dat die ongewenste gedrag wel staak, maar geen positiewe leer soos probleemoplossing, verantwoordelikheid en respekvolle kommunikasie vind plaas nie.

In die geval van 'n eiesinnige kleuter sal hierdie tipe ouerskapstyl nie doeltreffend wees nie en kan dit juis die negatiewe gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter (sien bylaag D) vererger. Die normale kleuter sal reageer uit vrees vir straf, maar die eiesinnige kleuter sal reageer met rebellie, woede, hardkoppigheid, wraak, onttrekking of gedwonge onderdanigheid. Die gevolge van hierdie negatiewe leer is seergemaakte gevoelens, verbreekte verhoudings en voortdurende konflik. Kleuters leer dat luidrugtige, kwaai en afbrekende kommunikasie die enigste manier is om konflik te hanteer en probleme op te los en sal derhalwe in 'n magstryd gaan om hulle sin te kry (MacKenzie, 2002:51). Van der Merwe (2008) ondersteun MacKenzie se bevindinge en beklemtoon dat ouers wat hierdie tipe ouerskapstyl volg, juis die gedrag wat hulle wil verander, vererger, aangesien elke gebeurtenis oorgaan in 'n hewige magstryd. Van der Merwe (2008) bevestig ook dat een van die gevolge van die outoritêre ouerskapstyl, swak kommunikasie tussen ouer en kleuter is.

- <u>Permissief</u> – Volgens Baumrind (in Louw *et al.*, 1998:369) is hierdie ouerskapstyl gebaseer op 'n verhouding van vryheid, gelykheid en wedersydse respek. Die kind het absolute vryheid met min of geen dissipline. Die hoofdoel van die ouer met hierdie tipe ouerskapstyl is om die kind se samewerking met so min as moontlik konflik te kry. MacKenzie (2001:54) noem dit die *"lots of words, little action"*-benadering. Die ouer sal onduidelike opdragte of seine gee, wat aan die kind die ruimte gee om dit te interpreteer soos hy wil. Die ouer sal waarsku, dreig, stry, pleit, preek, argumenteer, onderhandel, omkoop, kompromieë aangaan en dan ingee en die kind toelaat om self te besluit hoe en wanneer hy iets wil doen. Indien die ouer konsekwensies uitspel, word dit gewoonlik te laat toegepas en raak dit oneffektief. Meestal vermy ouers dit om die beloofde konsekwensies tot uitvoering te bring en alhoewel die interaksie respekvol is, is dit nie ferm of effektief nie. Dit is ook 'n

wen/verloor-situasie, maar al die mag en beheer lê by die kind. Ook hier vind geen positiewe leer plaas nie, aangesien die kind leer dat probleemoplossing hoofsaaklik geskied deur oorreding en dat dade-en-gevolg nie bestaan nie (MacKenzie, 2001:61).

Die navorser is van mening dat hierdie tipe ouerskapstyl ook nie doeltreffend is in 'n huishouding met 'n eiesinnige kleuter nie. Die eiesinnige kleuter is 'n aksie/dadeleerder en dade spreek duideliker as woorde. In die geval van die permissiewe ouerskapstyl is die boodskap wat aan die eiesinnige kleuter oorgedra word, dat reëls en grense daar is vir ander mense om toe te pas. ʼn Ouer wat onderhandel, dreig, herhaal en pleit, beteken vir die kleuter dat daar nog 'n opsie is om nie gehoorsaam te wees nie. Die eiesinnige kleuter reageer deur die ouer te ignoreer, uit te daag, te argumenteer, te debatteer, te kla, bloot net hardkoppig te wees en as 'n laaste uitweg, 'n woedeaanval te loods en op die ouer se gevoelens te speel deur goed te sê soos: “Jy is nie meer lief vir my nie” (sien 2.3.2.3). Die eiesinnige kleuter weet uit ondervinding dat die ouer sal toegee as hy die ongewilde besluit lank genoeg teenstaan (MacKenzie, 2001:56).

Hier is ook geen oorsaak-en-gevolg-konneksie nie, aangesien die ouer die boodskap oordra van “wat ek sê is nie noodwendig wat ek doen nie”. Volgens MacKenzie (2001:86) beteken hierdie boodskap vir die eiesinnige kleuter “ek kan as ek wil...” (sien 2.3.1.3). Ook hier sal die verhouding gebou wees op 'n magstryd en konflik, maar sonder die afbrekendheid en intensiteit van die outokratiese styl.

- <u>Gemengde ouerskapstyl</u> – Hierdie ouerskapstyl is volgens MacKenzie (2001: 62 - 67) nie ferm of respekvol nie en die inkonsekwente optrede van die ouer is die vernaamste eienskap van hierdie styl. Hierdie ouerskapstyl begin gewoonlik permissief en gaan dan oor in die outokratiese styl as eersgenoemde nie die gewenste gehoorsaamheid en gedrag gebring het nie. Hier is veral twee scenario's van toepassing. 'n Ouer wat byvoorbeeld moeg van die werk af kom en ook nog sleg voel oor 'n vorige keer se outokratiese dissipline, het die goeie strewe om die aand se roetine met so min as moontlik konflik te laat verloop. Indien die ouer egter opdragte moet herhaal en die kind dreig, pleit en omkoop, kan dit tot 'n uitbarsting lei waarna die ouer maar weer teruggryp na die implementering van die outokratiese ouerskapstyl. Die tweede scenario is waar die twee ouers se ouerskapstyl verskil en die een permissief en die ander outokraties is. Die kleuter ervaar dus die hele tyd ʼn wisseling tussen die permissiewe en die outokratiese styl. Die normale kleuter sal verward voel met hierdie tipe wisseling tussen ouerskapstyle, terwyl die eiesinnige kleuters

die situasie sal uitbuit deur op ouers se gevoelens te speel of ouers teen mekaar af te speel om hulle sin te kry. Die resultaat van hierdie tipe ouerskapstyl is gewoonlik konflik tussen die ouers, terwyl die kleuters hulle sin gekry het en tevrede voel oor die uitkoms. Ouers wat hierdie ouerskapstyl volg, begeer om meer ferm, respekvol en konsekwent te wees, maar besit nie oor die nodige kennis of vaardighede om dit wel toe te pas nie (MacKenzie, 2001: 62-67).

- Gesaghebbend/demokraties – Volgens Baumrind (in Louw *et al.*, 1998:369) is hierdie tipe ouerskapstyl ferm en konsekwent, maar respekvol. Dit moedig ook onafhanklikheid aan. Reëls en grense word met kinders bespreek en die doel is nie net om die ongewenste gedrag te beëindig nie, maar ook om verantwoordelikheid, respekvolle probleemoplossing en oorsaak-en-gevolg tuis te bring. Dit is 'n wen-wen-situasie waar grense en reëls duidelik gekommunikeer word en kleuters net soveel mag en beheer gegee word as wat hulle in staat is om te hanteer. Hierdie styl verg minder tyd en minder energie en die verhouding tussen die kleuter en die ouers ly nie skade nie, gevoelens word nie seergemaak nie en daar bestaan ook nie voortdurende konflik tussen ouers en kleuters nie. Binne grense sal besluitneming deur konsensus bereik word en klem word geplaas op die wyse of manier waarop grense gestel word. Die ouer bly egter steeds die volwassene en het die finale sê. Dit wil voorkom of die sleutel tot sukses van hierdie ouerskapstyl geleë is in die balans wat daar bestaan tussen duidelike grense met genoeg keuses en vryheid (Louw *et al.*, 1998:369).

MacKenzie (2001:69-70) dui aan dat hierdie tipe ouerskapstyl effektief is in die hantering van die eiesinnige kleuter, omdat dit duidelik gekommunikeer word. Die verbale boodskap word ondersteun deur gepaste dade, sonder al die frustrasies, woede en konflik. Die boodskap en die opdrag aan die kleuter is duidelik en eenvoudig en daar is samewerking aangesien positiewe leer en onderrig gelyktydig plaasvind. Konsekwensies wat gewortel is in keuses, asook konsekwensies wat onmiddellik van toepassing is, skep 'n positiewe leergeleentheid waar die kleuter leer om effektief te kommunikeer, probleemoplossend te dink en keuses uit te oefen. Hierdie ouerskapstyl is doeltreffend in die hantering van die eiesinnige kleuter, aangesien die kleuter besef dat woorde en dade hand-aan-hand gaan. Grense en reëls word toegepas en die ouer se verbale instruksies word ernstig opgeneem, aangesien die kleuter deur ondervinding geleer het dat woorde, dade en konsekwensies deurgevoer word. Die kleuter sal ook minder geneig wees om grense te toets, aangesien daar beperkte en hanteerbare keuses is wat duidelik gekommunikeer is (MacKenzie, 2001:71).

*3.2.2.3 Eksterne invloede*

Om 'n goeie ouer te wees, effektiewe hanteringsmetodes toe te pas, kennis van die kleuter en die eie temperament te hê en 'n bewustheid van die effek van ouerskapstyl, is egter nie die enigste elemente wat 'n invloed het op die kleuter nie (Forehand & Long, 2002:27-39). Bronfenbrenner (in Papalia, 2002:31-33) se sistemiese teorie toon dat die individu se leefwêreld, die sogenaamde mikrosisteem, beïnvloed word deur die bestaande sisteme wat hom omring (sien 2.3.2.2). Niks gebeur of funksioneer in isolasie nie. Op grond hiervan is dit duidelik dat sekere gebeure en faktore buite die individu (in dié geval die ouer) se mikrosisteem, 'n invloed sal hê op die manier waarop ouers die kleuter hanteer. Foreman en Long (2002:27-39) identifiseer die volgende eksterne faktore en gebeure wat 'n invloed het op beide die hanteringsmetodes van die ouer en die kleuter se gedrag: egskeiding, hertroue, depressie, siekte, alkoholmisbruik, ADHD, televisie, skool, vriende en die uitgebreide familie.

Forehand en Long (2002:29-38) beklemtoon dat bogenoemde veranderlikes 'n groter effek het op die eiesinnige kleuter as op ander kleuters, aangesien die eiesinnige kleuter nie positief reageer op verandering, nuwe situasies, nuwe persone en 'n wisseling in hanteringsmetodes nie. In die lig hiervan stel Forehand en Long daarom voor dat alle veranderinge onmiddellik, duidelik en eerlik gekommunikeer moet word, asook die effek wat die veranderinge op die kleuter gaan hê. Grense, reëls en roetines moet so ver moontlik dieselfde bly en in die geval van egskeiding moet beide ouers poog om konsekwent op te tree in beide huishoudings. Die eiesinnige kleuter sal verandering en onsekerheid baie intens ervaar en die ouer wat dit verstaan, sal die kleuter beter kan ondersteun. Hierdie eksterne invloede het dikwels ook 'n beperkende invloed op die ouer en Forehand en Long (2002:156) stel voor dat die ouer daarop moet fokus om oplossings te kry vir die probleme en veranderinge wat hulle wel kan hanteer, ten einde strukture in plek te kry om hierdie probleme te bestuur. 'n Geringe hoeveelheid struktuur is beter as géén struktuur.

3.2.3 Die eiesinnige kleuter: verskillende ontwikkelingsperspektiewe

Kennis oor ontwikkeling is waardevol, aangesien dit die mens in staat stel om veranderinge en funksioneringswyses beter te begryp (Thomas, 2000:29). Die navorser is gevolglik van mening dat ouers wat kennis dra van die tiperende kenmerke van die kleuterfase die kleuter sal verstaan. Ontwikkeling in sy breedste sin kan gedefinieer word as 'n geleidelike, waarneembare verandering van die kind-in-totaliteit ten einde in die rigting van toereikende volwassenheid te beweeg (Louw *et al.*, 1998:5). Kennis oor ontwikkeling is baie waardevol aangesien dit die mens in staat stel om

veranderinge en funksioneringswyses beter te verstaan (Thomas, 2000:29). Toereikende volwassenheid beteken dat die kind-in-totaliteit op al die ontwikkelingsterreine tot volle wasdom moet kom. De Witt (1994:3) identifiseer die volgende ontwikkelingsterreine: liggaamlik/fisies, kognitief, emosioneel, sosiaal, sedelik-normatief en persoonlikheid. Hierdie ontwikkelingsterreine kan afsonderlik bestudeer word, sonder om die geheel uit die oog te verloor. Die uitkomste van elke terrein binne die kleuterfase word volledig bespreek in Papalia (2002:210-262). Vir die doel van hierdie studie sal daar selektief en waar van toepassing, na die verskillende ontwikkelingsterreine verwys word.

Ontwikkelingsteorieë wat van belang is vir hierdie intervensiestudie is Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling, Erikson se psigososiale teorie, Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling, Skinner se teorie van operante kondisionering en Bandura se teorie van sosiale leer. Vir die doel van hierdie studie sal genoemde ontwikkelingsteorieë nie volledig bespreek word nie, maar sal daar slegs gefokus word op die uitkomste wat op die eiesinnige kleuter van toepassing is. 'n Volledige bespreking van elke teorie is wel te vinde in Weiten (2002), Thomas (2000), Berk (2003) en Bee en Boyd (2007).

Alhoewel daar gefokus word op die eiesinnige kleuter, kan hierdie fase egter nie in isolasie bestudeer word nie, aangesien ontwikkelingsuitkomste in die voorafgaande peuterfase 'n definitiewe invloed sal hê op die uitkomste van die kleuterfase. Papalia (2002:22) bevestig hierdie stelling deur daarop te wys dat elke ontwikkelingsfase die voorafgaande en daaropvolgende fase vorm en stuur. Tydens die peuterfase, wat strek vanaf ongeveer agtien maande tot drie jaar, begin sosialisering. Dit verwys na die proses waardeur die kind leer om aan die morele en sosiale standaarde, rolverwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke gemeenskap en kultuur te voldoen. Sosialisering geskied binne 'n sosiale omgewing en sluit almal met wie die kind in interaksie is in, byvoorbeeld die ouers, broers en susters, portuurgroep, onderwysers en grootouers (Plug *et al.* in Louw *et al.*, 1998:232). In die volgende bespreking sal daar, waar van toepassing, na die peuterfase ook verwys word met die doel om die uitkomste van die kleuterfase binne elke ontwikkelingsteorie in perspektief te plaas.

*3.2.3.1 Modellering*

Bandura se teorie van sosiale leer stel dit dat leer geskied deur die modellering van geobserveerde gedrag en fokus hoofsaaklik op die sosiale ontwikkelingsterrein (in Weiten 2002:190). Bee en Boyd (2007:259) is van mening dat modellering binne sosialisering en die sosiale omgewing 'n

kragtige gedragsbepaler is. Die gedrag wat kinders by hulle ouers sien, dien as model van die gedrag wat die kind as reg, effektief en aanvaarbaar sal beskou en hierdie geobserveerde model reguleer en bepaal die kind se gedrag (Weiten, 2002:192). In hierdie verband meld Bee en Boyd (2007:259) dat die gesin as eerste sosialiseringsagent die basis verskaf van aangeleerde gedrag, aangesien die onderlinge interaksie van gesinslede met mekaar die kind se eerste observasie van gedrag is.

Ouers verwag dat die kleuter sal doen wat hulle sê, maar volgens Bandura se teorie van sosiale leer is die omgekeerde egter waar en sal kleuters weens modellering eerder doen wat hulle sien (in Weiten, 2002:192). 'n Ouer wat aggressief en afbrekend is tydens konflik en gil en skreeu om ander mense tot inskiklikheid te bring of 'n broer of suster wat sy of haar sin kry na 'n woedeaanval, is almal voorbeelde van gedrag wat die kleuter sal modelleer, aangesien die kleuter deur waarneming tot die gevolgtrekking gekom het dat die verwagte uitkoms bereik is.

Forehand en Long (2002:17) beklemtoon dat ouers met 'n eiesinnige kleuter 'n goeie voorbeeld moet stel, asook 'n positiewe gedragsmodel wat fokus op assertiewe eerder as aggressiewe gedrag. Gedragseienskappe soos deursettingsvermoë, taakvoltooiing en aanpasbaarheid kan ook deur voorbeeld en modellering aangeleer word, aangesien Thomas en Chess daarop gewys het dat die eiesinnige, moeilike temperamenttipe nie genoemde eienskappe op 'n natuurlike, spontane wyse bemeester nie (in Berk, 2003:410).

Piaget (in Bee & Boyd, 2007:461) se teorie van kognitiewe ontwikkeling verwys na die ontplooiing van waarneming, gewaarwording, leer, denke en geheue weens die interaksie tussen biologiese rypwording en ervarings uit die omgewing. Hierdie interaksie is verantwoordelik vir die daarstel van sekere skemas, wat weer die boustene vorm in die regulering van handelinge en die ordening van ervarings (Thomas, 2000:247). In die pre-operasionele fase is die ontwikkeling van 'n selfskema die vernaamste uitkoms van hierdie fase en verwys dit na die persepsie wat kleuters ontwikkel oor hul eie vermoëns, vaardighede, standaarde en kwaliteite. Indien 'n eiesinnige kleuter gedrag modelleer en dit volgens die kleuter se persepsie 'n positiewe uitkoms het, versterk dit die skema van kognitiewe gedrag, sowel as die selfskema en sal die kleuter hierdie gedragseienskappe assimileer. Kognitiewe leer deur modellering verskaf dus aan die kleuter die geleentheid om response te oefen. Indien die response suksesvol en bevredigend werk, sal dit volgens Bee & Boyd (2007:259) die kleuter se patroon van probleemoplossing word.

Volgens Piaget (in Bee & Boyd, 2007:462) is die grootste tekortkoming van hierdie fase die feit dat denke egosentries is en die  kleuter nog nie in staat is om ander se standpunt in te sien nie.  Kleuters is oor die algemeen daarop ingestel om hul eie behoeftes en begeertes te bevredig, sonder dat daar 'n kognitiewe bewustheid is dat ander dalk benadeel mag word.  Indien 'n kleuter dus gemodelleerde gedrag waarneem wat hierdie persepsie versterk, soos byvoorbeeld 'n outoritêre ouer wat samewerking kry deur aggressie, sal die kind hierdie waarneembare gedrag van die ouer modelleer en aanvaar dat dit reg en aanvaarbaar is om dieselfde probleemoplossingspatrone te openbaar. Volgens Kurcinka (2006:9) sal die eiesinnige kleuter hierdie eienskappe in die oortreffende trap openbaar.

*3.2.3.2 Versterking*

Skinner (in Weiten, 2002:184) is van mening dat gedrag en reaksie bepaal word deur kondisionering of versterking en dit impliseer 'n gunstige uitkoms wat die gedrag of reaksie versterk.  Dit geskied hoofsaaklik op twee maniere, naamlik positiewe versterking en negatiewe versterking.  Positiewe versterking behels die versterking van die kleuter se gedrag of reaksie, omdat dit gevolg word deur die aanbieding van 'n beloning of positiewe resultaat (sien 2.3.2.1).  In die geval van eiesinnige kleuters weet hulle dat hulle die speelding of lekker sal kry as hulle huil of 'n woedeaanval loods, aangesien dit òf vantevore al gewerk het, òf hulle dit by 'n broer of suster of iemand in hul portuurgroep waargeneem het.

Volgens Skinner (in Weiten, 2002:184) behels negatiewe gedragsversterking dat kleuters weet dat hul gedrag 'n onaangename, ongewenste en negatiewe gebeurtenis sal verwyder en stop.  Eiesinnige kleuters sal byvoorbeeld huil of 'n woedeaanval loods, omdat hulle weet dat hulle dan nie hoef te gaan bad/slaap nie of sekere klere hoef aan te trek nie.  Hier is dus nie sprake van 'n positiewe beloning soos 'n lekker of 'n speelding nie.  Beide positiewe en negatiewe versterking maak gebruik van transduktiewe redenering en skematies kan transduktiewe redenering soos volg voorgestel word: as A=B, dan sal B=A.  Vir die eiesinnige kleuter beteken dit dat as vorige gedrag die gewenste resultate gelewer het, sal dit in alle omstandighede dieselfde resultate lewer.  Hierdie tipe denke dra dus by tot die versterking van gedrag, positief of negatief.  Die ouer moet dus bedag wees daarop dat hy nie hierdie tipe gedrag onwetend versterk nie.  MacKenzie (2001:17) is van mening dat fisiese moegheid na 'n werksdag, asook frustrasies of gevoelens van onbevoegdheid, kan veroorsaak dat die ouer wel inkonsekwent optree en so onwetend bydra tot gedragsversterking.

Forehand en Long (2002:17) stem saam met Skinner dat versterking 'n baie kragtige instrument is in die hantering van die eiesinnige kleuter en dat die konsekwente en onmiddellike toepassing van ferm, duidelike grense en konsekwensies wel die gewenste gedrag sal versterk en vaslê, veral as die kleuter sien en ervaar dat die ouer se woorde en dade ooreenstem: elke keer, elke dag. Die kleuter sal tot die besef kom dat woedeaanvalle, huil en aggressie nie meer die gewenste uitwerking het nie. Ouers kan ook weg beweeg van materiële belonings na eenvoudige, alternatiewe sosiale belonings soos 'n drukkie, positiewe reaksie en kwaliteittyd. Dit dra ook 'n boodskap van aanvaarding en goedkeuring oor (Forehand & Long. 2002:17).

MacKenzie (2001:246) is van mening dat versterking op twee vlakke plaasvind, naamlik vlak een wat 'n kunsmatige, vinnige verandering is wat van korte duur is en vlak twee wat ʼn langer proses is, maar ʼn meer permanente verandering tot gevolg het. Vlak een het geen langtermyn invloed op waardes nie en sal stop indien die kleuter sien dat die ouer nie konsekwent optree nie. Hierdie tipe verandering volg gewoonlik binne die eerste twee of drie weke nadat die ouer fermer, alternatiewe hanteringsmetodes begin toepas het. Die ouer kan geflous word daardeur en minder ferm begin optree of terugval op die vorige, oneffektiewe hanteringsmetodes. Vlak twee versterking sal eers werklik plaasvind indien die ouer die nuwe, alternatiewe hanteringsmetodes konstant, langdurig en konsekwent begin toepas. Verandering en versterking neem tussen drie en ses maande, want dan het die ouer aan die kleuter bewys dat sy of haar dade en woorde ooreenstem (MacKenzie, 2001:246). MacKenzie (2001:252) stel dit soos volg: "*Change and reinforcement means the child believes your words*".

*3.2.3.3 Straf*

Die basiese beginsel van Kohlberg (in Louw *et al.*, 1998: 484) se teorie van morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders beginsels aanleer wat hulle in staat stel om gedrag as "reg en aanvaarbaar" of "verkeerd en onaanvaarbaar" te beoordeel en dan hulle gedrag volgens hierdie beginsels te rig. Kohlberg stem saam met Piaget dat 'n sekere vlak van kognitiewe ontwikkeling 'n voorvereiste is vir die ontwikkeling van morele redenering en gedrag.

Vlak een van Kohlberg (in Louw *et al.*, 1998:484) se teorie, naamlik die pre-morele vlak, se stadium een (gehoorsaamheid en straf) en stadium twee (naïewe egoïsme en instrumentele oriëntasie) is op die kleuter van toepassing. Hiervolgens is die kleuter nog baie ver verwyderd van 'n vlak van morele ontwikkeling wat deur outonome individuele morele beginsels gekenmerk word. Morele gedrag is nog selfgesentreerd en ingestel op die bevrediging en vermyding van eie behoeftes

en vrese. Op vlak een val die klem dus hoofsaaklik op eksterne kontrole en konkrete en direkte gevolge (Papalia, 2002: 424).

In die hantering van die eiesinnige kleuter, sal stadium een, volgens Kohlberg (in Louw *et al.*, 1998:484), beteken dat die kleuter reëls sal gehoorsaam om straf te vermy. Wat "reg" of "verkeerd" is, hang af van die soort straf wat hy of sy vir die gedrag gaan ontvang. Aangesien die eiesinnige kleuter, soos reeds genoem, 'n dadeleerder is, moet die ouer veral let op die manier waarop straf toegepas word, veral as die ouer geneig is om fel en met woede te straf. Die morele beginsel wat dan vasgelê word, is dat geweld effektief is.

Straf dra 'n boodskap oor van hoe probleme nie opgelos moet word nie, eerder as hoe probleme wel hanteer kan word. Forehand en Long (2002:19) beklemtoon dat straf altyd oortredingsverwant moet wees en oordeelkundig en met groot sorg toegepas moet word, aangesien dit net 'n tydelike en korttermyn oplossing is vir ongewenste gedrag. Dikwels wend ouers hulle tot al strenger en erger strafmaatreëls om die straf effektief te hou. Voorbeelde van genoemde strenger strafmaatreëls sluit in oormatige lyfstraf, "*time out*", kritiek en teregwysings en die wegneem van sekere voorregte - alles in die oortreffende trap. In dié verband waarsku Forehand en Long (2002:19) dat dit op die lange duur ander probleemgedrag tot gevolg kan hê, soos dat die kleuter hierdie strafmaatreëls en gedrag op hul maats en broers en susters kan toepas.

Volgens Kohlberg (in Louw *et al.*, 1998:484) behels stadium twee die gehoorsaam van reëls om belonings of gunste te kry. In die geval van die eiesinnige kleuter sal reëls slegs gehoorsaam word indien die ouer 'n beloning bied in ruil vir die kind se samewerking. Soos reeds gemeld (vergelyk MacKenzie, 2001:99), is die eiesinnige kleuter 'n dadeleerder wat uit ondervinding geleer het dat die ouer selde konsekwensies toepas en eerder die sogenaamde "*family dance*" (sien 2.3.2.1) sal uitvoer. Die kleuter sal dus toets om te kyk of die ouer 'n grens ferm sal toepas of eerder konflik sal vermy en 'n beloning aanbied om samewerking te kry. Die ouer moet dus daarteen waak om inskiklikheid en samewerking te kry deur straf of 'n beloning, aangesien geen positiewe leer plaasvind nie.

*3.2.3.4 "Goodness of fit"*

Kohlberg (in Louw *et al.*, 1998:484) het bevind dat daar by volwassenes dikwels 'n diskrepansie bestaan tussen persone se ideale beeld en hulle reaksie of gedrag op lewenswerklikhede. Turecki (1994:29) definieer die benaming "*goodness of fit*" as die verenigbaarheid tussen kinders se

aangebore kenmerke en die verwagtinge van hulle ouers (sien 2.3.2.2). Indien die ideale prentjie en die kleuter se gedrag "pas", het dit 'n gemaklike en positiewe verhouding tot gevolg, maar as die prentjie nie pas by die lewenswerklikhede nie, veroorsaak dit dikwels frustrasie en konflik in die verhouding. Hierdie ideale prentjie dra daartoe by dat ouers kleuters verkeerd hanteer, wat weer kan veroorsaak dat kleuters voel dat hulle nooit die ouers se goedkeuring het nie (MacKenzie, 2001:24).

Die "*goodness of fit"*-model herinner ouers daaraan dat elke kind spesifieke en unieke kenmerke het en dat volwassenes dit reg moet hanteer en bestuur. Die navorser is van mening dat ouers nie al die krediet kan neem vir hul kleuter se positiewe punte en gedrag nie en ook nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die kleuter se foute nie. Ouers moet ook vaardighede aanleer om die kleuter se omgewing so te bestuur dat swakhede in sterkpunte omskep kan word.

*3.2.3.5 Spesifieke probleemareas*

Forehand en Long (2002:229) identifiseer die volgende spesifieke probleemareas wat tot konflik tussen ouer en kleuter lei en die ouer laat met gevoelens van frustrasie en onbevoegdheid: badtyd, klere: aantrek/uittrek/kies, slaaptyd, etenstyd, woedeaanvalle, ignorering van opdragte, uitstel van opdragte en winkel toe gaan. Louw *et al.* (1998:13) beskou die wyse waarop ouers spesifieke probleemareas hanteer as van kardinale belang in die emosionele ontwikkeling van die kind.

Erikson (in Weiten, 2002:335) se agt-fase teorie van psigososiale ontwikkeling lê ook klem op die belangrike invloed wat sosialisering en die sosiale omgewing op die emosionele ontwikkelingsterrein het. Erikson (in Weiton, 2002:335) beskou ook die ouers of primêre versorgers as die belangrikste, aanvanklike sosialiseringsagente, want dit is hier waar die kind sy selfwaarde leer ken, asook hoe om teenoor ander op te tree. Louw *et al.* (1998:471) meld in hierdie verband dat elke fase 'n ander psigologiese krisis bevat waarbinne kleuters moet leer dat hulle hul omgewing kan vertrou, steun en aanmoediging van hul sosiale omgewing (ouers, onderwysers, portuurgroep) kan verwag en geleenthede gebied word om te verken. Louw *et al.* (1998:471) gaan voort deur melding te maak dat die wyse waarop daar op die kind se gedrag, pogings en optrede gereageer word, die uitkoms van die psigologiese krisis van die betrokke fase sal versterk, hetsy positief of negatief.

Erikson (1995:244) plaas die kleuter in die sogenaamde inisiatief teenoor skuld-fase en aangesien eiesinnige gedrag reeds vanaf die peuterfase voorkom, sal die outonomie teenoor twyfel-fase ook 'n

invloed hê op die emosionele ontwikkeling van die eiesinnige kind. Die basiese vraag van die outonomie teenoor twyfel-fase is: “Kan ek dinge self doen of moet ek altyd op ander staatmaak?” Indien die sosiale omgewing positief op hierdie vraag reageer, is die sintese selfstandigheid, positiewe wilskrag en assertiewe gedrag. Indien die reaksie negatief is, sal die sintese twyfel, skaamte en negatiewe wilskrag wees. Die navorser is van mening dat indien 'n ouer te kontrolerend is, dit tot baie konflik kan lei aangesien die kind in hierdie fase van outonomie begin verantwoordelikheid neem vir spesifieke aktiwiteite soos badtyd, slaaptyd en die uitkies van klere. In hierdie verband is Weiten (2002:335) van mening dat voortdurende konflik en afkeur in die peuter se gedrag en keuses, die peuter se wilskrag sal versterk en hom of haar sal laat twyfel oor sy of haar eie vermoëns, aanvaarbaarheid en waarde.

Volgens Erikson (1995:224) sal die uitkoms of sintese van hierdie voorafgaande fase grootliks die sintese van die volgende fase, naamlik die inisiatief teenoor skuldfase beïnvloed. Die basiese vraag wat die kleuter in hierdie fase vra, is: “Is ek goed of is ek sleg?”. Indien die sintese of uitkoms van hierdie vraag negatief is, sal skuldgevoelens oorheers. Doelgerigtheid, selfstandigheid en die vrymoedigheid om inisiatief te neem in sosiale verhoudings en ander aktiwiteite sal die positiewe sintese wees (Weiten, 2002:336).

Louw *et al.* (1998:471) is van mening dat die grootste uitdaging vir die kleuter is om binne die sosiale omgewing van die gesin te funksioneer. Indien gesinslede goed oor die weg kom, sal dit die kleuter se selfvertroue laat toeneem, maar indien daar heelwat konflik is, soos veroorsaak word deur die spesifieke probleemareas wat reeds genoem is, laat dit 'n gevoel van minderwaardigheid en skuld. Kleuters se ervaring van hul ouers se optrede en reaksie in die voorafgaande peuterfase sal die sintese van inisiatief teenoor skuld-fase versterk, hetsy positief of negatief, aangesien aspekte soos voortdurende kritiek en ontevredenheid die persepsie kan laat dat hulle nie goed genoeg is nie, dat die ouers nooit tevrede is nie en dat die kleuter se keuses nie vertrou word nie (Weiten, 2002:336).

MacKenzie (2001:30) beklemtoon dat die ouer van 'n eiesinnige kleuter daarop moet let dat grense en verwagtinge ferm en duidelik oorgedra moet word, sonder dat die kleuter se inisiatief gekortwiek word. Die gee van ouderdomstoepaslike keuses ontwikkel nuwe vaardighede en verskaf aan die kleuter 'n gevoel van eiewaarde en persoonlike bemeestering, daarom is dit onafwendbaar dat die neergelegde grense en reëls getoets en soms oortree sal word. Die toetsing van die neergelegde grense laat die kleuter skuldig en onseker voel. Die reaksie en ondersteuning van ouers of die eerste sosiale omgewing op hierdie toetsing van grense is belangrik. Die kleuter moet leer om die

verantwoordelikheid van sekere aktiwiteite te neem, maar nie ontmoedig word deur mislukkings nie (De Witt, 1989:23).

## 3.3 SAMEVATTING

Die rol wat die sosiale omgewing speel in die bereiking van al die uitkomste van die verskillende ontwikkelingsterreine is onbetwisbaar. Uit die literatuur, natuurlike voorbeelde en empiriese bevindinge is dit duidelik dat die onmiddellike sosiale omgewing (ouers, broers en susters, portuurgroep, onderwysers en grootouers) 'n groot impak het op die kleuter se gedrag. Kennis van eiesinnigheid, die rol van beide ouers, die kleuter se temperament en die effek van die ouerskapstyl blyk 'n voorvereiste te wees in die daarstel en implementering van hanteringsriglyne, aangesien dit begrip van die kleuter met eiesinnige gedragskenmerke sal verhoog. Hierdie hoofstuk bevestig die empiriese bevindinge van Hoofstuk 2, naamlik dat in die hantering van die eiesinnige kleuter, die klem nie net op die gedragseienskappe van die kleuter val nie. Die navorser is van mening dat ouers kennis moet dra van hul eie temperament en ouerskapstyl en die wyse waarop dit hul gedrag beïnvloed, asook die wyse waarop hul die kleuter hanteer.

Die Gestaltfilosofie en tersaaklike Gestaltkonsepte vir die daarstelling van hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter sal vervolgens bespreek word.

## HOOFSTUK 4

## GESTALTKONSEPTE VIR DIE DAARSTELLING VAN HANTERINGSRIGLYNE VIR OUERS MET ‘N EIESINNIGE KLEUTER

### 4.1 INLEIDING

Soos reeds aangedui, was die doel van hierdie intervensiestudie om hanteringsriglyne vanuit 'n Gestaltperspektief te ontwerp en te ontwikkel ten einde die ouers van 'n eiesinnige kleuter te bemagtig. In Hoofstuk 3 is die eerste twee stappe van **Fase 2** van die D & D-model van Rothman en Thomas uitgevoer deur die **bestudering van bestaande literatuur** vanuit 'n verskeidenheid dissiplines, sowel as die **benutting van kundiges se kennis, ondervinding en ervaring** oor die onderwerp. In hierdie hoofstuk word gefokus op die **Gestaltbenadering** en die toepaslikheid van sekere **Gestaltkonsepte** in die daarstel van hanteringsriglyne.

### 4.2 DEFINIËRING VAN GESTALT

Die mens is 'n totale, geïntegreerde organisme. In die lig van hierdie stelling kan ontwikkeling nie maar net gesien word as die geleidelike optelsom van nuwe ervarings en stimuli om 'n totaal of geheel te vorm nie. Thomas (2000:403) is van mening dat:

> ...every significant new experience or stimulus can alter the relationship of many or all of the existing elements, so that the patterning of the child's entire individuality is influenced, making Gestalt more than the mere proceeding by small, additive increments that gradually accumulate to form the total repertoire of the child's acts.

In aansluiting hierby definieer Clarkson (2002:1) Gestalt as “*...the shape, the pattern, the whole form, the configuration. Gestalt connotes the structural entity that is both different from and much more than the sum of its parts*” (Vergelyk MacKewn, 2003:10 en Yontef, 1993:124-128). Miller en Miller (in Roos, 2005:1) ondersteun hierdie definisie deur daarop te wys dat die mens deel is van 'n geheel of struktuur wat bestaan uit interaktiewe eenhede en afdelings wat onderling in verhouding staan met mekaar. Hierdie verhoudings dien ook as die samebindende koord wat al die afsonderlike dele tot 'n geheel bind. Die fokus van Gestalt is dus die totale integrasie, ontdekking, bewustheid en ryping van al die dele om die geheel te vorm, sonder dat die geheel bloot gesien word as die somtotaal van die dele (Clarkson, 2002:1).

Tydens hierdie bespreking sal daar gekyk word hoe elke individu vanuit die Gestaltbenadering sy eie vorm, patroon en totaliteit binne die geheel van die verhouding tussen die self en die omgewing ontdek (Yontef, 1993:43).

## 4.3 DIE GESTALTFILOSOFIE

Ten einde die Gestaltbenadering in perspektief te plaas, is 'n begrip van die onderliggende filosofie van Gestalt as sodanig 'n noodsaaklikheid. Volgens Weiten (2002:180) behels die beginsel van *pragnanz* dat mense oor die algemeen die begeerte het om onderliggende gebeure van hulle veld of lewensruimte op só 'n manier te orden dat dit sin maak. Vanuit die Gestaltfilosofie sal dit dus beteken dat die persoon 'n sinvolle geheel wil maak van die tersaaklike dele. Indien die persoon nie daarin slaag om 'n sinvolle geheel of Gestalt te vorm nie, sal daar nie sprake van voltooidheid (*closure)* wees nie. Weiten gaan voort deur daarop te wys dat onvoltooidheid van die Gestaltformasie ongemak en spanning by die individu veroorsaak. In die geval van ouers met 'n eiesinnige kleuter sal die onvoltooidheid wat ouers ervaar, verwys na die behoefte aan hanteringsmetodes om konflik te verminder, sodat die ouer-kindverhouding kan verbeter. Indien die Gestalt onvoltooid bly, sal die gevoel van ongemak of onvervuldheid by die ouer bly voortduur of selfs vererger (Weiten, 2002:180).

MacKewn (2003:16) verduidelik dat mense oor die algemeen meer geneig is om onvoltooidhede en onafgehandelde gebeure te onthou en voortdurend daarna strewe om hierdie gebeure sinvol te organiseer en uiteindelik af te handel (*closure).* Weiten (2002:180) stel dit soos volg: "*Sometimes a whole as we perceive it, may have qualities that don't exist in any of the parts*".

Die voortdurende interaksie van die mens met die universele geheel of omgewing vereis 'n bewustheid van die self binne die dele en die geheel. Blom (2000:173) beskou derhalwe die Gestaltbenadering as 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering met die klem op die verkryging van 'n bewustheid van die voortdurende wisselwerking en interafhanklikheid tussen mens en omgewing in die hier-en-nou. Beide die ouer en die eiesinnige kleuter raak dus bewus van keuses wat hulle in die hier-en-nou kan maak ten opsigte van gedrag.

Passons (in Clarkson, 2002:14) som die filosofie van die Gestaltbenadering soos volg op:

- Elke mens is 'n geheel en hierdie geheel is (nie bestaan uit) 'n liggaam, emosies, denke, sensasies en persepsies wat interafhanklik funksioneer.

- Elke mens is onlosmaaklik deel van sy/haar omgewing en in sy/haar eie veld en sal daarom nie reg verstaan word buite hierdie unieke veld nie.
- Mense is eerder proaktief as reaktief en bepaal hulle eie reaksie en gedrag op gebeure in die omgewing.
- Mense is beslis daartoe in staat om bewus te wees van hulle eie sensasies, emosies, denke en persepsies.
- Deur selfbewustheid is mense in staat tot keuses; daarom kan hulle verantwoordelikheid neem vir hulle gedrag.
- Mense besit die potensiaal en nodige vaardighede om hulle behoeftes te bevredig.
- Mense kan hulself net in die hier-en-nou ervaar.
- Die verlede en toekoms kan beleef of geantisipeer word deur die perspektief van die hier-en-nou.

Die filosofie van die Gestaltbenadering stel dit dat elke individu 'n bewustheid moet hê van al sy of haar verskillende dele, sodat 'n sinvolle Gestalt van die self gevorm kan word wat die persoon in staat sal stel om as 'n gebalanseerde geheel te funksioneer. Clarkson (2002:1) som dit soos volg op:

> The aim of the Gestalt approach is for a person to discover, explore and experience his or her own shape, pattern and wholeness. In this people can become totally what they already are and what they potentially can become, experiencing the fullness in the course of their life or in a single moment.

## 4.4 GESTALTKONSEPTE

Die Gestaltbenadering en -filosofie word ten beste belig deur die verskillende Gestaltkonsepte. Die volgende konsepte is van toepassing in die ontwerp en ontwikkeling van hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter: holisme, hier-en-nou, onvoltooidhede, veldteorie, proses, organismiese selfregulering, kontak, dialoog, bewustheid, grense, kontakgrensversteurings en weerstand (Clarkson, 2002: 16-58). Hierdie konsepte sal vervolgens bespreek word.

### 4.4.1 Holisme

Fritz Perls maak die stelling dat die individu baie meer is as die blote som van die dele (in Schoeman, 2005:50). Clarkson (2002:1) stel dit soos volg: "...*it is looking at a person in his whole,*

*without breaking the whole in parts".* Schoeman (2007) is van mening dat holisme fokus op die "hoe" van gebeure, ervarings en reaksies en nie op die "hoekom" nie, aangesien die "hoekom" 'n verlede impliseer en die holistiese benadering slegs geïnteresseerd is in die hier-en-nou. In die ouer-kindverhouding beteken holisme dat ouer en kind bestudeer moet word, beide as 'n geheel en as geïntegreerde dele wat voortdurend in interaksie met die omgewing is. Eiesinnige kleuters met hul gepaardgaande eienskappe en gedrag is dus die produk van die bestaan en interaksie van die dele en die geheel. Die navorser is van mening dat effektiewe hanteringsriglyne slegs ontwerp en ontwikkel kan word indien daar by beide die ouer en die kleuter 'n totale integrasie, ontdekking, bewustheid en ryping van al die dele binne die hier-en-nou is, sonder dat die geheel bloot gesien word as die somtotaal van die dele.

### 4.4.2 Hier-en-nou

Die belangrikheid van die hier-en-nou-konsep lê daarin dat die verlede en toekoms beleef of geantisipeer kan word deur die perspektief van die NOU, aangesien mense hulself net in die hier-en-nou kan ervaar (Yontef, 1993:124). Die verlede en toekoms het 'n definitiewe invloed op die hier-en-nou en indien daar onvoltooidhede is, sal dit altyd in die hier-en-nou bly, totdat die behoefte vervul is of 'n bevredigende sintese bereik is. Volgens Perls (in Clarkson, 2002:24) is die doel van die hier-en nou die onthou van die verlede of die antisipeer van die toekoms in die varsheid van die hede. Lewin (in Clarkson, 2002:8) is oortuig daarvan dat gedrag as sodanig grootliks beïnvloed word deur die psigologiese NOU eerder as die verlede of die toekoms.

In die daarstel van hanteringsriglyne kan die invloed wat ouers se ervarings uit die verlede het op hulle gedrag en reaksie in die hede nie misken word nie. Vanuit die empiriese studie (sien 2.3.2.2) is dit duidelik dat vorige ervarings bepaal hoe ouers hul eiesinnige kleuter in die hier-en-nou hanteer en ervaar. Terselfdertyd sal kleuters se gedrag in die hier-en-nou die resultaat wees van gebeure en ervarings uit hul verlede, soos byvoorbeeld inkonsekwente hanteringsmetodes, modellering en strafmaatreëls.

### 4.4.3 Onvoltooidhede

Onvoltooidhede verwys na onderdrukte gevoelens en onvervulde behoeftes. Soos reeds bespreek in afdeling 4.3, wys MacKewn (2003:16) daarop dat mense oor die algemeen meer geneig is om onvoltooidhede en onafgehandelde gebeure te onthou en voortdurend daarna strewe om dit te organiseer, sinvol te organiseer en af te handel (*closure).* Clarkson (2002:7) is van mening dat dit

binne die Gestaltbenadering sal beteken dat persone voortdurend al hul behoeftes evalueer en die natuurlike geneigdheid het om eerste aandag te gee aan daardie behoeftes wat hulle psigologiese balans sal herstel. Clarkson is verder van mening dat die resultaat van ŉ onvoltooide Gestalt in die kleuterfase oorgedra word na die daaropvolgende ontwikkelingsfases. Dit sal ŉ persoon se gedrag, persepsies, denke en funksionering in die hier-en-nou beïnvloed en benadeel totdat die onvoltooidheid bevredigend opgelos en sluiting (*closure*) verkry is.

Die navorser is van mening dat ouers wat gereeld hulle kleuter se gedrag kritiseer, outoritêr optree of dissipline en reëls deur aggressie implementeer, onvoltooidhede in die pre-operasionele fase van Erikson kan voortbring. Die navorser is verder van mening dat kleuters deur die beginsel van *pragnanz* (sien 4.3) gebeure só sal organiseer dat hulle tot 'n sinvolle sintese oor hulself kom, al mag dit wees dat die sintese is dat hulle onbevoeg en minderwaardig is. Kurcinka (2006:7) merk in hierdie verband op dat 'n persepsie van minderwaardigheid en onbevoegdheid wat in die kleuterfase gevestig word, onvoltooidhede kan meebring wat latere gedrag en ontwikkeling kan beïnvloed. Soos reeds gemeld, sal onvoltooidhede vanuit die ouer se verlede ook bepaal hoe die ouer teenoor die kleuter sal optree (sien 2.3.2.2).

### 4.4.4 Veldteorie

Volgens Clarkson (2002:8) verwys die veld na die individu se lewensruimte soos vervat in die fisies waarneembare omgewing, gevoelens, waardes, doelstellings en motiewe, asook die waarde en betekenis wat die individu aan hierdie aspekte koppel. Thomas (2002:403) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die veld ook klem plaas op die interaksie tussen die individu en al die vlakke van sy of haar omgewing – alles gebeur gelyktydig en in wisselwerking. Verder is die outeur van mening dat die veld voortdurend verander en herrangskik word om sinvol te wees. Realiteit is dus nie 'n objektiewe begrip nie, maar die subjektiewe belewing van 'n persoon wat in 'n verhouding staan met ander mense en die omgewing. Volgens Lewin (in Clarkson, 2002:8) kan 'n persoon slegs verstaan word binne die konteks van sy of haar eie veld.

In aansluiting by bogenoemde argumente is dit belangrik dat eiesinnige kleuters en hul ouers teen 'n spesifieke agtergrond gesien moet word. Elemente soos temperament, ouerskapstyl en eksterne invloede bepaal dus die subjektiewe belewing van realiteite en sal derhalwe 'n invloed hê op die eiesinnige kleuter se gedrag, sowel as op die wyse waarop die ouer sal reageer op hierdie gedrag. Die veld verklaar dus die “hoe” en die “hoekom” van gedrag. (Vergelyk Turecki, 1994:25.)

### 4.4.5 Proses

Schoeman (2005:40) is van mening dat proses verwys na die manier (die hoe) waarop 'n persoon probleme oplos, emosies uitdruk en take aanpak en voltooi. ʼn Persoon se proses is nie stagnant nie en kan verander. MacKewn (2003:108) meld in hierdie verband dat proses 'n legio faktore beïnvloed en sentraal staan in die verhouding en interaksie tussen 'n individu en die omgewing (MacKewn, 2003:108). Kleuters se proses bepaal grootliks hoe hulle op daaglikse gebeure sal reageer. Kennis van beide ouer en kleuter se proses, wat onder andere deur temperament beïnvloed word, sal verhoed dat ouers gevoelens van frustrasie, skuld en onbevoegdheid ervaar. Dit kan ook konflik verminder en die ouer-kindverhouding verbeter (sien 2.3.1.2 en 3.2.2.1) aangesien die ouer die kleuter sal toelaat om sy of haar eie, unieke self te wees, eerder as om die kleuter te probeer verander.

Schoeman (2007) gee die volgende redes waarom dit belangrik is dat individue se proses geken word naamlik:

- Individue word daardeur op hulle vlak ontmoet en voel daarom gemaklik.
- Individue word daardeur bemagtig.
- Dit gee 'n gevoel van verantwoordelikheid en beheer.

Kennis oor bogenoemde aspekte kan volgens Schoeman konflik verminder en aangesien konflik ʼn sentrale tema is in die verhouding tussen die ouer en die eiesinnige kleuter, kan aangeneem word dat hierdie kennis waarskynlik konflik tussen die ouer en die eiesinnige kleuter sal verminder.

### 4.4.6 Organismiese selfregulering

Elke organisme streef voortdurend daarna om homeostase te bereik en behoeftes te bevredig (Schoeman, 2005:70). In aansluiting hierby stel Clarkson (2002:28) dit dat homeostase binne die Gestaltbenadering sal beteken dat die Gestaltformasie voltooi is. Organismiese selfregulering is wat die organisme sal doen om homself te handhaaf, alhoewel dit nie noodwendig gesond of gebalanseerd is nie. Volgens Schoeman (2005:70) behels effektiewe organismiese selfregulering die mate waarin die kind kontak maak met die self en ander, asook 'n bewustheid van die mate waarin sy of haar omgewing hom of haar tot voordeel of gevaar kan strek. Effektiewe organismiese selfregulering beteken dat die organisme se grense goed gedefinieerd sal wees sonder dat dit te oop of rigied is. Dit stel die organisme in staat om ekwilibrium te bereik (Schoeman, 2005:70). Binne

die konteks van hierdie studie is die navorser van mening dat eiesinnige kleuters en ouers wat ervaar dat hulle organismiese selfregulering en homeostase bedreig word deur onvervulde behoeftes, alles in hul vermoë sal doen om hierdie ekwilibrium te herstel. Dit kan lei tot konflik tussen ouers en kleuters.

Beisser (in Lambert, 2001:138) is van mening dat ekwilibrium moontlik is "… *not by pushing and exhorting ourselves to change, or by being pushed and exhorted by others, but by accepting more fully who and what we presently are. Only then are we truly free and capable of change and selfgrowth".*

4.4.7 Kontak

Oaklander (in Blom, 2004:19) definieer kontak as die vermoë wat 'n organisme het om ten volle bewus en teenwoordig te wees. Dit impliseer volgens Oaklander ook effektiewe interaksie met die omgewing en ander mense sonder dat die eie identiteit bedreig word of verlore gaan. Blom (2004:19) is van mening dat kontak op twee vlakke geskied, naamlik op interpersoonlike vlak (kontak tussen organisme en omgewing) en intrapersoonlike vlak (kontak tussen die omgewing en die self) en dat dit versterk word deur gebruik te maak van al die sintuie. Sensories kontakmaking versterk die persoon se ervaring, want dit bring bewustheid van en kontak met die volle spektrum van wat ervaar word (Clarkson, 2002:38). Schoeman (2007) stel dit dat kontak altyd in die hier-en-nou moet geskied, aangesien dit 'n bewustheid bring van "wie is ek, waar is ek en hoe maak ek kontak?". Yontef en Jacobs (in Smit, 2004:61) beskou kontak as 'n voorvereiste vir dialoog. Clarkson (2002:33) is van mening dat kontak eerder gaan oor die "hoe" van interaksie as die "wat" of die "hoekom". In enige kontaksituasie sal die kernvraag dus wees: "*How does it make me feel?*".

In die hantering van die eiesinnige kleuter is kontak uiters belangrik, aangesien dit die plek is waar ouer en kind mekaar ontmoet. Indien die kleuter hierdie plek van ontmoeting as afbrekend ervaar en dit gevoelens van skuld, minderwaardigheid en onbevoegdheid tot gevolg het, sal die kleuter kontak verbreek. Ouers wat ervaar dat die kleuter hulle ignoreer en dat inskiklikheid net deur konflik of aggressie verkry word, sal ook kontak verbreek as gevolg van gevoelens van frustrasies, onbevoegdheid en vrees. Die navorser is van mening dat verandering van die eiesinnige kleuter se gedrag slegs moontlik sal wees indien daar ware kontak tussen ouer en kleuter is. Clarkson (2002:35) stel dit soos volg: "*True contact opens the gateway to change*".

4.4.8 Dialoog

Yontef (1993:39-40) beskryf dialoog as die proses waardeur 'n persoon sy of haar onafhanklikheid en uniekheid kommunikeer en beklemtoon dat geen dialoog kan plaasvind sonder kontak nie. Lambert (2001:134-146) gee waardevolle wenke aan ouers oor hoe om die dialogiese verhouding tussen ouers en kinders te verbeter. Lambert beskou die dialogiese verhouding as uiters belangrik, aangesien dit die voorloper en medeloper is van goeie kontak. Hierdie wenke word, waar toepaslik, deur Oaklander (1988) en MacKenzie (2001) se bemagtigingswenke vir ouers in die hantering van hul kind ondersteun.

Respondente van hierdie studie het aangedui dat hulle bekommerd is oor die ouer-kindverhouding as gevolg van hulle reaksie op die kleuter se gedrag (sien 2.3.1). Respondente ervaar ook dat dialoog en kontak beperk is tot konfliksituasies en dui aan dat hulle 'n behoefte het aan volle kontak en dialoog (sien 2.3.3). Die navorser is van mening dat konflik en 'n swak ouer-kindverhouding dialoog kan beperk. Die kleuter kan ook ervaar dat die dialoog daarop gemik is om die uitkoms van die kontak te manipuleer.

4.4.9 Bewustheid

Volgens Schoeman (2005:69) is bewustheid 'n kragtige Gestaltkonsep en is dit die begin van 'n Gestalt wat eerstens op sensoriese vlak deur die sintuie en uiteindelik op die kognitiewe en emosionele vlakke van die self ervaar word. Bewustheid begin as 'n sensasie in die liggaam. 'n Versteuring van die ekwilibrium kan manifesteer deur simptome soos maagpyn, hoofpyn en moegheid. Bewustheid verwys verder ook na die individu se vermoë om sy of haar behoeftes te identifiseer en die Gestalt te voltooi (Schoeman, 2005:69). Yontef (1993:124) beskou bewustheid as "*...the awareness people have of what they are doing, how they are doing it and how they can change themselves, and at the same time, learn to accept and value themselves".*

Die doel van bewustheid is om die persoon binne die hier-en-nou in voeling te bring met sy of haar gevoelens, persepsies en reaksies wat gevorm is deur gebeure of stimuli uit die verlede. Slegs deur 'n egte, ware bewustheid binne die hier-en-nou sal die persoon 'n besef kry van sy of haar eie emosies, behoeftes en keuse (Schoeman, 2007). Yontef (in Lambert, 2001:138) beklemtoon voorts dat bewustheid oor kontrole en keuses gaan. Bewustheid van keuses stel die persoon in staat om sy of haar gedrag te reguleer en te bestuur, sodat die verandering wat nodig is om die Gestalt te voltooi vanuit die self sal kom en nie gemanipuleer is nie (Clarkson, 2002: 23-24).

Yontef (1993:43) is van mening dat bewustheid en verandering verhoudingsverwant is, naamlik ŉ verhouding tussen die self en die omgewing, en dat verandering slegs sal plaasvind indien bewustheid verhoog word. Yontef (1993:126) noem dit "*Relational awareness – growth through an awareness of what happens between people and not by looking inward*" (sien 1.1). Soos reeds gemeld in Hoofstuk 1 is Roos (2005:2) van mening dat die individu se gedrag sal verander binne konteks van die plek, tyd en milieu waarvan hy of sy deel is, aangesien gedrag altyd konteks- en verhoudingsgebonde is.

Binne die ouer-kindverhouding sal beide ouer en kind slegs hulle gedrag kan verander as daar 'n bewustheid is van hulle eie gedrag. 'n Ouer ervaar interne konflik oor die huidige manier waarop die eiesinnige kleuter hanteer word en die begeerte of behoefte om hom of haar op 'n meer effektiewe manier te hanteer en die verhouding te verbeter (sien 2.3.2.4). Hierdie interne konflik veroorsaak 'n ongemaklikheid, wat beteken dat die Gestalt versteur is. Die navorser is van mening dat ouers voltooidheid en homeostase sal bereik deur bewus te wees van hulle eie onvervulde behoeftes, frustrasies en gevoelens van onbevoedheid wat ontstaan weens die ouer se onvermoë om die kleuter beter te hanteer en die verhouding te verbeter (sien 2.3.1).

Schoeman (2005:50) is van mening dat ouers 'n verhoogde bewustheid en begrip van hul eiesinnige kleuter se gedrag en proses behoort te hê. Volgens die navorser sal hierdie verhoogde bewustheid ŉ verhoogde begrip by ouers meebring vir die manier waarop die eiesinnige kleuter sal reageer op aspekte soos verandering, inkonsekwente reëls en vae grense. Ouers kan dus hulself toerus en derhalwe kies hoe om die kleuter meer effektief te hanteer om konflik te verminder. Ouers kan ook die kleuters se sensoriese bewustheid verhoog deur die stimulering van hul reuk-, proe-, sig-, gehoor- en tassintuie (Schoeman, 2005:77). Die navorser is van mening dat ouers wat 'n bewustheid en begrip het van elemente soos temperament, ouerskapstyl en invloede van buite (sien Hoofstuk 3) die dinamika tussen ouer en kleuter beter sal verstaan en hanteer.

Oaklander (1988:309,311) noem dat ouers wat bewus gemaak word van hulle houding en ingesteldheid teenoor hulle kinders dikwels geskok is as hulle besef hoe bevooroordeeld en krities hulle is teenoor hulle kinders se individualiteit, voorkeure en afkeure, standpunte, begeertes, drome, vriende, leefstyl en lewensuitkyk. Dit is soms moeilik vir die ouer om te aanvaar dat die kind as 'n eie, aparte individu verskillende keuses en standpunte kan hê. Ouers kan dikwels nie aan beweeg na 'n vlak waar daar erken word dat die kind anders mag en kan dink nie.

Die empiriese bevindinge het getoon dat ouers 'n behoefte het aan hanteringsriglyne om hul eiesinnige kleuter beter te hanteer, konflik te verminder en die ouer-kindverhouding te verbeter, aangesien die huidige hanteringsmetodes oneffektief blyk te wees (sien Hoofstuk 2). Stap 1 en Stap 2 van Fase 2, asook die empiriese bevindinge (sien Hoofstuk 2) het getoon dat ouers dikwels die eiesinnige kleuter verkeerd hanteer, omdat hulle nie bewus is van die impak wat hulle eie gedrag en reaksie op hul kontak met die kleuter het nie (sien Hoofstuk 3). Oaklander bevestig hierdie bevindinge deur te noem dat ouers dikwels onwillig of onbewus van hulle eie aandeel in die konflik is of dikwels hulle eie gevoelens frustrasie, vrees en onbevoegdheid op die kind sal projekteer.

4.4.10 Grense

Volgens Polster en Polster (in Yontef, 1993:203-204) is grense eerstens die lyn van onderskeid tussen 'n individu en sy of haar omgewing en tweedens die plek waar kontak met die omgewing plaasvind. Schoeman (2005:30) is van mening dat goed gedefinieerde grense 'n besef van keuses en verantwoordelikheid gee en die individu veilig laat voel om uit te reik na ander wat tot die selfbemagtiging van die individu bydra. Grense wat te deursigtig is, kan die individu onseker laat voel oor sy of haar eie identiteit en regte. Dit beïnvloed ook die vermoë om kontak te maak met die self en die omgewing. Schoeman (2005:31) beklemtoon dat kinders met goedgedefinieerde persoonlike grense en 'n besef van keuses en verantwoordelikhede in 'n baie beter posisie is om hulself te handhaaf as kinders met deursigtige grense wat onseker voel oor hulle identiteit en regte.

Tydens kontak tussen die ouer en die eiesinnige kleuter kan dit gebeur dat die ouer die kind se grense misken deur te aanvaar dat die kleuter moet skik, inval en aanpas by die ouer se keuses. Erikson (in Thomas, 2000:147) is van mening dat hierdie optrede kan lei tot konflik of gevoelens van onbevoegdheid by die kleuter, aangesien die kleuter se keuses en inisiatief gekritiseer word. Kleuters wat veilig voel weens goedgedefinieerde persoonlike grense, sowel as binne die duidelik gekommunikeerde grense wat die ouer stel, het die vrymoedigheid om te eksperimenteer en is nie bang om foute te maak nie. MacKenzie (2001:75) wys daarop dat ouers met 'n eiesinnige kleuter probleme ervaar om grense te handhaaf wanneer die grense vaag en inkonsekwent aan die eiesinnige kleuter gekommunikeer word. Die navorser is van mening dat die gepaardgaande konflik tussen ouer en kleuter juis veroorsaak word deur die ouer se onvermoë om grense te definieer.

MacKenzie (2001:76) is van mening dat die eiesinnige kleuter weens temperament geneig is om grense te toets en te bevraagteken en indien die ouer dus sukkel om ferm, goed gekommunikeerde

grense te handhaaf, sal die kleuter aanhou om dit te toets (sien 3.2.2.1). Dit gee aanleiding tot gevoelens van frustrasie, moedeloosheid en onbevoegdheid by die ouer. Die navorser is van mening dat ouers bewus moet wees van die feit dat eiesinnige kleuters positief op ferm, konsekwente grense reageer, alhoewel hulle aanvanklik weerstand sal bied teen die grense waarvan hulle nie hou nie.

'n Belangrike wenk van Lambert (2001:138) is dat ouers 'n bewustheid moet hê van die eie self en die inhoud van die self sal aanvaar. Lambert stel dit dat "*...awareness, per Yontef, is accompanied by owning the process of knowing one's control over, choice of, responsibilty for one's own behavior and feelings and the means whereby the individual regulates himself by choice*". Lambert is verder van mening dat die verhoging van 'n bewustheid van keuses 'n AHA!-ervaring by ouers bring rakende hulle eie reaksie, gedrag en emosies. Bewustheid, grense en keuses gaan dus hand aan hand. In die daarstel van grense behoort eiesinnige kleuters bewus te wees van die keuses wat hulle het, aangesien 'n outokratiese afdwing van reëls of grense met geen keuses, konflik kan vererger. MacKenzie (2001:139) stel die volgende riglyne aan ouers voor rakende die implementering van keuses of grense vir die eiesinnige kleuter:

- Beperk die hoeveelheid keuses - te veel kan verwarrend wees vir die kleuter.
- Wat die keuses is, bly ouer se besluit.
- Verduidelik die konsekwensies van die keuse.
- Maak die kind verantwoordelik vir die keuse wat hy of sy gemaak het – moenie toegee as hy of sy later nie meer van die keuse hou nie.
- Voer die konsekwensies deur indien die kleuter nie verantwoordelikheid vir sy of haar keuse wil aanvaar nie.

Konsekwensies volgens MacKenzie (2001:164) sal slegs effektief wees indien dit aan die volgende vereistes voldoen: dit moet onmiddellik, konsekwent en logies toegepas word, asook oortredingsverwant en toepaslik wees. Konsekwensies moenie deur die kumulatiewe effek van vorige oortredings vererger word nie – die kleuter kan dus nie aanhou boet vir vorige oortredings nie.

Cawood (2007:115) is van mening dat die wyse waarop grense geïmplementeer moet word, ferm dog opbouend moet wees. Ten opsigte van die implementering van grense is daar volgens Cawood (2007:115) vyf vlakke van intervensie wat die volgende behels:

- Vlak 1 – Aanvaar en erken die negatiewe emosies, byvoorbeeld “ek sien jy is kwaad”.
- Vlak 2 – Beperk die gedrag en aanvaar die emosie, byvoorbeeld “ek kan sien dat jy kwaad is, maar die speelgoed is nie daar om te breek nie”.
- Vlak 3 – Ignoreer die gedrag en gee 'n ek-taal boodskap, byvoorbeeld “ek hou nie daarvan om te sien dat die speelgoed gebreek word nie”.
- Vlak 4 – Stel die grens en gee 'n alternatief met konsekwensies wat die kleuter kan bemagtig, byvoorbeeld, “ek sien dat jy kwaad is, maar die speelgoed is nie daar om te breek nie. As jy kwaad is, slaan liewers die kussing op jou bed”. “Indien jy wel die speelgoed breek, kies jy dat ek die speelding wegvat en kan jy dit eers weer oor vier dae kry”.
- Vlak 5 – Besliste toepassing van konsekwensies: “ek sien dat jy kies om nie meer met die speelding te speel nie, daarom gaan ek dit nou wegvat en eers oor vier dae teruggee”.

4.4.11 Kontakgrensversteurings

Volgens Clarkson (2002:54-57) is die kontakgrens die punt waar die individu die ek beleef in verhouding met dit wat nie ek is nie. Die doel van die kontakgrens is om kontak tussen mense te laat plaasvind en terselfdertyd ook bepaalde grense te handhaaf. Dit verseker dat die persoon sy of haar identiteit behou en bewus bly van sy of haar eie behoeftes. Kontakgrensversteurings verwys verder na 'n verbreking van die gesonde balans tussen die self en die omgewing, deurdat grense òf te deursigtig òf te rigied is. Dit verhoed dat die Gestalt voltooi word en versteur die ekwilibrium van die organisme (Clarkson, 2002:50). Oaklander (2006:30) stel dit soos volg:

> Contact boundry disturbances cause the restriction and interruption of the natural, healthy process of organismic self-regulation. The child, in his quest for survival, will inhibit, block, repress and restrict various aspects of the organism, the senses, the body, the emotions and the intellect.

Kontakgrensversteurings sluit aspekte soos retrofleksie, defleksie, samevloeiing, projeksie, introjeksie, desensitisasie, egoïsme en ontkenning in (Vergelyk Clarkson, 2002:51-75). Slegs die volgende kontakgrensversteurings is volgens die navorser op hierdie studie van toepassing:

- Introjeksie – dit behels die aanvaarding van die sosiale omgewing (ouers, broers en susters, onderwysers en portuurgroep) se opinies, reaksie en waardebepaling sonder dat dit bevraagteken of beoordeel word (Clarkson, 2002:52). Dit is 'n willose, passiewe

aanvaarding en geen kognisie vind plaas nie. Perls *et al*. (in Clarkson, 2002:52) stel dit soos volg: "*In introjection, the neurotic justifies as normal what the concentrating self feels as alien body it wants to disgorge*". Introjeksie versteur die bewustheidsiklus en verhoed dat die Gestalt voltooi word. Clarkson (2002:27) definieer die bewustheidsiklus as "…*the healthy uninterrupted flow of experience … and the drive for actualization of the self*". Volgens hierdie outeur is dit eers later in die proses van ontwikkeling dat vroeëre reëls ondersoek en geëvalueer sal word om die relevansie en aanvaarbaarheid daarvan vir die individu te bepaal. Elke organisme beskik oor die natuurlike vermoë om te onderskei tussen wat geskik (*nourishing*) en afbrekend is rakende terreine soos voedsel, verhoudings en informasie. Introjeksie beperk egter hierdie onderskeidingsvermoë en verhoed eendersyds dat die persoon tot aksie oorgaan om die behoefte te bevredig en andersyds dat afbrekende insette verwerp word (Clarkson, 2002:27).

Die empiriese bevindinge (sien 2.3.2.2) bevestig dat ouers woorde kwytraak soos "jy is die een wat altyd moeilikheid maak en nooit tevrede is nie", "jy maak my kwaad/hartseer", "jy is 'n ongehoorsame, moeilike en ondankbare kind". Hierdie introjekte het 'n groot invloed op die kleuter se gedrag en kan ook bepaal hoe die kind in die daaropvolgende ontwikkelingsfases optree.

Ouers wat hierdie woorde uiter, gaan dikwels self gebuk onder introjekte vanuit hulle kinderjare en dit bepaal grootliks hulle eie reaksie en gedrag. Ouers wat glo dat "oulike kinders nie soos my kleuter optree nie" of "die mense gaan dink ek is nie 'n goeie ouer nie", leef dikwels met introjekte vanuit hulle eie kinderjare en dra dit onwetend aan hul kleuter oor.

- <u>Projeksie</u> behels die verplasing van die eie, onaanvaarbare wense, karaktertrekke, tekortkominge, houdings of subjektiewe gevoelens op ander. Die persoon ontken en neem geen verantwoordelikheid vir sy/haar eie gevoelens nie en sien in ander die onaanvaarbare eienskappe wat hy/sy weier om in hom/haarself raak te sien (Joubert in Steyn, 2005:54). MacKewn (2003:73) verduidelik dat kinders dikwels van projeksie gebruik maak omdat hulle die persepsie het dat sekere aspekte van hulle persoonlikheid, emosies en gedrag onaanvaarbaar is. Blom (2004:25) is van mening dat projeksie verhoed dat die kleuter of ouer verantwoordelikheid aanvaar vir hulle eie gedrag of emosies en altyd ander daarvoor blameer of verantwoordelik hou.

Volgens Clarkson (2002:53) hou die gebruik van projeksie wel sekere voordele in deurdat dit ʼn persoon die ruimte gee om die verwagtinge van ander uit te sorteer. Die navorser is van mening dat kinders wat gebruik maak van projeksie daarmee aandui dat hulle nog nie gereed is om die situasie in die hier-en-nou te hanteer nie. Dit gee 'n mate van selfrespek deurdat die werklikheid "uitgestel" word, dikwels omdat hulle nie opgewasse voel om die kritiek, konflik en verwerping te hanteer nie. Die empiriese bevindinge (sien 2.3.2.2) het aangetoon dat eiesinnige kleuters dikwels jok, ontken of die skuld vir iemand anders gee om te verhoed dat hulle verwerp of geëtiketteer word met woorde soos "jy krap almal in hierdie huis om". Ouers wat nie 'n goeie verhouding met hulle eie ouers gehad het nie, kan ook hierdie gevoelens van onbevoegdheid en minderwaardigheid op die kleuter projekteer en wil dikwels die kind se lewe vir hom leef, aangesien hulle bang is dat die kind dieselfde "foute" gaan maak (sien 2.3.2.2).

- <u>Samevloeiing</u> verwys volgens Clarkson (2005:55) na die proses waar die grens tussen die self en die omgewing so vervaag het, dat die persoon nie meer die vermoë het om eie behoeftes te vervul nie. Die persoon voel hom voorts in denke, wese en optrede totaal een met die omgewing. Konflik word ten alle koste vermy aangesien dit die "eenwees" kan benadeel en die ideale beeld kan vernietig. Die navorser is van mening dat ouers dikwels in samevloeiing met die eiesinnige kleuter gaan om konflik te vermy, aangesien hulle bang is dat die voortdurende konflik die kleuter emosioneel kan benadeel en die ouer-kindverhouding kan skaad. Indien die kleuter dus weerstand bied deur byvoorbeeld te weier om te gaan bad, sal die ouer in samevloeiing gaan om die konflik te vermy. Soos reeds gemeld in Hoofstuk 3, wys MacKenzie (2001:86) daarop dat dit 'n boodskap van inkonsekwentheid aan die kleuter oordra, wat in die geval van die eiesinnige kleuter fataal is, aangesien die inkonsekwente toepassing van grense vir die eiesinnige kleuter beteken: "ek kan as ek wil". MacKenzie (2001:98) is verder van mening dat "*Firm and consequent limits are your ticket to better cooperation with strong willed children*".

Die navorser is van mening dat samevloeiing op 'n positiewe manier gebruik kan word in die hantering van die eiesinnige kleuter en dat dit nie noodwendig 'n onderbreking van die Gestalt of bewustheidsiklus hoef te wees nie. Clarkson (2002: 56) stel dit dat die positiewe sy van samevloeiing "*...a bridge forms from man to man bringing an appreciation of sameness and understanding*". Ouers wat by kleuters 'n bewustheid skep dat hulle emosies erken en verstaan word, skep op hierdie wyse 'n atmosfeer van respek en begrip en vestig ook 'n bewustheid van keuses. Hierdie samevloeiing met die kleuter se emosies en gedrag

kan ook verhoed dat MacKenzie (2001:99) se sogenaamde "*family dance*" uitgevoer word. Die eiesinnige kleuter sal uit ondervinding weerstand bied, huil, skreeu en 'n woedeaanval loods, omdat dit normaalweg 'n sekere reaksie van die ouer tot gevolg gehad het (byvoorbeeld 'n beloning indien die gedrag gestaak word, of dat die kleuter nie dadelik hoef te gaan bad nie). Indien die ouer egter in samevloeiing gaan, is die situasie ontlont en laat dit weinig ruimte vir konflik.

#### 4.4.12 Weerstand

Weerstand verwys volgens Oaklander (1988:196) na die oomblik in interaksie wanneer 'n organisme toon dat daar 'n inmenging is met sy/haar vrye funksionering (*free functioning).* Die weerstand is nie verkeerd nie, maar is bloot wie die persoon in die hier-en-nou is en wat nodig is vir selfregulering. Beide die empiriese bevindinge (sien 2.3.3) en die literatuur (sien 3.2.1) toon dat weerstand en konflik sentraal staan in die ouer-kindverhouding. Voorts dui die empiriese bevindinge en die literatuur ook aan dat die voortdurende konflik en weerstand die ouer uitput, frustreer, onbevoeg laat voel en ook vrese laat onstaan dat die kleuter emosionele skade sal opdoen en die ouer-kindverhouding onherroeplik skade sal ly (Vergelyk MacKenzie, 2001:vii). Die navorser is van mening dat weerstand by die kleuter daarop dui dat die kleuter nie nou eienaarskap van die situasie wil aanvaar nie. Voorts is die navorser van mening dat ouers weerstand en konflik anders sal hanteer en verstaan wanneer hulle meer kennis het van die kleuterfase as ontwikkelingstadium, sowel as eiesinnigheid as sodanig.

## 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die definisie en filosofie van die Gestaltbenadering, sowel as die implementering van sekere Gestaltkonsepte in die daarstel van Gestalthanteringsriglyne vir die ouer van 'n eiesinnige kleuter. Daar is ook gekyk na die wyse waarop Gestalt ouers se selfkennis kan verhoog, sodat hulle ook 'n begrip het vir hulle eie gedrag en reaksie op die kleuter se eiesinnige gedrag. Die verhoging van beide die ouer en die kleuter se bewustheid van hul reaksie en gedrag, die effek van sekere onvoltooidhede en kontakgrensversteurings blyk van die Gestaltkonsepte te wees wat onontbeerlik is in die ontwerp en ontwikkeling van hanteringsriglyne vir die ouers van 'n eiesinnige kleuter. In die volgende hoofstuk sal die funksionele elemente van suksesvolle modelle wat van nut kan wees geïdentifiseer word.

# HOOFSTUK 5

# FUNKSIONELE ELEMENTE VAN BESTAANDE PROGRAMME

## 5.1 INLEIDING

**Fase 2** van Rothman en Thomas se D & D-model fokus op die **insameling en sintese van data.** Die eerste twee stappe van **Fase 2**, naamlik die **bestudering van bestaande literatuur** en die **bestudering van natuurlike voorbeelde** is reeds in die vorige hoofstukke bespreek. Die derde en laaste stap van **Fase 2** stel die navorser in staat om **funksionele elemente van suksesvolle modelle te identifiseer** (sien 1.5.2.3). Funksionele elemente van verskeie bestaande programme en suksesvolle modelle wat nie noodwendig op die Gestaltperspektief fokus nie, kon geïdentifiseer word en het 'n waardevolle bydrae gelewer in die ontwerp en ontwikkeling van Gestalthanteringsriglyne vir ouers.

In hierdie hoofstuk sal daar gevolglik gefokus word op die funksionele elemente van die volgende bestaande programme en suksesvolle modelle: The Incredible Years *Early Childhood (Ages 3-6)* BASIC Parenting Training-program; die *1-2-3 Magic* Behaviour Modification-program; Forehand en Long se Parenting The Strong Willed Child (2-6 years) – The Clinically Proven Five-Week Progam en die Parents Plus-program.

## 5.2 DIE INCREDIBLE YEARS: *EARLY CHILDHOOD (AGES 3-6)* BASIC PARENT TRAINING-PROGRAM

Die Incredible Years Parent Training-program is 'n reeks programme wat ongeveer veertig jaar gelede ontwikkel is deur Carolyn Webster-Stratton (1970). Volgens Webster-Stratton (2008:1) word die programme jaarliks hersien en aangepas. Die fokus van die programme is gemik op die ontwikkeling en versterking van ouers en onderwysers se bevoegdhede om gedragsprobleme van kinders te hanteer en hulle sosiale en emosionele vaardighede te verbeter. Programmateriaal fokus òf op die ouer òf op die onderwyser se hantering van die kind. Vir die doel van hierdie intervensiestudie sal daar slegs gekonsentreer word op die riglyne en doelwitte van die **ouer**leidingsprogramme. Strategieë wat deur die onderwyser van die kleuter gevolg kan word, sal nie vir die doel van hierdie studie van toepassing wees nie. Die Incredible Years Parent Training-programreeks bestaan uit vier programme by name die *Babies & Toddlers* (0-3 jaar); BASIC *Early*

*Childhood* (3-6 jaar); BASIC *School-Age* (6-12 jaar) en die ADVANCE (4-12 jaar). Vir die doel van hierdie studie gaan daar net na die BASIC *Early Childhood* (3-6 jaar)-program verwys word.

5.2.1 Benadering en filosofie

Die Incredible Years se BASIC *Early Childhood training*-program (3-6 jaar) is spesifiek gemik op die kleuterfase (Webster-Stratton, 2008:2). Die programbenadering fokus op vroeë intervensiestrategieë wat die ouer kan implementeer om sosiale en emosionele vaardighede by die kleuter te ontwikkel, gedragsprobleme te hanteer en te voorkom en selfkennis by die kleuter te bevorder. Die program strewe ook daarna om die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind te verbeter en verskaf alternatiewe gedrag wat die kleuter self kan aanleer om sy sosiale interaksie en aanvaarbaarheid te verbeter. Aggressiewe en oneffektiewe ouerskap, 'n swak ouer-kindverhouding en onbetrokkenheid weens ander verpligtinge is volgens die Incredible Years se *Leader's manual* (vergelyk Webster-Stratton, 2006:2) van die vernaamste oorsake waarom kleuters ongehoorsaam is, swak sosiale verhoudings het en onderpresteer. Opleiding in effektiewe ouerskap verskaf alternatiewe hanteringsmetodes wat sal bydra tot 'n vermindering van ouer-kindkonflik. Dit bemagtig ouers deur hulle bevoegdhede en selfvertroue te verbeter en ondersteun ook die verbetering van die ouer-kindverhouding.

Die Incredible Years se BASIC *Early Childhood training*-program bepaal egter dat kleuters ook “in opleiding” moet gaan om hulle sosiale vaardighede te verbeter. Kleuters met swak sosiale vaardighede staan dikwels in konflik met hulle maats. Voortdurende konflik kan veroorsaak dat die kleuter sosiaal verstoot word en onaanvaarbaar is by maats en hul ouers. Dit het weer sekere emosionele implikasies tot gevolg. Die *Early Childhood training*-program verbeter affektiewe bewustheid en leer die kleuter hoe om met ander kinders te speel en te praat, om konflik beter te hanteer en om positief te voel oor die self.

Inhoudelik bestaan die BASIC *Early Childhood training*-program uit vier beginsels met verskillende stappe:

- <u>Beginsel een</u> – Versterking van die kleuter se sosiale en emosionele vaardighede en skoolgereedheid
  Stap 1 – Die aanleer van kindgerigte spel in die bevordering van positiewe sosiale verbintenisse
  Stap 2 – Die aanleer van deursettingsvermoë

Stap 3 – Die aanleer van sosiale en emosionele vaardighede

- Beginsel twee – Die gebruik van aanmoediging en belonings om gedrag en samewerking te bevorder

  Stap 1 – Die kuns van effektiewe aanmoediging en aanprysing

  Stap 2 – Motivering deur beloning

- Beginsel drie – Positiewe dissipline-reëls, roetines en effektiewe grense

  Stap 1 – Die vasstel van huishoudelike reëls en roetines

  Stap 2 – Effektiewe grense

- Beginsel vier – Positiewe dissipline – die hantering van verkeerde en onaanvaarbare gedrag

  Stap 1 – Implementering van konsekwente grense

  Stap 2 – Ignorering van kleuter se verkeerde en onaanvaarbare gedrag

  Stap 3 – "*Time out*"

  Stap 4 – Natuurlike en logiese gevolge

  Stap 5 – Die aanleer van positiewe probleemoplossing en selfregulering

### 5.2.2 Funksionele elemente

Funksionele elemente van die Incredible Years se *Early Childhood training*-program sluit die volgende in:

Ouerprogram

- verbetering van positiewe en ondersteunende ouerskap deur te fokus op aspekte soos aanmoediging en prys eerder as kritiek en negatiewe, afbrekende opmerkings
- die aanleer van beter, meer effektiewe dissiplineringsmetodes soos ignorering van die kleuter se gesindheid tydens konflik, vermindering van lyfstraf, oortredings- en ouderdomsverwante strawwe, logiese en natuurlike gevolge, positiewe gedragversterking en alternatiewe
- die aanleer van meer effektiewe kommunikasievaardighede
- riglyne oor hoe om negatiewe emosies soos aggressie, teleurstelling, frustrasie en woede te verstaan en reg te bestuur, deur byvoorbeeld die emosie aan die kleuter te verwoord
- die waarde van konsekwente optrede, ongeag die situasie of kleuter se gedrag en
- die verhoging van die ouer se selfvertroue en die vermindering van gevoelens soos onbevoegdheid, depressie en moedeloosheid.

Kleuterprogram

- versterking en verbetering van die kleuter se sosiale en speelvaardighede, soos die aanleer en inoefening van beurte maak, om te wag vir jou beurt, om te vra sonder om ongeduldig of kwaad te word, om te deel, ander te help en ander te komplimenteer
- die aanleer van probleemoplossingspatrone om konflik met ouers en maats te vermy en te verminder
- verhoging van die kleuter se emosionele bewustheid deur emosies te verwoord en om te verstaan dat ander van hom/haar kan en mag verskil en ook woorde en dade anders kan ervaar en interpreteer
- die vermindering van konflik en 'n uitdagende en uittartende houding deur die aanleer van alternatiewe
- 'n bewustheid van aggressiewe en onaanvaarbare gedrag soos hardkoppigheid, onnodige uitstel van opdragte (*"dwadling"),* 'n gekerm en woedeaanvalle en
- 'n verbetering in die kleuter se gedrag en ten opsigte van verhoudings met ander oor die algemeen deur konfliksituasies te modelleer en alternatiewe uit te speel en in te oefen.

5.2.3 Wyse van aanbieding

Volgens Webster-Stratton (2008:2) kan ouers die programmateriaal op hulle eie bestudeer en dit implementeer of, indien moontlik, inskakel by groepsessies wat deur 'n opgeleide fasiliteerder gelei word. Die voordeel van die groepsessies is dat ouers kontak maak met ander ouers wat min of meer dieselfde probleme en vraagstukke het. Sessies kan weekliks (of na behoefte) plaasvind, totdat die materiaal voltooi is en ouers kry die geleentheid om die vaardighede in te oefen en terugvoering te gee. In alle gevalle moet die *Leader's manual* eers bestudeer word, aangesien dit die benadering, filosofie en kursusverloop verduidelik. Hierdie handleiding bevat onder andere praktiese voorbeelde van oefeninge en ander aktiwiteite wat met kleuters gedoen kan word om sekere konsepte in te oefen, byvoorbeeld 'n poppekasstorie oor hoe om beurte te maak. Die sogenaamde "*trouble shooter*"-afdeling van die *Leader's manual* verskaf ook alternatiewe vir die mees algemene probleemareas met kleuters, soos ongehoorsaamheid, hardkoppigheid, konflik met maats en broers en susters, selfsugtigheid en egosentrisme, jok en onwilligheid om te gaan bad/eet/aantrek. Kleuters kan individueel of in klein groepies van ongeveer vier hanteer word (Webster-Stratton, 2008:2).

## 5.3 *1-2-3 MAGIC* BEHAVIOUR MODIFICATION-PROGRAM

Phelan (2003:7) het die *1-2-3 Magic*-program ontwikkel om ouers met kinders (2-12 jaar) te ondersteun in die hantering en dissiplinering van die kind se negatiewe en onaanvaarbare gedrag, die aanmoediging van positiewe en goeie gedrag en die versterking van die ouer-kindverhouding.

### 5.3.1 Benadering en filosofie

Die benadering van die *1-2-3 Magic*-program is gefokus op die beginsel van gedragsmodifikasie (Phelan, 2003:17, 21). Kinders is nie "klein grootmensies" nie en moet derhalwe ook nie so hanteer word nie. Die ouer bly die volwassene en moet die kind ondersteun in die aanleer van korrekte en sosiaal aanvaarbare gedrag. Die ouer as volwassene beskik steeds oor die finale gesag en outoriteit. Gesag en dissipline gaan hand-aan-hand en moet konsekwent, ferm en kalm toegepas word. Kinders moet ook geleer word dat elke aksie 'n spesifieke konsekwensie het. Die program plaas ook klem op die positiewe terugneem van ouerlike gesag op 'n verantwoordelike wyse, sodat dit balans kan bring in die ouer-kindverhouding.

### 5.3.2 Funksionele elemente

Funksionele elemente van die *1-2-3 Magic*-program sluit die volgende in:

- Die 1-2-3 van die *1-2-3 Magic*-program verwys na die drie beginsels van die program met die aftelmetode as die eerste beginsel. Hiervolgens word grense gestel om onaanvaarbare gedrag te stop, sonder dat die ouer met die kind redeneer of die situasie met die kind bespreek. Die aftel van "een" is gelykstaande aan een waarskuwing. Indien die ongewenste gedrag voortgaan, sal die ouer "twee" aftel, wat dan as 'n tweede waarskuwing dien. Die aftel van "drie" gaan onmiddellik gepaard met 'n "*time out*" wat ouderdomsverwant moet wees (een minuut vir elke jaar). 'n Kleuter van vyf, se "*time out*" sal gevolglik vyf minute wees.
- Alternatiewe vir "*time out*" sluit die wegneem van voorregte/speelgoed vir 'n gegewe tydperk in, vroeër bed toe gaan, vermindering van sakgeld en geen TV of ander elektroniese vermaak vir 'n vasgestelde periode.
- Klem word geplaas op die feit dat ouers na die "*time out*"-periode of alternatiewe straf nie in 'n lang, uitgerekte redenasie en bespreking met die kind moet gaan nie, behalwe as die gedrag nuut of ongewoon is en nie soortgelyke situasies weerspieël nie.

- Ouers en kinders besluit saam oor gedragsreëls en die gepaardgaande konsekwensies indien die reëls nie toegepas word nie, voordat die gedragskode deur die huishouding geïmplementeer word.
- Die tweede beginsel van die *1-2-3 Magic*-program beklemtoon dat die ouer slegs kan oorgaan tot die vestiging van die gedrag wat hulle wil aanmoedig, wanneer die ongewenste gedrag deur die aftelmetode gestop is en dit blyk dat die kind die beginsel begryp.
- Die volgende metodes word voorgestel om die gewenste, aanvaarbare gedrag aan te moedig, naamlik positiewe gedragsversterking, die stel van duidelike en eenvoudige opdragte en die wegneem van sakgeld indien huishoudelike takies afgeskeep word. Die gebruik van natuurlike konsekwensies (byvoorbeeld 'n kind wat weier om skoene aan te trek as die gesin gaan stap, moet agterbly indien dorings hom dan steek) en 'n beloningskaart ('n sterretjie of plakker word gegee as beloning vir goeie gedrag en die kleuter kry dan 'n beloning aan die einde van die week) is ook voorbeelde van alternatiewe metodes. Volwassenes moet egter ook die natuurlike gevolge van hulle eie besluite dra en dit nie omseil nie, aangesien die kind hierdie gedrag sal modelleer.
- Die derde en laaste beginsel van die *1-2-3 Magic*-program fokus op die versterking van die ouer-kindverhouding deurdat die ouer eerlik en realisties is met die kind, die kind vertrou om die regte besluite te neem en verantwoordelikheid te aanvaar vir sy gedrag, nie te streng is nie, genoeg liefde en aandag gee en lekker aktiwiteite saam met die kind doen. Die ouer moet ook daarop fokus om 'n goeie luisteraar te wees en nie veroordelend op te tree nie.
- Phelan (2003:194) beklemtoon die waarde van een-tot-een-aktiwiteite met die kind soos verf, koekies bak, bordspeletjies, vingerbord, boekies lees, in die tuin werk en saam 'n gunsteling TV-program kyk. Aktiwiteite moet gefokus wees op genot, kommunikasie en die toon van liefde en aanvaarding.

### 5.3.3 Wyse van aanbieding

Volgens Phelan (2003:18) kan die *1-2-3 Magic*-program individueel of in groepsverband gevolg word. Die program is ingedeel in weeklikse sessies wat ingeoefen moet word. Geen professionele opleiding is nodig om dit toe te pas nie.

## 5.4 PARENTING THE STRONG WILLED CHILD (2-6 YEARS) – THE CLINICALLY PROVEN FIVE-WEEK PROGRAM

Die Clinically Proven Five-Week-program vir ouers met 'n eiesinnige kleuter is ontwerp deur Forehand en Long (2002) en is die resultaat van veertig jaar se kliniese toetsings met ouers van eiesinnige kleuters. Die program loop oor vyf weke en fokus op vyf hanteringsbeginsels wat deur ouers aangeleer en toegepas moet word. Dit is spesifiek gemik op die bemagtiging van die ouer, die verandering van die kleuter se eiesinnige gedrag, aanmoediging tot inskiklikheid by die kleuter en die herstel van harmonie in die ouer-kindverhouding.

### 5.4.1 Benadering en filosofie

Forehand en Long (2002) se programbenadering berus op die veronderstelling dat die vyf hanteringsbeginsels op mekaar volg en dat 'n beginsel nie toegepas moet word voordat die vorige een bemeester is nie. Die een beginsel bou dus op die suksesvolle en konsekwente toepassing van die ander. Die bemeestering van elke week se beginsel behels meer as net 'n begrip en kennis van die beginsel en vereis die daaglikse toepassing daarvan op die kleuter. Spesifieke probleemareas in die kleuter se gedrag word aangespreek (soos badtyd, eettyd, slaaptyd, woedeaanvalle in 'n winkel en hardkoppigheid), terwyl daar ook gekonsentreer word op die ouer se frustrasies, emosies en gedrag. Forehand en Long stel dit duidelik dat die kleuter se eiesinnige gedrag nie in isolasie bestudeer kan word nie, maar onderhewig is aan die invloed van die volgende drie elemente: die temperament van ouer en kind, die ouerskapstyl en 'n positiewe- en opbouende gesinsomgewing.

### 5.4.2 Funksionele elemente

Die vyf hanteringsbeginsels van Forehand en Long (2002) se program is die volgende:

- <u>Beginsel een</u> – Wees oplettend en erken emosie
  Gedurende week een word die beginsel van oplettendheid ingeoefen. Dit beteken dat die ouers die kleuter se gedrag aan die kleuter sal beskryf en selfs sal demonstreer. Dit moet beide positiewe en negatiewe gedrag wees. Die fokus van hierdie beginsel is om nie kommentaar te lewer op die gedrag waarvan die ouer nie hou nie, maar bloot entoesiasties te verbaliseer wat gesien word, byvoorbeeld: “Jy het die blou blokkie heel bo gepak!” of “Jy pak nou alles in 'n ry!”, “Jy huil nou verskriklik erg!”. Forehand en Long (2002:81) noem hierdie tegniek die sogenaamde “bal-vir-bal-kommentaar”. Geen opdragte word gegee nie

en geen vrae word gevra nie. Die belangrikheid van hierdie beginsel is dat ouers besef dat hulle kleuter nie NET negatiewe gedrag openbaar nie, maar ook positiewe of selfs neutrale gedrag toon, aangesien die ouer van die eiesinnige kleuter meestal fokus op die kleuter se negatiewe gedrag. Die hoofdoel van hierdie beginsel is om weg te beweeg van direktiewe vrae en antwoorde na 'n neutrale atmosfeer sonder oordeel. Forehand en Long (2002:83) beklemtoon dat die ouer by die toepassing van hierdie beginsel daarop moet konsentreer om nie opdragte te gee nie, nie vrae te vra nie en nie die kleuter die heeltyd te probeer leer nie.

- Beginsel twee – Beloning

  Die beloning kan verbaal ("ek hou daarvan as jy mooi met jou sussie praat"), fisies (die gee van 'n drukkie), aktiwiteitsverband (koekiesbak, tuinmaak) of materieel (koop van 'n roomys/speelding) van aard wees. Beloning is effektief as dit direk volg op die gedrag wat beloon of aangemoedig wil word en indien die beloning voorafgegaan word deur 'n kort beskrywing van wat die ouer gesien het, sonder om vrae te vra, te preek of opdragte te gee, byvoorbeeld: "Ek wil vir jou 'n drukkie gee, want ek sien jy bêre jou speelgoed na jy klaar gespeel het".

- Beginsel drie – Ignorering

  Die beginsel van ignorering beteken die onthouding van aandag aan die kleuter en sluit die volgende drie komponente in: geen fisiese kontak, geen verbale kontak, geen oogkontak. Gedrag wat geïgnoreer kan word sluit in woedeaanvalle, onredelike eise vir aandag, eis dat die ouer iets moet doen, kerm, skreeu, geforseerde braking om aandag te kry, irriterende en aanhoudende gedrag, argumenteer sonder rede en 'n onvanpaste en manipulerende gehuil. Die konsekwente toepas van hierdie beginsel is vir ouers baie moeilik, veral omdat die negatiewe gedrag aanvanklik in felheid toeneem. Forehand en Long (2002:105) is van mening dat die klimaks wat negatiewe gedrag bereik, op sy felste is voor dit verdwyn. Indien 'n ouer dit moeilik vind om die gedrag te ignoreer, is dit beter om fisies na 'n ander vertrek te beweeg en so te onttrek. Dit sal dieselfde boodskap dra.

- Beginsel vier – Duidelike opdragte

  Beginsel vier mag slegs toegepas word indien die vorige drie beginsels bemeester is. Tot en met beginsel vier sal die ouer dus geen opdragte gee, geen vrae vra en geen preke of lesse gee nie. Opdragte moet eenvoudig, duidelik en ferm gegee word. Oogkontak of aanraking om die kleuter te laat fokus, is baie belangrik. Verduidelikings, redes, "*lets*"-opdragte ("*Let's pick up your toys*") en opdragte in 'n vraagvorm ("Is jy lus om jou kamer op te ruim?") is almal voorbeelde van vae, onduidelike en dubbelsinnige opdragte, aangesien dit aan die kleuter 'n boodskap gee dat hy self kan besluit of hy iets wil doen of nie.

- Beginsel vyf – Gebruik van "*time out*"

  Hierdie beginsel kan in die vyfde week toegepas word, indien negatiewe gedrag en hardkoppigheid steeds op 'n gereelde basis voorkom. Dit mag slegs toegepas word indien die vorige beginsels reeds in plek is. Die belangrikste aspek van hierdie beginsel is dat dit konsekwent toegepas moet word, elke keer wat die kleuter hardkoppig is of negatiewe gedrag openbaar. *"Time out"* moet uitgedien word in 'n vervelige plek en die ouer mag geensins reageer op woedeaanvalle, skreeu, huil of soebat nie. Die mikpunt is nie om die kind bang te maak nie en ligte of deure moenie afgesit en toegemaak word nie. Die badkamer, kind se kamer, 'n kas of 'n donker, afgesonderde plek is nie geskik vir "*time out"* nie. Voorstelle vir meer geskikte plekke is die huis se gang, die ouers se kamer of 'n hoekie in die kombuis. *"Time out"* word voorafgegaan deur 'n kort, ferm en duidelike grens en waarskuwing, byvoorbeeld: "As jy ophou om jou speelgoed te breek, hoef jy nie *'time out'* te neem nie". Indien die gedrag voortgaan, word die keuse en die "*time out"* onmiddellik geïmplementeer. *"Time out"* kan met die volgende opmerking geïmplementeer word: "Jy het gekies om jou speelgoed te breek, nou gaan jy in die gang sit tot ek jou roep". Forehand en Long stel ook voor dat een minuut per ouderdomsjaar van die kleuter voldoende is en dat ouers gebruik moet maak van 'n tydhouer, sodat die kleuter saam kan monitor hoe die tyd verloop.

Die fokus by al vyf beginsels is en bly deurgaans op die daarstel van 'n positiewe- en opbouende gesinsomgewing.

### 5.4.3 Wyse van aanbieding

Forehand en Long (2002) se program is slegs in boekvorm beskikbaar. Elke beginsel, sowel as die werking en toepassing daarvan, word breedvoerig uiteengesit en geen formele opleiding of fasiliteerder is nodig om dit te volg nie. Die program word ook voorafgegaan deur 'n basiese uiteensetting van die invloed van temperament en ouerskapstyl en dra beslis by tot ouers se selfkennis en begrip van hulle eie reaksie op hulle eiesinnige kleuter se gedrag. Die voltooiing van verskeie waarnemingsisteme help die ouer om die kleuter se gedrag te monitor, asook sy eie vordering in die bemeestering van elke weeklikse beginsel.

## 5.5 DIE PARENTS PLUS-PROGRAM

Die Parents Plus-program is ontwikkel deur Sharry en Fitzpatrick (1998) en fokus op die bestuur en hantering van dissiplineprobleme by kinders (4-11 jaar) en adolessente (11-16 jaar). Vir die doel van hierdie studie is daar slegs gekonsentreer op die inhoud van die program vir kinders (4-11 jaar), aangesien die kleuterfase binne hierdie ouderdomsindeling van die program val.

### 5.5.1 Benadering en filosofie

Die Parent Plus-programbenadering stel dit dat effektiewe ouerskap grootliks berus op die kwaliteit van die ouer-kindverhouding. Indien daar nie 'n warm, liefdevolle en openhartige verhouding tussen ouer en kind is nie, sal kennis en opleiding van dissiplineringstegnieke oneffektief wees en geen opbouende doel dien nie. Die grondslag berus op 'n oop, kommunikasiegerigte verhouding, waarin beide ouer en kind geleer het om aktiewe luisteraars en effektiewe kommunikeerders te wees (Sharry & Fitzpatrick, 1998).

### 5.5.2 Funksionele elemente

- Die ontplooiing van daadwerklike positiewe aandag deur onder andere aktiewe luistertegnieke.
- Die implementering van die Prys-en-Ignoreer-beginsel. Hiervolgens erken die ouer goeie gedrag deur positiewe aandag en aanprysing. Ongewenste en onaanvaarbare gedrag sal min of geen aandag of aanprysing kry nie. Ignorering moet konsekwent, oor 'n kort periode en binne die konteks van 'n positiewe ouer-kindverhouding toegepas word. Die ouer gebruik dus aandag en aanprysing as gedragveranderingsagent.
- Die belangrikheid van speel met die kleuter word ook beklemtoon. Speel is die kleuter se primêre taal van leer en die Parents Plus-program beskou speel as die mees ideale medium waardeur sosiaal aanvaarbare gedrag aan die kleuter oorgedra kan word. Vryspel (byvoorbeeld aan-aan en *follow-the-leader)*, georganiseerde spel (byvoorbeeld bordspeletjies, storietyd en verfaktiwiteite) en fantasiespel (dokter-dokter, winkel-winkel) dra waardevolle beginsels en lewensbeginsels aan die kleuter oor in 'n taal wat hy verstaan.
- Aanmoediging- en- prys-beginsel. Volgens hierdie beginsel moet ouers dit 'n leefwyse en ingesteldheid maak om positief teenoor hulle kleuter op te tree. Kleuters wat ervaar dat hulle aanvaar word, waardeer word en positief gesien word, reageer ook deur positiewe en aanvaarbare gedrag te openbaar. Onderwerpe wat by hierdie beginsel van toepassing is,

sluit in die aanleer van duidelike, effektiewe kommunikasie tussen ouer en kleuter, hoe om duidelik en spesifiek te prys, die erkenning van klein, maar daadwerklik pogings van die kleuter om gedrag te verander en die bevordering van die ouer se gevoel van bevoegdheid en beheer.

- Die gebruik van die kaartbeginsel waar sterre en plakkers gegee word om goeie gedrag en pogings te erken. 'n Beloning word aan die einde van die week gegee vir volgehoue goeie gedrag en pogings.
- Riglyne oor die stel van duidelike, eenvoudige maar konsekwente grense en hoe die ouer die kleuter kan ondersteun om dit te handhaaf. Die gee van keuses, asook die konsekwensies van die keuses wat die kleuter gemaak het, is ook 'n belangrike beginsel.
- Die aanleer van assertiewe gedrag sonder dat ander daardeur benadeel word, word ook sterk beklemtoon.
- Alternatiewe strafmetodes vir 'n pak slae sluit in "*time out*" endie wegneem van voorregte, en die inperking van byvoorbeeld TV-kyk, word ook bespreek. Die program beskou "*time out*" as 'n waardevolle geleentheid vir ouers om ‘n bietjie rustiger te raak en konflik en woede onder beheer te kry.
- Die gesamentlike oplossing en daarstel van grense. Gesien in die lig dat die program kommunikasie en aktiewe luister as essensiële komponente beskou, word die sinergie van ouer en kind in probleemoplossing, hoog aangeslaan. Oortredings en onaanvaarbare gedrag word in perspektief gestel, alternatiewe word voorgestel en bespreek en die konsekwensies indien die grense nie gerespekteer word nie, word duidelik en eenvoudig gekommunikeer.

### 5.5.3 Wyse van aanbieding

Die Parents Plus-program verskil van die ander programme deurdat die program deur 'n opgeleide en professionele fasiliteerder aangebied moet word. Groepe se groottes kan wissel tussen vyf en vyftien ouers wat een maal per week vir agt opeenvolgende weke bymekaarkom. Die kursus bestaan uit 'n DVD wat eers gesamentlik gekyk word en daarna gevolg word deur 'n bespreking vanuit die inhoud van die DVD en die lesmateriaal. Ouers kry geleentheid om hul ervarings, goed of sleg, met mekaar te deel en van mekaar te leer. Die voltooiing van 'n waarnemingsisteem gee aan ouers die geleentheid om prakties en sistematies te monitor wat die impak van die beginsels is op die kleuter se gedrag, sowel as op die ouer-kindverhouding. Die fasiliteerder word nie beskou as die kenner op elke onderwerp nie, maar fasiliteer die ordelike verloop van die groepsessies. Die

volgende aktiwiteite vorm deel van die programinhoud: ysbrekers, basiese reëls van die groepsessies, videomateriaal, rollespel en terugvoering na elke sessie (Sharry & Fitzpatrick, 1998).

## 5.6 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was die identifisering en bespreking van toepaslike funksionele elemente van bestaande, suksesvolle programme wat die navorser kan ondersteun in die daarstel van hanteringsriglyne vir die ouer met 'n eiesinnige kleuter vanuit die Gestaltperspektief. Alhoewel nie een van die bespreekte programme suiwer geskoei is op Gestalt nie, het dit objektiwiteit en insig gebring en kon die navorser uit elke program beginsels en elemente kry wat die Gestaltbenadering komplimenteer. Die objektiwiteit en insig wat die bestudering van bestaande modelle gebring het, sal geïmplementeer word in die ontwerp en ontwikkeling van hanteringsriglyne vanuit die Gestaltperspektief vir ouers met 'n eiesinnige kleuter.

# HOOFSTUK 6

# ONTWERP EN VROEË ONTWIKKELING

## 6.1 INLEIDING

In Hoofstuk 5 is daar gefokus op die **funksionele elemente van bestaande programme en suksesvolle modelle** wat op hierdie studie van toepassing is (sien 1.5.2.3). In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die volgende twee fases van Rothman en Thomas se D & D-model, naamlik **Fase 3** die **ontwerp** en **Fase 4** die **vroeë ontwikkeling** van Gestalthanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter. Die **ontwikkeling van 'n waarnemingsisteem** (sien 1.5.3.1) en die **spesifisering van prosedures vir die intervensie** (sien 1.5.3.2) is die twee stappe van **Fase 3** waaraan vervolgens aandag gegee sal word.

## 6.2 WAARNEMINGSISTEEM

De Vos (2005:400) is van mening dat die waarnemingsisteem as 'n terugvoeringsisteem in die ontwerpproses van die intervensie dien. Die waarnemingsisteem ondersteun ook die verfyning van die prototipes wat die finale intervensie voorafgaan. Voorts bepaal dit ook die effek van die intervensie op die geïdentifiseerde probleme van die populasie deur middel van direkte observasie, selfmonitering en die aanteken van die geobserveerde en gemoniteerde bevindinge. Vir die doel van hierdie studie sal die waarnemingsisteem deur die ouers van 'n eiesinnige kleuter voltooi word aangesien hulle op 'n daaglikse basis kontak met die kleuter het en derhalwe in die ideale posisie is om die impak van die intervensie akkuraat te monitor en aan te teken.

Die resultate van die empiriese ondersoek het aangetoon dat respondente spesifieke probleemareas (sien 2.3.3.3), hanteringstekorte (sien 2.3.2) en konflik ervaar (sien 2.3.3). Hierdie bevindinge, ondersteun deur 'n intensiewe literatuurstudie, die bestudering en identifisering van natuurlike voorbeelde (sien Hoofstuk 3), asook funksionele elemente van suksesvolle modelle (sien Hoofstuk 5) is gebruik in die ontwikkeling van 'n waarnemingsisteem. Hierdie waarnemingsisteem, bestaande uit waarnemingslyste, was instrumenteel in die ontwerp van Gestalthanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter. Die doel van die waarnemingslyste (sien tabel 6.2.1 – 6.2.4) is daarop gerig om ouers in staat te stel om self te observeer en te monitor of die implementering van die riglyne die gewenste verandering by die kleuter teweeg bring. Die gebruik van waarnemingslyste as 'n waarnemingsisteem sal vervolgens bespreek word.

### 6.2.1 Waarnemingslys nr. 1 – Verhoging van ouers se bewustheid rakende huidige hanteringsmetodes

Die doel van hierdie waarnemingslys (sien tabel 6.1) is om ouers se bewustheid (sien 4.4.1) te verhoog aangaande hul huidige ervaring en reaksie op hul eiesinnige kleuter se gedrag, asook die hanteringsmetodes wat hulle tans implementeer. Dit skep terselfdertyd ook by ouers 'n bewustheid van die kleuter se onmiddellike reaksie op gebeure, opdragte en spesifieke probleemareas (sien 3.2.3.5). Ouers se kennis rakende hul eie temperament en ouerskapstyl (sien 3.2.2.2) en die invloed wat dit het op hulle hantering van die kleuter word ook deeglik gemonitor. Ouers kan hierdie waarnemingslys vir twee agtereenvolgende weke voltooi. Kennis aangaande hul ouerskapstyl en 'n bewustheid van hul eie, sowel as die kleuter se temperament vorm 'n belangrike basis vir die daarstel van alternatiewe hanteringsriglyne, aangesien ouers hulself en die kleuter beter sal verstaan. Die aanteken van die datum en tyd kan ook waardevolle insigte gee rondom die frekwensie en voorkoms van sekere probleemgedrag en die wyse waarop die ouer dit hanteer het. ’n Voorbeeld hiervan is dat 'n kleuter byvoorbeeld sesuur in die aand moeg is en daarom meer hardkoppig kan wees terwyl die ouer moeg gewerk is en minder geduld het. Hierdie kennis sal verhoed dat ouers sekondêre emosies soos skuldgevoelens en onbevoegdheid ervaar (sien 2.3.1.2), aangesien hulle beide hulle eie en die kleuter se gedrag in perspektief sal plaas.

**Tabel 6.1: Waarnemingslys nr. 1 – Verhoging van ouers se bewustheid rakende huidige hanteringsmetodes. (Voltooi vir ten minste twee agtereenvolgende weke)**

| Datum/ Tyd | Gebeurtenis/ opdrag/ probleem-area | Kleuter se onmiddel-like gedrag (tempera-ment) | Ouer se onmiddellike emosionele ervaring (tempera-ment) | Huidige, oneffektiewe hantering-metodes (ouerskap styl) | Moontlike redes vir ouers se keuse van hantering | Moontlike gevolge van huidige hanteringsmetodes | | Sekondêre emosies van ouers | Invloed van sekondêre emosies op hantering van kleuter | Ouer se persepsie van die invloed van die gebeurtenis op die ouer/ kindverhouding |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | **Ouer** | **Kleuter** | | | |
| **Dag 1** bv. 20/10, 17:00 | bv. "Pak weg jou speelgoed". Badtyd,eet-tyd, dorp toe gaan, klere aantrek | bv. . woedeaanval ignoreer, kerm | bv. kwaad, gefrustreerd, moedeloos, moeg | bv. grense is vaag en onduidelik, positiewe/ negatiewe versterking-strik, dwangmaat-reëls soos pak slae | bv. grootword-jare, "*goodness of fit*", ouerskap-styl en tempera-ment | Konflik Tussen ouers, ouer/kind, broer/suster | Toets deur te argu-menteer, te igno-reer, woe-deaanval te loods | bv. voel skuldig oor vroeëre uitbarstings, ervaar frustrasie, wrewel | bv. gee kleuter sy/haar sin, ruim self op | bv. afbrekend, vrees dat kleuter hul sal verwerp |
| **Dag 2** | | | | | | | | | | |
| **Dag 3** | | | | | | | | | | |
| **Dag 4** | | | | | | | | | | |
| **Dag 5** | | | | | | | | | | |
| **Dag 6** | | | | | | | | | | |
| **Dag 7** | | | | | | | | | | |

**Tabel aangepas uit Webster-Stratton (2008) The Incredible Years se BASIC *Early Childhood training*-program (3-6 jaar) en Phelan (2003) se *1-2-3 Magic*-program**

### 6.2.2 Waarnemingslys nr. 2 – Alternatiewe hanteringsmetodes

'n Verhoging van ouers se bewustheid deur hul huidige hanteringmetodes (sien 6.2.1) aan te teken en te monitor kan die ouer aanmoedig om nuwe, alternatiewe hanteringmetodes te implementeer wat meer effektief is vir kleuters met 'n sterk wil (sien 3.2.3.2 – 3.2.3.5). Uit die bestudering van literatuur en ander suksesvolle modelle het dit geblyk dat daar 'n effektiewe en minder effektiewe manier is om met eiesinnige kleuters te werk. Die voltooiing van waarnemingslys nr. 2 (sien tabel 6.2) sal die ouer help om rekord te hou van die effek wat alternatiewe hanteringmetodes het op die kleuter se gedrag.

Die visuele uitbeelding sal die ouer ook positief aanmoedig om met die alternatiewe hanteringmetodes voort te gaan en daarmee vol te hou, aangesien die ouer kan “sien” hoe die kleuter se gedrag verander. Hierdie blad moet vir vier tot ses weke op datum gehou word, aangesien die moontlikheid bestaan dat die kleuter en die ouer na hul vroeë hanteringmetodes en gedrag sal terugkeer indien daar nie met die toepassing van alternatiewe hanteringsmetodes volgehou word nie. MacKenzie (2001:164) se voorstelle rakende die toepassing van konsekwensies (sien 4.4.10) kan ook geïmplementeer word. Wanneer die kleuter sien dat die ouer se woorde en dade konsekwent ooreenstem, sal dit as die “waarheid” aanvaar word (sien 3.2.3.2). Waarnemingslys nr. 2 kan slegs voltooi word indien ouers met die voltooiing van waarnemingslys nr. 1 ’n deeglike beeld kon kry van hulle huidige hanteringsmetodes.

**Tabel 6.2: Waarnemingslys nr. 2 – Alternatiewe hanteringmetodes. (Voltooi vir vier tot ses weke agtereenvolgens)**

| **Dag/ tyd** | **Gebeurte-nis/ Probleem area** | **Vorige wyse van hante-ring** | **Alterna-tiewe hanterings metodes** | **Keuse/ Bemag-tiging van kleuter** | **Uitstip van konse-kwensies** | **Natuur-like konse-kwensies** | **Is konse-kwensies deur-gevoer? Ja/Nee** | **Die kleuter se reaksie op konse-kwensies** | **Effek van alterna-tiewe hantering-metodes op kort-termyn** | **Lang-termyn effek** | **Die inbring van die ster-sisteem van beloning** | **Ouer se persepsie rakende die ouer-kind-verhouding** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dag 1** bv. 16/12, 13:15 | bv. Konflik oor keuse van klere | bv. Dwang maat-reëls soos 'n pak slae, *“family dance”* | bv. stel grens ferm en duidelik, laat nie argumente of onderhandeling toe nie, *“time out”* | bv. Jy kan 'n baadjie aantrek of 'n trui | bv. As jy sonder 'n warm ding gaan, gaan jy koud kry . Ek kom nie terug vir ’n trui nie | | | bv. het aan die kerm gegaan, woedeaanval | bv. kerm nie meer so baie nie, maar toets steeds of woorde en dade ooreenstem | bv. minder konflik, meer inskiklik | bv. een ster indien speelgoed weggepak sonder 'n geneul | bv. voel meer positief en in beheer, sien positiewe van kleuter raak |
| **Dag 2** | | | | | | | | | | | | |
| **Dag 3** | | | | | | | | | | | | |
| **Dag 4** | | | | | | | | | | | | |
| **Dag 5** | | | | | | | | | | | | |
| **Dag 6** | | | | | | | | | | | | |
| **Dag 7** | | | | | | | | | | | | |

**Tabel aangepas uit Forhand en Long (2002: 100, 127)** ***Parenting the strong-willed child. The Clinically Proven Five-Week Program for Parents of Two- to six-Year-Olds.***

### 6.2.3 Waarnemingslys nr. 3 – Die effek wat alternatiewe hanteringmetodes het op die kleuter se gedrag

Waarnemingslys nr. 3 (sien tabel 6.3) het ten doel om te bepaal of daar enige verandering in die kleuter se gedrag gekom het nadat die ouer begin het met die konsekwente toepassing van alternatiewe hanteringmetodes. Hierdie waarnemingslys kan oor 'n tydperk van twee weke voltooi word, nadat waarnemingslys nr. 1 en 2 voltooi is. Konsekwentheid is van uiterste belang in die hantering van 'n eiesinnige kleuter, aangesien hulle sal toets of hulle ouers se dade en woorde ooreenstem (sien 3.2.3.2). Hierdie waarnemingslys kan van groot waarde wees in die bemagtiging van ouers, aangesien dit ʼn rekord hou van die effek wat alternatiewe hanteringmetodes het op die eiesinnige kleuter se gedrag (sien 5.2.1). Indien dit ʼn positiewe verandering in die kleuter se gedrag tot gevolg het, sal dit ouers aanmoedig om voort te gaan met die toepassing daarvan.

**Tabel 6.3: Waarnemingslys nr. 3 – Die effek wat alternatiewe hanteringmetodes het op die kleuter se gedrag**

| Dag/ Tyd | Kleuter se bewustheid van eie gedrag het verbeter | Kleuter het 'n bewustheid van die konsekwensies van keuses | Kleuter praat en speel positief met maatjies | Kleuter kan konflik beter hanteer | Kleuter reageer positief op opdragte | Kleuter is ingestel op die stersisteem as beloning vir goeie gedrag | Ouer voel bemagtig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dag 1** | ☺ | X | X | X | X | X | Nog nie |
| **Dag 2** | ☺ | | X | X | ☺ | | Effens verbeter |
| **Dag 3** | | | | | | | |
| **Dag 4** | | | | | | | |
| **Dag 5** | | | | | | | |
| **Dag 6** | | | | | | | |
| **Dag 7** | | | | | | | |

**Tabel aangepas uit Webster-Stratton (2008) The Incredible Years se BASIC *Early Childhood training*-program (3-6 jaar)**

6.2.4 Waarnemingslys nr. 4 – Ondersteuningnetwerk vir ouers

Die doel van hierdie waarnemingslys (sien tabel 6.4) is nie net om ouers se kennis en begrip van hul eiesinnige kleuter te verhoog nie (sien 3.2.2), maar ook om die belangrikheid van ŉ goeie ondersteuningsnetwerk te beklemtoon (2.3.2.4), aangesien dit ook ŉ invloed kan hê op die wyse waarop die ouer die kleuter verstaan en hanteer. Die waarnemingslys kan saam met waarnemingslys nr. 1 voltooi word. Hoe gouer ŉ ondersteuningsnetwerk in plek is, hoe beter sal dit vir beide ouer en kleuter wees, aangesien ouers se kennis en begrip van hulself en hul kleuter ŉ verandering in hantering sal bring en die ouer-kindverhouding sal verbeter. Ouers wat ervaar dat daar mense is wat verstaan en ondersteun, voel ook meer positief om deur te druk met die toepassing van alternatiewe hanteringmetodes.

**Tabel 6.4: Waarnemingslys nr. 4 – Ondersteuningsnetwerk vir ouers**

| **Wat doen jy as ouer om jouself te bemagtig in die hantering van jou kleuter?** | **Huidige ondersteuningsnetwerk?** | **Behoeftes aan meer ondersteuning?** | **Iets spesiaals wat jy vandag/hierdie week vir jouself gedoen het?** | **Resultaat van hierdie spesiale bederf op jou gemoedstoestand en die wyse waarop jy jou kleuter hanteer?** |
|---|---|---|---|---|
| bv. Lees oor die onderwerp, woon praatjies by. | bv. Geen, my ouers bly ver | bv. Gespreksgroep, my man moet meer ferm optree, die kinders kan vir ŉ aand by ŉ vriendin gaan bly, sal graag deel wil word van ŉ gespreksgroep wat verstaan | bv. Niks, het nie energie nie, beplan egter om weer te begin oefen | bv. Ek voel nie meer so vasgevang in my omstandighede. Om met ander te kan deel, help my om my kleuter in perspektief te plaas |

**Tabel aangepas uit Sharry & Fitzpatrick (1998:7, 8) se *Parents Plus Programme. A Practical and Positive Guide Managing and Solving Discipline Problems in Children Aged 4-11.***

6.2.5 Waarnemingslys nr. 5 – Huishoudelike reëls en konsekwensies

Die doel van waarnemingslys nr. 5 (sien tabel 6.5) is om ouers en kleuters gesamentlik te laat besluit oor huishoudelike reëls en ouderdomstoepaslike konsekwensies indien die reëls en grense oortree word. 'n “Huisvergadering” met al die lede van die gesin kan gehou word, waartydens elkeen 'n inset kan lewer. Ouers kan monitor en aanteken wat besluit word. Reëls moet min,

eenvoudig en uitvoerbaar wees en aangesien die kleuter nog nie kan lees nie, kan ouers deur middel van een of ander simbool, 'n verstaanbare en "leesbare" uitbeelding daarvan gee. Die geskikste tyd vir die hou van huisvergaderings is wanneer daar nie konflik is nie en nie die ouer of die kleuter ooremosioneel reageer nie. Nadat die eerste vergadering gehou is, kan die gesin gesamentlik besluit oor die tydperk wat moet verloop voor die volgende huisvergadering plaasvind. Cawood (2007:81) is van mening dat die doel van só 'n huisvergadering nooit moet wees om individuele probleme op te los nie; dit is liewer 'n beplanningsessie oor hoe om probleme aan te spreek wat betrekking het op die funksionering van die hele gesin. ’n Kopie kan opgeplak word op 'n plek waar almal dit kan sien en daaraan herinner kan word. Die voordeel van "huisvergaderings" vir die uitsluitlike doel om huisreëls op te stel, is dat die kinders die reëls en die konsekwensies daarvan verstaan. Op hierdie wyse word die waarskynlikheid verhoog dat hulle die huisreëls sal respekteer en dit sal uitvoer en 'n goeie voorbeeld of model van probleemoplossing word ook hierdeur voorgestel.

Dit is belangrik dat die reëls en die manier waarop dit geïmplementeer gaan word, duidelik is. Almal moet ook bewus gemaak word van die feit dat konsekwensies onmiddellik van toepassing is en dat geen uitsonderings op die reël gemaak kan word nie. Die kleuter sal aanvaar dat reëls onderhandelbaar is indien ouers se woord-en-daad nie ooreenstem nie. Konsekwensies moet goed oordink word – ouers moet daarteen waak om iets te belowe wat hulle nie kan of gaan deurvoer nie, soos om byvoorbeeld die kleuter te dreig dat hulle 'n partytjie gaan verlaat as die kleuter voortgaan om ander maatjies af te knou, maar dit dan nie doen nie.

**Tabel 6.5: Waarnemingslys nr. 5 – Huishoudelike reëls en konsekwensies**

**Datum:**

**Foto van elke lid van die gesin:**

**Reël 1)** bv. Mag nie op mekaar skreeu nie

**Konsekwensie**: bv. "*Time out*"

**Reël 2)** bv. Speelgoed moet opgepas word en nie gebreek word nie

**Konsekwensie**: bv. Speelding word weggesit vir drie dae

**Reël 3)** ______________________________

**Konsekwensie**: ______________________________

**Reël 4)** ______________________________

**Konsekwensie**: ______________________________

**Reël 5)** ______________________________

**Konsekwensie:** ______________________________

**Datum van volgende huisvergadering:**

**Tabel aangepas uit Sharry & Fitzpatrick (1998:7, 8) se *Parents Plus Programme. A Practical and Positive Guide Managing and Solving Discipline Problems in Children Aged 4-11.***

## 6.3 SPESIFISERING VAN PROSEDURES VIR DIE INTERVENSIE

Soos reeds gemeld in 1.5.3.2 definieer De Vos (2005:4019) hierdie stap as 'n gedetailleerde uiteensetting van die voorwaardes wat in plek moet wees vir die korrekte en effektiewe toepassing van die spesifieke intervensie. Hierdie prosedures/ werkswyse moet gespesifiseer wees, sodat die intervensie ook deur persone in ander hulpverlenende professies gebruik kan word.

Die volgende prosedures moet in plek wees vir 'n professionele fasiliteerder wat die implementeringsproses van die Gestalthanteringsriglyne moet fasiliteer:

Die professionele fasiliteerder moet:

- basiese kennis en agtergrond van Gestalt hê
- kennis en ondervinding hê om as fasiliteerder te kan optree
- kennis en ervaring hê van Gestaltgroepwerk
- kennis en begrip hê van eiesinnigheid, asook van die kleuterfase as ontwikkelingstadium
- die vertroue hê dat verandering wel moontlik is.

Riglyne sal suksesvol aangebied kan word aan individuele ouerpare, sowel as binne groepsverband. Die navorser beveel aan dat 'n groep uit nie meer as vier ouerpare bestaan nie, aangesien vier ouerpare steeds die voordeel geniet van die geakkumuleerde kennis en ondervinding van elke lid van die groep, sonder dat dit onpersoonlik en oorweldigend raak. Die volgende prosedures vir groepsessies word vir hierdie intervensie voorgestel:

- Slegs ouers met kinders in die kleuterfase mag deelneem aan die groepsessies.
- Kleuters se gedrag moet voldoen aan die meeste van die kenmerke van Forehand en Long (2002:10) se aangepaste Kriterialys van gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter (sien bylaag D). Dit word bepaal deurdat ouers hierdie kriterialys vooraf voltooi.
- Ouerpare moet ook vooraf Cawood (2007:120) se Kriterialys van ouers se emosies en reaksie op eiesinnige gedrag (sien bylaag C) voltooi. Dit dien as maatstaf vir hulle huidige emosionele ervaring van hul eiesinnige kleuter.
- Ouerpare moet so ver moontlik albei probeer om al die sessies van die groepbespreking by te woon, aangesien 'n grondige kennis van Gestalt 'n voorvereiste is vir die implementering van die riglyne. Die beginsels van die Gestaltfilosofie sal tydens sessies deeglik deur die fasiliteerder vasgelê word. Die fasiliteerder moet seker maak dat die datums vir sessies lank voor die tyd vasgestel is. Indien een van die ouers nie teenwoordig kan wees nie, moet die ouer wat wel teenwoordig was seker maak dat die inligting en die aard en omvang van die sessie se bespreking so volledig moontlik aan die ouer wat afwesig was, oorgedra word.
- Aktiwiteite wat deelnemers op hulle gemak kan stel en 'n waardevolle bydrae kan lewer om die sessies sinvol en leersaam te hou, sluit onder andere in bekendstellingsaktiwiteite, ysbrekers, die vasstelling van die basiese reëls van die groep, die benutting van

videomateriaal, groepsbesprekings en rollespel. Terugvoering rakende hulle eiesinnige kleuter se gedrag, hoe hulle die gedrag ervaar en hoe hulle dit hanteer het, kan aan die einde of begin van elke sessie deur ouers deurgegee word.

- Ongeveer ses groepsessies word voorgestel waartydens ouers onder andere leiding sal kry rakende die Gestaltbenadering, die voltooiing van die waarnemingslyste (sien 6.4) en die inoefen van spesifieke hanteringsvaardighede by die huis.
- Terugvoering rakende die effektiwiteit van die hanteringsriglyne en die nut van die waarnemingslys moet met die aanvang van elke sessie gegee word. Dit skep ook 'n geleentheid vir leer.
- Die fasiliteerder is nie die groepleier wat besluite neem nie, ook nie 'n kundige oor elke terrein en onderwerp nie en moet daarom ruimte skep vir ouers om self te ontdek en deur die interaksie met die ander ouers, hul kennis uit te brei.
- Die groepsessies moet aan ouers die geleentheid bied om hulle gevoel van isolasie te verbreek, hulle ervarings te normaliseer en ondersteuning te bied deur groepkohesie.
- Die identifisering van verdere behoeftes met verloop van die intervensieproses word aan die goeie oordeel en diskresie van die professionele fasiliteerder oorgelaat en ouers moet die vrymoedigheid hê om nuwe vraagstukke na die tafel te bring vir bespreking.

## 6.4 GESTALTHANTERINGSRIGLYNE VIR OUERS MET 'N EIESINNIGE KLEUTER

Soos reeds gemeld, is daar tydens hierdie studie van beperkte omvang slegs gefokus op die uitvoer van Stap 1 van **Fase 4** (sien 1.4). Die **ontwikkeling van 'n prototipe** (sien 1.5.4.1) is dus die laaste en finale stap ter voltooiing van die intervensiestudie. Die navorser het vyf hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter ontwerp en ontwikkel. Elke riglyn word belig deur die toepassing van die tersaaklike Gestaltkonsepte (sien 4.4). Die ontwerp en ontwikkeling van Gestalthanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter beteken dat Stap 1 van **Fase 4** suksesvol voltooi is.

### 6.4.1 Hanteringsriglyn nr. 1 – Definieer die probleem en gee samevloeiende erkenning aan die kleuter se emosies

Die hoofdoelwit van hanteringsriglyn nr. 1 is om 'n oop kanaal vir kommunikasie te skep en klem te plaas op die belangrike beginsel dat ouers nie moet verval in hulle vorige, oneffektiewe hanteringsmetodes nie, aangesien dit aanleiding gee tot 'n magstryd (sien 2.3.1). Die feit dat die

ouer erkenning gee aan die kleuter se emosies, bevestig aan die kleuter dat hy/sy geag word en die sintese waartoe die kleuter kom in die "is ek goed of is ek sleg"-vraagstuk, dui op 'n positiewe selfbelewing (sien 3.2.3.5). Die kuns is om nie veroordelend te wees nie, maar bloot 'n feitelike waarneming te verwoord. Die kern van riglyn nr. 1 word vervat in MacKenzie (2001:4) se woorde: "*Understand your strong-willed child*" (sien 2.3.3.2). Begrip en kennis rakende eiesinnigheid en die kleuterfase is dus essensieel in die toepas van meer effektiewe hanteringsriglyne.

Die term "samevloeiing" verwys na ouers se ingesteldheid om nie in argumente of 'n "*family dance*" betrokke te raak (sien 2.3.2.1) nadat die ouer 'n grens of reël gestel het nie. Dit is raadsaam om eerder die kleuter se waarneembare gedrag en die gepaardgaande emosie te beskryf sonder om veroordelend (*judgemental)* te wees. Samevloeiing kan dus positief toegepas word in die implementering van hanteringsriglyn nr. 1, aangesien dit by die kleuter 'n *gevoel* van begrip en aanvaarding sonder veroordeling skep. Terselfdertyd help dit die ouer om te fokus op die gedrag eerder as die kleuter se gesindheid (*attitude).* Dit stem grootliks ooreen met beginsel 1 van Forehand en Long (2002) se *Clinically Proven Five Week*-program (sien 5.4.2). 'n Voorbeeld van hanteringsriglyn nr. 1 is soos volg: "Ek kan sien dat jy nou baie vies is en glad nie daarvan hou dat jy nie nou televisie mag kyk nie". Hanteringsriglyn nr. 1 moet voorafgegaan word deur die voltooiing van waarnemingslys 1 (sien 6.2.1), aangesien dit ouers sal ondersteun in die uitvoering en toepassing van riglyn nr. 1. Die volgende Gestaltkonsepte ondersteun die effektiewe toepassing van hanteringsriglyn nr. 1: bewustheid, kontak in die hier-en-nou en dialoog, holisme en die veldteorie. Genoemde konsepte sal vervolgens bespreek word.

#### *6.4.1.1 Bewustheid*

Soos reeds in 4.4.9 aangedui, definieer Yontef (in Clarkson, 2002:32) bewustheid soos volg: "*...it is a meaning-making function, a form of experiencing, of being in vigilant contact with the most important event at any given moment, with full sensorimotor, emotional, cognitive and energetic support".* In die effektiewe toepassing van hanteringsriglyn nr. 1 is dit noodsaaklik dat ouers 'n bewustheid sal hê van die volgende:

- hulle eie onmiddellike emosionele ervaring en reaksie op die kleuter se gedrag (sien 2.3.1.1)
- die wyse waarop sekondêre emosies soos skuldgevoelens, vrese, wrewel, teleurstelling en verwerping hulle gedrag en reaksie op die kleuter beïnvloed (sien 2.3.1.3)
- dat hulle, soms onbewustelik, die kleuter se eiesinnige gedrag versterk deur oneffektiewe hanteringmetodes soos die positiewe en die negatiewe versterkingstrik, dwangmaatreëls en

oneffektiewe probleemoplossing (sien 2.3.2.1)

- die tiperende temperamenteienskappe van beide ouer en kleuter en die wyse waarop dit gedrag beïnvloed (sien 3.2.2.1)
- dat ouerskapstyl en die strafmetodes wat geïmplementeer word, die kleuter se eiesinnige gedrag kan verger (sien 2.3.2.2 en 3.2.3.3)
- dat die wyse waarop hulle grootgeword het, asook eksterne faktore soos egskeiding, werksdruk en alkoholmisbruik, 'n invloed het op hulle eie, sowel as die kleuter se gedrag (sien 2.3.2.2)
- dat kennis rakende eiesinnigheid en die kleuterfase as sulks, baie belangrik is en hulle sal bemagtig in die hantering en toepassing van alternatiewe hanteringmetodes en 'n groter begrip sal gee vir die kleuter (sien 2.3.2.4 en 3.2)
- dat die basis vir 'n positiewe selfskema en die patroon van probleemoplossing in die pre-operasionele fase vasgelê word (sien 3.2.3.1)
- dat die gedrag wat hulle modelleer, soos konflikhantering, die herhaling van opdragte en dreigemente sonder die uitvoer van konsekwensies, 'n patroon van gedrag by eiesinnige kleuters vaslê en die persepsie laat dat argumente effektief is en dat hulle steeds 'n opsie het om te besluit of opdragte uitgevoer hoef te word (sien 3.2.3.1)
- ouers moet bewus wees dat kleuters se denke oor die algemeen egosentries is en dat hulle gedrag dikwels spruit uit die oorheersende instink om hulle eie behoeftes, dikwels ten konste van ander, te vervul (sien 3.2.3.1). Hierdie bewustheid sal begrip by ouers bevorder en hulle verhoed om a) verder oneffektiewe metodes soos dwangmaatreëls te gebruik en b) hulle kleuter as "selfsugtig" te ervaar
- dat die verwagtinge en drome wat hulle koester rakende hul kleuter, naamlik die "*goodness of fit*"-beginsel, 'n invloed het op hulle siening van hul kleuter en hoe hulle die kleuter hanteer (sien 3.2.3.4)
- dat daar sekere probleemareas is, soos badtyd en die kies van klere (sien 3.2.3.5) wat potensieel tot konflik kan lei. Ouers wat bewus is van hierdie probleemareas en die tydgleuf waaraan dit gekoppel is, sal waarskynlik voortgaan om grense konsekwent toe te pas, sonder die manifestering van sekondêre gevoelens (sien 2.3.1.2)
- om te waak teen die etikettering van alle gedrag as "eiesinnig" (sien 3.2.1)
- dat eiesinnige kleuters by uitstek baat by die konsekwente toepassing van reëls en grense en dat die kleuter wel sal aanhou om die grense en reëls te toets, totdat die kleuter seker is dat die ouer se woorde en dade ooreenstem (sien 3.2.1)
- dat hulle dikwels hulle eie gevoelens, emosies en herinneringe op die kleuter projekteer en

die kind belas met introjekte (sien 4.4.11)

- dat hulle positief moet bly oor hulle kleuter en kennis sal dra van die potensieel positiewe eienskappe waaroor die kleuter beskik (sien bylaag E)
- die ontlontingseffek wat samevloeiing kan hê op konfliksituasies (sien 4.4.11). Samevloeiing kan 'n *tabula rasa* skep vir daaropvolgende kontak en dialoog deurdat die ouer bewustelik kies om nie betrokke te raak by 'n "f*amily dance"* (sien 2.3.2.1) nie en die spreekwoordelike speelveld neutraal betree
- die effek wat die kleuter se woorde en dade het op hulle eie reaksie, byvoorbeeld: "Hierdie ou hemp is sommer simpel en ek wou dit nooit gehad het nie, ek het simpel klere". Ouers moet hulself leer om nie aan hierdie "aas" te byt nie en die opmerking te ignoreer, aangesien die kleuter juis 'n argument wil uitlok. Waak teen reaksies soos: "Jy is ondankbaar en met niks tevrede nie. Daar is baie kindertjies wat nie eers klere het nie. Jy het 'n kas vol klere, skaam jou!".

*6.4.1.2 Kontak in die hier-en-nou en dialoog*

Soos reeds gemeld in 4.4.8 beskou Lambert kontak en dialoog as onlosmaaklik deel van mekaar. Kontak verwys na die plek van ontmoeting en die interaksie tussen organisme en omgewing of 'n organisme en die self, sonder dat die eie identiteit bedreig word of verlore gaan. Dit is die kern van menswees en skep 'n platvorm vir groei en verandering (sien 4.4.7). Yontef is van mening dat kontak altyd in die hier-en-nou moet geskied, aangesien dit 'n bewustheid bring van "wie is ek, waar is ek en hoe maak ek kontak" (sien 4.4.7). Dialoog beskryf die proses waardeur 'n persoon sy/haar onafhanklikheid en uniekheid kommunikeer en sluit verbale en nie-verbale kommunikasie in. Die fokus van dialoog as sodanig is die skep van 'n dialogiese verhouding waarin 'n gesindheid van aanvaarding, verantwoordelikheid en respek teenoor mekaar oorgedra word sonder dat die persoon gedruk voel om te verander (sien 4.4.8). Dit is belangrik dat ouers sal leer om dialoog oop te hou en reg te kommunikeer met hul eiesinnige kleuter, aangesien dit 'n groot effek sal hê op die effektiewe implementering van al vyf die riglyne. Ouers moet bedag wees op die volgende beginsels rakende kontak en dialoog met hul eiesinnige kleuter:

- Kleuters sal beide kontak en dialoog met die ouer verbreek indien hulle die kontak as afbrekend ervaar. Die kernvraag wat die kleuter in die hier-en-nou vra is : "Hoe laat die kontak my NOU voel?" Die antwoord op hierdie vraag sal beide kontak en dialoog beïnvloed (sien 4.4.2 en 4.4.7).

- Ouers kan terselfdertyd ook kontak met die kleuter as negatief ervaar en sekondêre emosies soos frustrasie, onbevoegdheid en vrese kan 'n effek hê op beide die kontak en die dialogiese verhouding tussen ouer en kleuter. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die ouer verkies om die kleuter deur dwangmaatreëls en oneffektiewe probleemoplossingsmetodes te hanteer (sien 2.3.2.1).
- Dat hulle die kleuter moet leer om emosies te verwoord. Ouers en kleuters moet albei leer om ondubbelsinnig, spesifiek en nie-afbrekend te kommunikeer en bedag wees op growwe veralgemenings wat 'n verdraaide en onduidelike boodskap oordra, byvoorbeeld: "Dit maak my regtig kwaad as jy nie jou speelgoed buite wil gaan optel nie en dit net daar los om te verniel". Hierdie wyse van kommunikasie verseker ook dat kontak in die hier-en-nou plaasvind en leer die kleuter om 'n "naam" te gee aan die emosie wat ervaar word. Ouers kan dit aanvanklik aanmoedig deur die wys van prente met verskillende emosies, aangesien die kleuter nie noodwendig oor die woordeskat beskik om spesifiek te verbaliseer hoe hy/sy die situasie ervaar nie. Deur emosieprente kan kleuters leer dat hulle ontsteld, teleurgesteld, bang, gefrustreerd en opgewonde kan wees en dit spesifiek kan verwoord. Hierdie proses sal ouers ook help om hulle eie emosies spesifiek te verbaliseer. Veralgemenings soos: "Jy bêre nooit jou goed nie", of "Jy is ondankbaar en nooit tevrede nie", is beskuldigend en afbrekend en dra nie oor hoe die ouer spesifiek voel nie.
- Dat goeie kontak versterk kan word deur aanraking en oogkontak, aangesien sensoriese kontakmaking die kleuter in kontak bring met die volle spektrum van wat hy/sy ervaar. Kleuters oor die algemeen het 'n oorskakelingstydperk nodig om hulle fokus te skuif van een aktiwiteit na 'n ander, des te meer die eiesinnige kleuter met sy/haar tiperende temperament (sien 3.2.2.1). Deur af te buk en die kleuter aan te raak, word die oordra van die verbale boodskap versterk en dit verseker dat die kleuter ten volle kontak maak. 'n Eiesinnige kleuter wat byvoorbeeld met blokkies speel, moet vroegtydig "gewaarsku" word dat die ouer oor 'n rukkie dorp toe gaan en dat hy solank die blokkies moet begin wegpak. Die effektiwiteit van die opdrag sal verhoog word indien die ouer oogkontak maak en die kleuter fisies aanraak.
- Die erkenning van die kleuter se emosie skep 'n positiewe platform vir dialoog en toon dat die ouer omgee en verstaan. Dit verklaar ook 'n bereidheid om te luister, sonder dat die kleuter veroordeel of bedreig voel, byvoorbeeld: "Dit lyk vir my asof jy nou baie ongelukkig is".
- Dat kontak in die hier-en-nou verseker dat beide ouer en kleuter afstand sal doen van vorige oneffektiewe patrone van kontak maak en dialoog, wat onteenseglik 'n invloed gehad het op

albei se gedrag en reaksie. 'n Ouer wat byvoorbeeld frustrasie ervaar het omdat die kleuter hardkoppig is, sal geneig wees om te aanvaar dat die kleuter altyd en in alle omstandighede so sal wees en kan gevolglik onduidelike veralgemenings gebruik soos: “Jy is altyd moeilik en ek moet altyd eers woedend raak en op jou begin skreeu, voordat jy na my sal luister”.

- Dat ouers moet leer om “reg” te kommunikeer met hulle eiesinnige kleuter. Die eiesinnige kleuter sal voortdurend toets of ouers se woorde en dade korreleer, daarom is dit van uiterste belang dat ouers sal leer om spesifiek, duidelik en ondubbelsinnig te kommunikeer (sien 3.2.3.1). Die gebruik van sogenaamde kettinginstruksies met die eiesinnige kleuter is 'n oneffektiewe manier van kommunikeer, byvoorbeeld: “Gaan borsel jou tande, tel jou boekies op, gee die hond kos en gaan sê vir jou pa nag”.
- Hulle moet waak teen vae en dubbelsinnige instruksies wat verkeerd geïnterpreteer kan word, byvoorbeeld: “Jy moet soet wees by jou maatjies”. Die ouer mag bedoel “speel mooi en moenie baklei nie”, terwyl die kleuter dit vertolk as “eet jou kos op en sit jou bakkie in die wasbak”.
- Om te let op instruksies in vraagvorm, byvoorbeeld: “Is jy nie lus om gou jou broodjie te kom eet nie?” en die gebruik van “ons”, wanneer die ouer eintlik “jy” bedoel, byvoorbeeld: “Kom ons tel gou jou speelgoed op”. 'n Vraag beteken vir die eiesinnige kleuter net een ding: ek het nog 'n opsie (sien 2.3.1.1), terwyl “ons” in plaas van “jy” wantroue skep by die kleuter.
- Dat die manier waarop hulle kommunikeer, veral van ouers wat die permissiewe en gemengde ouerskapstyl volg (sien 3.2.2.2), verval in die oormatige verduideliking van elke instruksie. Hierdie wyse van kommunikasie is nie effektief in die hantering van 'n eiesinnige kleuter nie, aangesien dit 'n agterdeur oop laat vir argumente en 'n daaropvolgende magstryd. Verder trek dit die aandag af van die werklike instruksie en vergeet die kleuter in die lang verduideliking wat van hom of haar verwag word, byvoorbeeld: “Tel jou speelgoed op, want Ouma kom kuier en jy weet sy hou nie daarvan dat speelgoed rondlê nie, omdat sy daaroor kan val”.
- Dat die heel belangrikste boodskap wat deur dialoog en kontak oorgedra moet word, is: “Ek is lief vir jou”.

*6.4.1.3 Holisme*

Soos reeds gemeld in 4.4.1 beskou Clarkson holisme as: *"...looking at a person in his whole, without breaking the whole in parts"*. Hierdie geheel impliseer dus die integrasie van die dele. Elke individu funksioneer as 'n geïntegreerde geheel, derhalwe is eiesinnige kleuters en hulle ouers, elk met hulle gepaardgaande gedragseienskappe, ook die produk of resultaat van die interaksie tussen die dele en die geheel (sien 4.4.1). Dit beteken dat elkeen binne die konteks van sy/haar omgewing gesien moet word. In die toepassing van hanteringsriglyn nr. 1 sal ouers die volgende beginsels rakende holisme in ag moet neem:

- Om die geïntegreerde geheel van die eiesinnige kleuter te verstaan, moet die ouer kennis dra van al die dimensies van die kleuter wat die kognitiewe, affektiewe, konatiewe en assertiewe dimensies van die georganiseerde geheel insluit. Toereikende volwassenheid sal slegs bereik word indien die kind-in-totaliteit tot volle wasdom kom deurdat genoemde dimensies gebalanseerd ontwikkel het (sien 3.2.3).
- Om kennis te dra van die wyse waarop hierdie dimensies hulle eie geheel beïnvloed
- Dat gedrag nie in isolasie gesien of beoordeel kan word nie, maar eerder as die resultaat van die interaksie tussen die geïntegreerde geheel en die omgewing, byvoorbeeld dat 'n kleuter wat begin kerm om sy/haar sin te kry, dit doen omdat dit effektief blyk te wees.
- Dat erkenning van die kleuter se emosies impliseer dat die ouers die kleuter en die situasie binne die holistiese konteks van die totaliteit sal beskou. 'n Kleuter wat byvoorbeeld hardkoppig is, kan dalk net moeg wees, omdat dit laat in die aand is.

*6.4.1.4 Veldteorie*

Thomas (2000:403) is van mening dat die veld na die individu se lewensruimte verwys soos wat dit in die fisies waarneembare omgewing van die individue vervat is. Aspekte wat hier ter sprake is, is gevoelens, waardes, doelstellings en motiewe en die betekenis wat al hierdie aspekte vir die individu inhou (sien 4.4.4). Die veld verklaar dus die "wat", "hoe" en die "hoekom" van beide die kleuter en die ouer se gedrag (sien 3.2.2.1 en 3.2.2.2). In die lig hiervan is dit belangrik dat die volgende in ag geneem word in die toepassing van hanteringsriglyn nr.1:

- Ouers moet hulself en hul eiesinnige kleuter teen 'n spesifieke en relevante agtergrond sien (sien 4.4.4).

- Ouers moet weet dat elemente soos temperament, ouerskapstyl en eksterne invloede 'n invloed kan hê op beide die kleuter en hulle eie gedrag en reaksie (sien 3.2.2).
- Ouers moet hulle kleuter leer om die invloed van eksterne faktore op hulle gedrag te erken en dit te verbaliseer, byvoorbeeld: “Jy gooi nou die goed rond, want jy is kwaad omdat jou maatjie met jou lelik was”.
- Dat deur die kleuter se emosies te erken en in samevloeiing te gaan, aan die ouer 'n verposing gegee word om die invloed van beide die eie, sowel as die kleuter se veld in oënskou te neem ten einde ŉ kognitiewe besluit te neem oor hoe die situasie hanteer gaan word.  Dit verhoed dat 'n ouer oorreageer.

Die toepassing van al hierdie konsepte in 'n tipiese situasie kan soos volg daar uitsien:
**Definieer die probleem**:  “Dit lyk vir my jy wil jou blokkies buite los, maar ek is bang dat dit gesteel gaan word”.
**Gee erkenning aan die kind se emosies**:  “Ek kon sien dat jy nou baie vies is omdat jy jou blokkies moet wegsit”.
**Samevloeiing**:  “Ja, dit is nie altyd lekker om jou speelgoed te bêre nie en daarom kan ek verstaan dat jy so vies kan raak”.

### 6.4.2 Hanteringsriglyn nr. 2 – Stel 'n ferm grens

Die hoofdoelwit van hanteringsriglyn nr. 2 behels ouderdomtoepaslike inperkinge deur die vasstelling van redelike en gekommunikeerde perke met bepaalde keuses, sodat die kleuter iets sal leer uit die gevolge van die keuses wat gemaak is.  Cawood (2007:122) is van mening dat die eiesinnige kleuter duidelik moet besef dat die gesag (nie die mag nie) by die volwassene lê.  Indien 'n persoon se proses gedefinieer kan word as die manier (hoe) waarop die persoon probleme oplos, emosies uitdruk en take aanpak (sien 4.4.5), is dit noodwendig dat die proses van beide die ouer en die kleuter in ag geneem moet word in die daarstel en uitvoering van grense.  Die volgende Gestaltkonsepte ondersteun die effektiewe toepassing van riglyn nr. 2:  grense, kontakgrensversteurings, proses van ouers en kleuters en onvoltooidhede.  Hierdie konsepte sal vervolgens bespreek word.

#### *6.4.2.1 Grense*

Indien grense gesien word as die lyn van onderskeid tussen 'n individu en sy omgewing, asook die plek van kontak met die omgewing (sien 4.4.10), is dit belangrik dat grense ferm, duidelik en

ouderdomtoepaslik moet wees. Schoeman (2005:31) is van mening dat goed gedefinieerde grense 'n besef van keuses en verantwoordelikheid gee, die individu veilig laat voel om uit te reik na ander en bydra tot selfbemagtiging (sien 4.4.10). Vae, deursigtige grense aan die ander kant lei tot onsekerheid by die individu oor die eie identiteit en regte en beïnvloed die vermoë om kontak te maak met die self en die omgewing (sien 4.4.10). Kennis van Cawood se vyf vlakke van intervensie (sien 4.4.10), sal waardevol wees in die daarstel en toepassing van hanteringsriglyn nr. 2. Die volgende beginsels rakende die stel van grense is belangrik:

- Die eiesinnige kleuter sal beslis die grense uitdaag. Ouers moet hulself deeglik vergewis van die eienskappe van eiesinnigheid, aangesien hierdie kennis begrip bring vir die eiesoortige wyse van reaksie en ouers sal verhoed om ooremosioneel te reageer deur grense té ferm of té vaag maak.
- Ouers moet waak teen té veel reëls. 'n Magdom reëls is verwarrend en moeilik om deur te voer en kan daartoe bydra dat die ouer self nie kan onthou wat die reëls is nie. Dit kan verder daartoe lei dat die ouer slegs fokus op die kleuter se negatiewe en onaanvaarbare gedrag deur byvoorbeeld aan die kleuter te sê: "Jy is altyd ontevrede oor alles" (sien 3.2.3.5). Hierdie optrede kan ook tot 'n gevoel van moedeloosheid by die kleuter lei ("ek doen nooit iets reg nie").
- Die grootste vyand van 'n reël is die uitsondering op die reël. In die geval van 'n eiesinnige kleuter moet daar geen grys gebiede wees nie. Grense is óf swart óf wit en ondersteun bogenoemde aspek deurdat ouers daarop moet let om slegs reëls in te stel wat belangrik is en waarby die ouer deur dik en dun sal kan hou. Aangesien die eiesinnige kleuter uitsonderings as "systraatjies" beskou waardeur die ouer gemanipuleer en mislei kan word, kan ouers hulself dikwels in 'n situasie bevind waar hulle hulself moet verdedig teen dinge wat niks met die oorspronklike saak te doen het nie. Vrae soos: "…maar hoekom kon ek dit dan die vorige keer doen?" is voorbeelde van hierdie sogenaamde "systraatjies".
- Grense beteken nie straf nie. Straf verwys eerder na hoe probleme NIE hanteer moet word nie, as hoe dit WEL opgelos kan word. Die optrede van 'n ouer wat byvoorbeeld die kleuter dreig met lyfstraf indien die kleuter nie inskiklik is om die gestelde grense na te kom nie, dien eerder as 'n dreigement en vestig nie die konsep van grense by die kleuter nie, maar eerder vrees (sien 3.2.3.3). Die navorser is van mening dat ouers self moet besluit oor die toepassing van lyfstraf. Die beginsel ter sprake is dat grense nie afgedwing moet word met vrees as motivering nie. Alternatiewe soos "*time out*", wegneem van voorregte vir 'n vasgestelde tydperk, onttrekking van aktiwiteite en die wegneem van 'n gunsteling speelding kan ook gebruik word om ongewenste en onaanvaarbare gedrag te stop (sien 6.2.2).

- Dat in die daarstel van grense, ouers ook moet waak teen belonings of die sogenaamde gedragstrikke (sien 3.2.3.2), aangesien die kleuter dan slegs die grens sal erken omdat daar 'n beloning is. Geen vaardigheid of sin vir verantwoordelikheid word hierdeur aangeleer nie. Die ouer is dus nie werklik in 'n gesagsposisie met so ŉ optrede nie, byvoorbeeld: "As jy nou kom bad sal ek vir jou môre 'n speelding koop".
- Dat die eiesinnige kleuter *per se* 'n dadeleerder is en ouers derhalwe daarop moet let dat hulle dade en woorde ooreenstem. Wanneer kleuters sien dat ouers konsekwent doen wat hulle sê, sal hulle die ouers se woorde begin "glo" en dit gehoorsaam (sien 3.2.3.1).
- Dat die kleuter geleer moet word dat grense oor keuses gaan en dat keuses konsekwensies het, byvoorbeeld: "Jy kan kies tussen hierdie twee baadjies, maar as jy gekies het, gaan ek nie terugkom om die ander een te kom haal nie".
- Dat die toepassing van ferm grense, ondersteun deur onmiddellike konsekwensies, die gewenste gedrag sal vaslê en versterk (sien 3.2.3.2). Kleuters leef hoofsaaklik in die realiteit van die hier-en-nou, daarom moet die konsekwensies onmiddellik wees, aangesien daar geen leer van oorsaak-en-gevolg sal plaasvind indien die konsekwensie en die insident te ver uitmekaar plaasvind nie.
- Grense moet fokus op 'n spesifieke uitkoms, oortreding of gedragseienskap en die ouer moet leer om die kleuter se houding en gesindheid te ignoreer, aangesien die kleuter se "houding" dikwels daartoe lei dat die ouer beheer verloor en nie ouderdomtoepaslike grense stel nie. In die vasstelling van grense moet ouers waak teen te veel emosie, aangesien dit hulle gesonde oordeel kan beïnvloed (sien 6.2.1).
- Gebruik eerder ek-taal, aangesien dit die kleuter nie in 'n staat van beskuldiging plaas en bydra tot onnodige skuldgevoelens nie, byvoorbeeld "Ek raak sommer erg ontsteld wanneer speelgoed gebreek word". Die kleuter wat grense gehoorsaam uit vrees of skuldgevoelens, leer ook niks in die proses rakende verantwoordelikheid en keuses nie.
- Grense moenie "in die hitte van die oomblik" neergelê word nie. Ouers moet eerder wag tot almal afgekoel het en dan die hele aangeleentheid rustig bespreek. Hierdie optrede skep 'n begrip vir probleemoplossing deur positiewe samewerking en die kleuters sal ervaar dat hulle ouers hulle insluit in die proses, hulle gevoelens in ag neem en dat mense toerekeningsvatbaar is vir besluite wat wedersyds geneem is (Cawood: 2007:125).
- Dat eiesinnige kleuters ferm grense met 'n gestruktureerde en voorspelbare roetine met so min afwyking as moontlik benodig. Ferm grense en ŉ voorspelbare roetine modelleer aan die kleuter dat volwassenes emosioneel sterk en selfversekerd is en nie maklik sal toelaat dat die spreekwoordelike "doelpale" of fokus verskuif word nie. In die sogenaamde

"rooiligtye" (slaaptyd, eettyd, die kies van klere, ens.) is hierdie beginsel veral van toepassing (sien 3.2.3.5).

- Grense moenie die kleuter verneder of moedeloos laat nie. Die daarstel van grense is egter ook nie ŉ demokratiese proses nie en ouers kan weerstand verwag. Dit is belangrik dat ouers die beginsel agter ŉ grens aan die kleuter sal verduidelik.
- In die daarstel van grense vir die eiesinnige kleuter is dit raadsaam dat ouers glad nie gebruik maak van 'n waarskuwing- of aftelsisteem waarvolgens 'n waarskuwing gegee word voordat konsekwensies toegepas word nie, byvoorbeeld: "Ek tel net tot by drie" (sien 5.3). Dit mag wel effektief werk met ander kleuters, maar vir die eiesinnige kleuter gee dit 'n onduidelike boodskap en skep die opsie vir byvoorbeeld 'n "*family dance*", argumente of die openlike uitdaag van die volwassene se gesag. Die eiesinnige kleuter sal rustig wag tot die ouer EERS "drie" getel het en dan die instruksies uitvoer of die grens respekteer.
- Ouers moet ook leer om te fokus op die positiewe gedrag van die kleuter en hulle goedkeuring te verwoord. Dit sal 'n gunstige selfkonsep tot gevolg hê en 'n positiewe gesindheid bring jeens probleemoplossing.
- Die gebruik van 'n aanmoedigingskaart as 'n beloningsisteem vir goeie gedrag werk met alle kleuters, maar weereens moet ouers waak daarteen dat die kleuter slegs die gewenste gedrag openbaar omdat daar 'n beloning is. 'n Kleuter wat byvoorbeeld 'n fiets wil hê, kan byvoorbeeld 'n ster kry elke keer wat hy duidelik en sonder 'n geneul sy speelgoed wegsit. Daar kan vooraf besluit word hoeveel sterre die kleuter moet kry, voordat nie beloning verdien is. Ouers moet egter nie 'n ster wegneem as die kleuter swak en onaanvaarbare gedrag openbaar nie. Die behaal van 'n ster is nie verbonde aan enige voorwaardes van daaropvolgende negatiewe of onaanvaarbare gedrag nie, aangesien die kleuter moedeloos kan raak omdat die bereiking van die doelwit dan onmoontlik lyk (sien 6.2 en 6.3).
- Dat ouers moet leer om grense neutraal te stel. Die woord "moenie" skep 'n uitdaging wat oorbrug moet word, byvoorbeeld: "Bly by my as ons nou winkel toe gaan" eerder as "Moenie rondhardloop in die winkel nie".
- Grense kan bevestig word deur 'n enkele woord of nie-verbale boodskap, byvoorbeeld: "Speelgoed" of die oplig van wenkbroue indien die kleuter nog nie die speelgoed gaan optel het nie.

*6.4.2.2 Kontakgrensversteurings*

Soos reeds gemeld, beskou Clarkson die kontakgrens as die punt waar die individu die ek beleef in verhouding met dit wat nie ek is nie, sodat kontak met die omgewing kan plaasvind en grense terselfdertyd gehandhaaf kan word (sien 4.4.11). Kontakgrensversteurings verwys derhalwe na die verbreking van kontak met die self en die omgewing, omdat die kontak as 'n pynlike, onaanvaarbare of ongewenste ervaring beleef word. Eiesinnige kleuters sal 'n besliste afkeer toon teenoor die voorgestelde grense, aangesien hulle dit as beperkend en ongewens sal aanvaar. Ouers moet kennis dra van die effek wat kontakgrensversteurings het op die kontakproses, aangesien dit die implementering van hanteringsriglyn nr. 2 nadelig kan beperk en beïnvloed. Die beginsels van die tersaaklike kontakgrensversteurings, naamlik introjeksie, projeksie en samevloeiing (sien 4.4.11) wat deur ouers in ag geneem moet word, sal vervolgens as 'n eenheid bespreek word:

- Ouers moet daarteen waak om woorde soos die volgende te gebruik: “Jy is die een wat altyd al die moeilikheid veroorsaak, jy is 'n ondankbare kind en jy maak my kwaad/moedeloos”. Introjekte soos hierdie bring die kleuter tot die sintese dat hy/sy sleg en onaanvaarbaar is. Dit beperk ook die kleuter se waagmoed om te eksperimenteer met nuwe gedrag of gebeure en kan veroorsaak dat hy/sy klakkeloos al hierdie eienskappe aanvaar.
- Ouers moet let op die invloed wat introjekte vanuit hulle eie kinderjare op hulle gedrag het en die wyse waarop dit die toepassing van grense beïnvloed. Ouers wat gebuk gaan onder 'n introjek vanuit hul kinderjare, byvoorbeeld: “Oulike kinders tree nie soos jy op nie”, kan derhalwe gedrag wat hulle as “oulik en aanvaarbaar” sien op hulle kleuter af forseer. Hierdie ouers probeer dikwels die kleuter se lewe namens die kleuter leef, aangesien hulle bang is dat hul kleuter dieselfde foute sal maak.
- Indien projeksie gesien word as dat 'n persoon sy/haar eie gevoelens ontken en geen verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie, is dit belangrik dat ouers daarop bedag sal wees om nie hulle eie gevoelens van mislukking en onbevoegdheid op die kleuter te projekteer nie. Die rede hiervoor is dat die ouer met hierdie optrede gedrag modelleer wat sê: “Ander mense is verantwoordelik vir my gedrag en optrede”. Die kleuter wat projeksie as kontakgrensversteuring gebruik, kan die volgende opinie handhaaf: “As ek nie my speelgoed weggepak het nie, is dit nie my skuld nie, maar my ma s'n, want sy moes nie die TV aangesit het nie”.
- Gedrag voortspruitend uit die kontakgrensversteurings sluit in jok, ontkenning, ander blameer, selfbejammering en emosionele uitbarstings, byvoorbeeld: “Niemand hier is lief vir my nie”.

*6.4.2.3 Proses van ouer en kleuter*

In afdeling 4.4.5 definieer Schoeman proses as die manier (die hoe) waarop 'n persoon probleme oplos, emosies uitdruk en take aanpak en voltooi. 'n Persoon se proses bepaal grootliks hoe daar op gebeure gereageer word. In die implementering van riglyn nr. 2 is dit belangrik dat ouers kennis sal dra van beide hulle eie sowel as hul eiesinnige kleuter se proses. Temperament speel 'n belangrike rol in 'n persoon se unieke proses en aangesien eiesinnige kleuters wel tiperende temperamenteienskappe toon (sien 3.2.2.1), is dit te wagte dat hulle reaksie op grense daarop gerig sal wees om dit te toets en nogmaals te toets. Die volgende beginsels rakende proses is van toepassing in die implementering van riglyn nr. 2:

- Ouers moet hulle vergewis van beide hul eie sowel as hul kleuter se temperament. 'n Nuttige hulpmiddel is die voltooiing van Cawood se Kriterialys van ouers se emosies (sien bylaag C) en Foreman en Long se aangepaste Kriterialys van gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter (sien bylaag D). Hierdie kriterialyste sal 'n duidelike beeld gee van hoe ouers en kleuters op gebeure reageer, probleme oplos en emosies uitdruk. Soos reeds gemeld, beskou Thomas en Chess (sien 3.2.2.1) kennis van die eie temperament as essensieel in die hantering van 'n kind met 'n moeilike temperament en 'n sterk wil, aangesien ouers in die eerste plek begrip het vir die rol wat hulle eie temperament speel.
- Aangesien navorsing bewys het dat die outokratiese, permissiewe en gemengde ouerskapstyle die minste geskik is in die hantering van die eiesinnige kleuter, is dit belangrik dat ouers deeglik moet let op die ouerskapstyl (sien 3.2.2.2) wat hulle beoefen, aangesien dit ook 'n effek sal hê op die wyse waarop die ouer probleme benader, grense stel en dit implementeer.
- Ouers wat hulle kleuters se proses as uniek aanvaar, dra 'n positiewe boodskap van aanvaarding oor wat verbaal of deur modellering geskied. 'n Ouer kan byvoorbeeld 'n goedkeurende knik gee as die kleuter grense gerespekteer het of die ouer kan sê: “Jy maak my trots as jy jou speelgoed wegsit, want dit sal verniel as dit buite lê”.
- Ouers wat positiewe selfaanvaarding modelleer, sal dieselfde boodskap aan kleuters oordra rakende hulle unieke proses. Die fokus sal nie soseer op die kleuter as sodanig wees nie, maar eerder op die spesifieke gebeurtenis of insident. Ouers moet hulle daarvan weerhou om kwetsende jy-taal te gebruik, byvoorbeeld: “Jy is net nooit tevrede met enige iets nie, jy maak my moeg”.
- Ouers moet kennis dra van die feit dat die suksesvolle toepassing van die hanteringsriglyn

grootliks berus op die begrip wat hulle het vir hulle eie sowel as die kleuter se proses.

*6.4.2.4 Onvoltooidhede*

Die bestaan van onvoltooidhede by beide die ouer en die kleuter kan die implementering van hanteringsriglyn nr. 2 belemmer. Onvoltooidhede verwys na onderdrukte gevoelens en onvervulde behoeftes (sien 4.4.3). Soos reeds genoem, sal ouers wat gereeld hulle kleuter se gedrag kritiseer en reëls en grense deur aggressie implementeer, onvoltooidhede in die pre-operasionele fase tot gevolg hê (sien 4.4.3). Die beginsels rakende die invloed van onvoltooidhede op die implementering van riglyn nr. 2, sal vervolgens bespreek word:

- Ouers moet kennis dra dat onderdrukte gevoelens en onvervulde behoeftes by die kleuter tot onvoltooidhede kan lei.
- Ouers moet verder kennis dra van die Gestaltbeginsel van pragnanz waarvolgens die kleuter gebeure só sal organiseer dat hy/sy tot 'n sinvolle sintese oor die self kom. In die geval van onvoltooidhede kan dit wees dat die sintese een van onbevoegheid en minderwaardig is.
- Ouers moet leer dat onopgeloste onvoltooidhede in die kleuterfase na die volgende ontwikkelingsfases oorgedra kan word en latere gedrag kan beïnvloed (sien 4.4.3).
- Ouers moet ingestel wees op die bevrediging van die kleuter se behoefte aan aanvaarding en dat die kleuter in die soeke na onafhanklikheid, nuwe gedrag en oplossings sal toets en waag. Afkeurende opmerkings en gedrag van ouers sal die persepsie by die kleuter laat dat hy/sy nie goed genoeg is nie en nie aan die ouer se standaarde voldoen nie. Hierdie vrees vir verwerping beteken dat die kleuter se behoeftes nie bevredig is nie en skep onvoltooidhede.
- Ouers moet veral let op die "*goodness of fit*"-beginsel (sien 3.2.3.4). Ouers het dikwels 'n ideale prentjie van die ideale gesin met die ideale ouers en kinders. Die realiteit is egter meestal ver verwyderd van die ideaal. Ouers wat nie aanvaarding van hulle ouers as kind ervaar het nie, het met dieselfde onvoltooidhede oorgegaan van een ontwikkelingsfase na die volgende en as volwassenes kom dit nou tot uiting in die "*goodness of fit*"-beginsel. Soos reeds genoem, beskou Cawood hierdie "giftige pedagogie" as die onrealistiese vestiging van "aanvaarbare eienskappe binne 'n ideale model" (sien 3.2.3.4), 'n model wat só ver verwyderd is van die realiteit dat dit tot onvoltooidhede by beide ouer en kleuter kan lei. 'n Voorbeeld is 'n ouer wat gehoorsaamheid verhef tot die hoogste deug, gevolg deur ordelikheid, sindelikheid en 'n beheersing van emosies en begeertes.

- Ouers moet daarteen waak dat hulle eie onvoltooidhede hulle grense té ferm of té vaag maak. Ouers wat byvoorbeeld nooit ervaar het dat hul ouers hul aanvaar het nie, sal geneig wees om te wissel tussen die gemengde en permissiewe ouerskapstyl (sien 3.2.2.2) omdat hulle bang is dat die kleuter dieselfde gevoelens van verwerping sal ervaar.

### 6.4.3 Hanteringsriglyn nr. 3 – Gee keuses/alternatiewe

Die hoofdoel van hanteringsriglyn nr. 3 is om die kleuter te ondersteun en aan te moedig om verantwoordelike keuses te maak. Erikson plaas die kleuter in die inisiatief vs. skuld-fase (sien 3.2.3.5). Die sintese van genoemde fase word grootliks gebou op die sintese van die peuter of outonomie vs. twyfel-fase waar die kernvraag "Kan ek dinge self doen of moet ek altyd op ander staat maak?" die bestaan van beperkte keuses impliseer. Vanuit hierdie sintese sal die kleuter òf skuldig voel oor die keuses wat gemaak is (wat soms verkeerde keuses kan wees) en ontmoedig voel om weer te misluk of teleur te stel, òf aangemoedig voel en vol selfvertoue wees om keuses te waag. Keuses is egter nie 'n vrypas om selfgesentreerde besluite ten koste van ander te neem nie en moet ook nie die aanhitser wees tot 'n magstryd nie. Die volwassene bly steeds die persoon met die gesag. Kleuters moet geleer word dat die twee belangrikste boustene van keuses verantwoordelikheid en vertroue is: ek aanvaar verantwoordelikheid vir my keuses en al die konsekwensies wat daarmee gepaard gaan en ek word vertrou om wel keuses te kan uitvoer. Die doel van keuses of alternatiewe is dus positiewe leer en onderrig om die kleuter sowel as die ouer te bemagtig (sien 3.2.2.2). Die volgende Gestaltkonsep ondersteun die effektiewe toepassing van hanteringsriglyn nr. 3: bemagtiging, en sal vervolgens bespreek word.

#### *6.4.3.1 Bemagtiging*

Bemagtiging deur keuses kan beskryf word as die ontwikkeling van die persoon-in-totaliteit en is gesetel in interaksie, dialoog, kontak en die aard van die verhouding (MacKewn, 2003:80). Binne die ouer-kindverhouding verwys bemagtiging dus na die interaksie tussen ouer en kind en nie na die selfontwikkeling by of nét die ouer of nét die kind nie. Riglyne ter bemagtiging van beide ouer en kleuter sal vervolgens bespreek word:

- Ouers moet eerstens hulself kan bemagtig voordat hulle die kleuter kan bemagtig. Deur hulle kennis aangaande eiesinnigheid, temperament en ouerskapstyl uit te brei, verbeter ouers se vertroue in hulle eie ouerskapsvermoë en bemagtig dit hulle in die hantering van die kleuter.

- Ouers moet weet dat wanneer hulle perke stel binne die konteks van 'n liefdevolle verhouding met hulle kleuters, hulle eintlik boustene gee vir die ontwikkeling van die kleuter se gevoel van selfdissipline – 'n noodsaaklike bestanddeel vir 'n positiewe en gesonde selfbeeld (vergelyk Cawood:2007:61), byvoorbeeld: "Jy kan òf saam met ons eet òf in jou kamer gaan sit". Die wese van selfdissipline is bemagtiging sodat kleuters kan weet daar is 'n perk en dat hulle 'n keuse kan maak, maar ook dat ouers 'n duidelike boodskap oordra van wie die volwasse gesag in die verhouding het.
- Ouers het 'n keuse hoe hulle hul eiesinnige kleuter gaan hanteer en kan nie skuil agter verskonings vir verkeerde hanteringmetodes nie, byvoorbeeld: "Ek het nie 'n keuse gehad nie - hy het my so woedend gemaak dat ek hom eenvoudig 'n deeglike loesing móés gee".
- Die feit dat ouers weet dat hulle wel 'n keuse en 'n *modus operandi* het om soortgelyke situasies te hanteer, sal hulle reaksie kalm maar beslis maak. Die daarstel van alternatiewe hanteringsmetodes sal die ouer ondersteun om 'n bemagtigende keuse te maak. Die voltooiing van 'n waarnemingsisteem sal ouers ook aanmoedig om hierdie alternatiewe hanteringmetodes te implementeer, aangesien hulle 'n rekord of beeld sal kry van die effektiwiteit daarvan (sien 6.2.2.).
- Ouers moet kennis dra van die psigologiese krisis en spesifieke sinteses van beide die peuter- en kleuterfase (sien 3.2.3.5), aangesien dit sal beklemtoon hoe belangrik keuses in die ontwikkeling van enige kleuter is.
- Ouers is in die ideale posisie om kleuters te help om hulle keuses te ondersoek, hulle bewus te maak van die keuses wat daar wel is en hulle te help om beter keuses te maak. Soms reageer kleuters verkeerd, bloot omdat hulle net nie bewus is van ander, meer effektiewe keuses om 'n probleem op te los nie. ’n Voorbeeld hiervan kan wees dat wanneer die kleuter deur 'n maatjie geterg word, die ouer kan vra hoe die kleuter die voorval nóú hanteer het (byvoorbeeld "ek het hom omgestamp en nou het hy sy ma gaan roep") en watter alternatiewe daar vir stamp is indien dit in die toekoms weer gebeur ("ek kan hom ignoreer of ek kan sê dat ek nie meer met hom gaan speel as hy aanhou om my te terg nie").
- Ouers moet hulle daarvan weerhou om krities te wees oor die keuses wat die kleuter gemaak het, veral as dit nie 'n positiewe uitkoms het nie. Die boodskap wat die kleuter kry is: "Ek is dom, onbevoeg en minderwaardig".
- Ouers moet seker maak dat die kleuter oor al die moontlike inligting beskik rakende die keuses wat daar is; sodoende kan die kleuter 'n ingeligte besluit neem. Dit laat ook nie 'n agterdeur oop vir beskuldigings en 'n gekerm indien dinge nie uitwerk soos wat die kleuter verwag het nie.

- MacKenzie (2001:150) is van mening dat die term "beperkte keuses" in die geval van die eiesinnige kleuter tot twee keuses beperk moet word, byvoorbeeld: "Jy kan jou bal op die voorstoep of die agterstoep bons, maar as jy daarmee in die huis gaan speel, vat ek dit dadelik weg. Wat wil jy doen?". Wees bedag op pogings om die reël te buig ("ek sal net in die kombuis speel"), aangesien die gesagsposisie dan verskuif van die volwassene na die kleuter. Keuses dra die boodskap dat die ouer hom/haar vertrou. Terselfdertyd bemagtig dit die ouer, aangesien die ouer steeds kan besluit WAT hierdie keuses is en die gesag (nie die mag nie) steeds by die volwassene lê.
- Die meeste kleuters kan nie lees nie, het nie 'n getalbegrip nie en verstaan nie die konsep van dae van die week nie. Ouers is dus voortdurend aan die verduidelik en redeneer wanneer, hoe lank en waarom 'n speelding byvoorbeeld afgevat is. Om dit te verhoed, kan ouers 'n gelamineerde weekkaart maak (sien bylaag F) met een kleur kolle vir weeksdae en 'n ander kleur vir naweeksdae. Die kleuter kan dus gewys word hoe lank 'n speelding weggevat gaan word of hulle nie televisie mag kyk nie. In plaas van om te sê dat die kleuter vir die hele naweek nie mag televisie kyk nie, word die kleuter fisies na die kaart geneem waar die ouer dan wys wanneer die speelding teruggegee gaan word. Ander gebeure en aktiwiteite waaraan die kleuter deelneem, kan ook op hierdie weekkaart aangedui word, aangesien die eiesinnige kleuter baat by voorspelbaarheid en roetine.
- Ouers moet hulle eiesinnige kleuters bemagtig deur hulle sover moontlik in te lig oor veranderinge in roetine. Sulke veranderinge kan ook op die weekkaart aangedui word (sien Bylaag F). Voorspelbaarheid van die dag te se roetine bemagtig die kleuter.

### 6.4.4 Hanteringsriglyn nr. 4 – Konsekwensies

Konsekwensies, wat gewortel is in keuses, asook konsekwensies wat onmiddellik toegepas word, skep 'n positiewe leergeleentheid waar die kleuter leer om effektief te kommunikeer en te luister, probleemoplossend te dink en keuses uit te oefen (sien 3.2.2.2). Die hoofdoel van hanteringsriglyn nr. 4 is om die beginsel van oorsaak-en-gevolg aan die kleuter oor te dra. Konsekwensies is gefokus op leer en nie op straf nie en moenie daarop gemik wees om die kleuter te verneder nie. Dit is eerder 'n handige instrument om beginsels soos verantwoordelikheid vas te lê. Ouers moet seker maak dat hulle die konsekwensies van 'n keuse duidelik, ondubbelsinnig en ferm verduidelik het. Onuitvoerbare konsekwensies is nie net die doodsteek van hanteringsriglyn nr. 4 nie, maar eintlik van die hele proses. Ouers moenie konsekwensies belowe wat hulle nie kan uitvoer nie, byvoorbeeld: "As jy nie jou kos opeet nie, gaan ek nooit weer vir jou kos gee nie". Natuurlike gevolge is die natuurlike verloop van sake op besluite wat geneem is of keuses wat gemaak is,

byvoorbeeld wanneer 'n kleuter nie skoene wou aantrek nie en nou alleen in die huis moet gaan wag terwyl almal die plaaswerf by die padstal geniet. Beide waarnemingslyste 3 en 5 (sien 6.2.3 en 6.2.5) kan ouers ondersteun in die effektiewe implementering van hierdie riglyn. Die volgende Gestaltkonsepte ondersteun die effektiewe toepassing van hanteringsriglyn nr. 4: weerstand en organismiese selfregulering, en sal vervolgens bespreek word.

*6.4.4.1 Weerstand*

Oaklander is van mening dat weerstand na die oomblik in interaksie verwys wanneer 'n organisme toon dat daar 'n inmenging is met sy/haar vrye funksionering (sien 4.4.12). Weerstand by die kleuter wys dat die kleuter nie op daardie oomblik eienaarskap van die situasie wil aanvaar nie. Die volgende beginsels rakende weerstand is van belang:

- Konsekwensies en weerstand gaan hand-aan-hand. Ouers is dikwels geskok oor hulle kleuter se reaksie op die beloofde konsekwensies, so asof hulle verwag het dat die kleuter inskiklik sou wees oor die toepassing daarvan (MacKenzie, 2001:246).
- Weerstand toon dat die kleuter nog nie die ouer se woorde glo nie, daarom moet ouers seker maak dat hulle woorde en dade elke keer ooreenstem.
- Kleuters se weerstand spruit dikwels uit ouers se inkonsekwente reaksie en optrede. Ouers moet dus waak teen inkonsekwentheid, aangesien dit toekomstige uitkomste sal benadeel.
- Ouers moet leer om kalm maar beslis op te tree en nie toelaat dat die kleuter se weerstand hulle uitlok om betrokke te raak in sinnelose argumente nie.
- Weerstand is die kleuter se manier om te wys dat hy nie hou van beide die keuse en die konsekwensies nie, daarom moet ouers seker maak dat keuses en konsekwensies duidelik uitgestippel is.
- Ouers moet seker maak dat die wyse (die hoe) waarop hulle konsekwensies implementeer, nie weerstand aanwakker nie. 'n Outokratiese en afbrekende wyse van implementering sal rebellie en toetsing tot gevolg hê en die geleentheid vir leer beperk, terwyl 'n gesaghebbende wyse mettertyd tot samewerking en respek sal lei (sien 3.2.2.2).
- Ouers moet kennis dra dat die uitkoms van weerstand konflik is en hulself toerus om sulke situasies beter te hanteer. Die voltooiing van waarnemingslys nr. 3 (sien 6.2.3) sal ouers hierin ondersteun.

*6.4.4.2 Organismiese selfregulering*

Indien weerstand wys op die inmenging van 'n organisme se vrye funksionering, verwys organismiese selfregulering na die strewe om hierdie funksionering weer in balans te bring en wat die organisme sal doen om dit te bewerkstellig (sien 4.4.6). Ouers voel dikwels dat hulle organismiese selfregulering deur die eiesinnige kleuter bedreig word en die konflik of magstryd wat onstaan is dikwels gewortel in hierdie persepsie. Die doel van hanteringsriglyn nr. 4 is om beide die ouer en die kleuter se grense op só 'n manier te definieer dat albei in 'n staat van ekwilibrium verkeer. Die volgende beginsels rakende organismiese selfregulering is van toepassing:

- Ouers moet hulself deeglik ken – hul proses (sien 6.4.2), temperament (sien 3.2.2.1) en ouerskapstyl (sien 3.2.2.2). Hulle moet ook bewus wees van hoe hulle op eksterne faktore (sien 3.2.2.3) soos werksdruk, landsekonomie en sosiale verwagtinge reageer. Indien ouers voel dat hulle behoeftes onvervuld bly, sal dit 'n effek hê op hulle organismiese selfregulering en ook op die wyse waarop hulle hul eiesinnige kleuter ervaar en hanteer. Ouers wat weet dat hulle ongeduldig is in die aand as hulle by die huis kom, moet hulself 'n tyd gun om te ontlaai. Hierdie ontladingstyd kan as 'n grens of reël gestel word wat tydens 'n huisvergadering bespreek en in perspektief gestel word (sien 6.2.5), sodat die hele gesin dit kan respekteer.
- Ouers moet egter ook deeglik bewus wees van die kleuter se proses en temperament, sodat die kleuter reg hanteer word. Party kleuters het 'n bietjie "alleentyd" nodig om te ontlaai na die dag se sensoriese bombardering in die kleuterskool en verkies byvoorbeeld 'n passiewe sit-en-staar na die televisie vir 'n gegewe tydperk na skool.
- Ouers moet kennis neem van die feit dat kleuters weerstand teen konsekwensies sal toon, aangesien die ouer skielik begin grense instel wat onvervulde behoeftes tot gevolg het. Ondervinding het hulle geleer dat hulle onder andere met 'n geneul, woedeuitbarstings, beskuldigings en traagheid die ouer tot op só 'n punt kant dwing dat die ouer sal toegee aan hulle begeertes en so daardie behoefte sal vervul.
- Ouers moet kleuters aanmoedig om tydens spesifieke geleenthede, soos 'n huisvergadering (sien 6.2.5), hulle behoeftes te identifiseer en te bespreek deur byvoorbeeld te vra dat kleuters ŉ prentjie sal teken van dinge in die gesin waarvan hulle hou en dinge waarvan hulle nie hou nie. Ouers kan byvoorbeeld teken hoe hulle voel as die kleuter in ŉ winkel kerm. Dit is dan belangrik dat ouers tydens sulke byeenkomste 'n oop kanaal skep vir kommunikasie.

- Die proses van organismiese selfregulering moenie gebruik word om 'n mini-slagveld tussen ouer en kleuter te skep nie, maar om mekaar se beter en slegter punte te leer ken en te verstaan en om te weet wanneer die ander persoon se grense nie eerbiedig word nie. Kleuters wat ervaar dat hulle ferm maar met respek hanteer word, sal minder weerstand bied, meer vervuld voel en leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses en die konsekwensies van hierdie keuses.

Volgens Cawood (2007:115) sal die toepassing van konsekwensies en intervensie in enige tipiese situasie as volg toegepas word:

- onmiddellik
- konsekwent
- logies
- oortredingstoepaslik
- moenie ou koeie uit die sloot grawe nie.

6.4.5 Hanteringsriglyn nr. 5 – Versterking van verhoudings en bemagtiging van ouers en kleuters

Die implementering van hanteringsriglyn nr. 5 fokus daarop om die kleuter bewus te maak van sy/haar gedrag, om die ouer se gesag te bevestig en om die ouer-kindverhouding weer in homeostase te bring. Genoemde riglyn word dus geïmplementeer nadat die eerste vier riglyne van die intervensie toegepas is. Daar sal dus 'n bepaalde tydsverloop wees. Die volgende beginsels is van belang in die versterking van verhoudings en die bemagtiging van beide ouers en kleuters:

- Ouers moet hulle eie behoeftes verstaan en toesien dat dit bevredig word, aangesien dit onder andere 'n gebrek aan energie en stamina tot gevolg kan hê. Lae energievlakke lei onder andere tot ongeduld en emosionaliteit. Ouers moet toesien dat hulle gesond eet en genoegsame oefening en slaap kry.
- Ouers moet seker maak dat hulle 'n goeie ondersteuningsisteem het (sien 6.2.4). Vra byvoorbeeld vriende of familie om vir 'n rukkie na die kinders te kyk en doen iets spesiaals saam as man en vrou.
- Ouers kan deel vorm van 'n gespreksgroep as 'n meer formele ondersteuningsisteem. Tydens hierdie sessies kan ouers van mekaar leer en mekaar ook so ondersteun.
- Ouers moet hulle kleuter in tye van geen konflik bewus maak van hoe hy/sy op sekere situasies reageer, sodat die kleuter kan leer dat daar wel alternatiewe reaksies is om van te

kies. Schoeman (sien 4.4.5) is van mening dat 'n persoon se proses nie stagnant is nie en wel kan verander, daarom kan alternatiewe gedragmoontlikhede geïnternaliseer word en die kleuter se proses positief gewysig word, byvoorbeeld: "Het jy al agtergekom dat jy begin neul en jou voete stamp as jy nie jou sin kry nie? Jy doen dit só (demonstreer). Weet jy, volgende keer as jy graag iets wil hê, kan jy my liewer vra as om so te neul en jou voete te begin stamp. Dit maak my sommer dadelik kwaad as jy neul en jou voete stamp en dan sê ek sommer dadelik nee".

- Ouers kan 'n geheime teken saam met die kleuter uitdink om die kleuter te "waarsku" dat hy/sy die gedrag openbaar waarop die ouer die kleuter attent gemaak het. Dit bring 'n lighartigheid in die hele proses en wys aan die kleuter dat die ouer hom/haar nie verwerp of veroordeel nie. 'n Voorbeeld van só 'n geheime teken is as ouers 'n duim op hulle eie neus sit en hulle vingers heen-en-weer wikkel.
- Ouers moet hulle kleuter verseker van hulle onvoorwaardelike liefde en aanvaarding en hulle toelaat om keuses en foute te maak en nuwe vaardighede aan te leer, sodat kleuters sal weet dat verkeerde keuses en foute nie die verhouding skaad nie en nie ouers se liefde vir hulle beïnvloed nie.

## 6.5 TOEPASSINGSMODEL VAN HANTERINGSRIGLYNE

Ouers moet daarteen waak om hul kleuter "volgens die boek" groot te maak en só gefokus te wees op die regstel van "verkeerde" dinge, dat die spontane saamlag oor kleinighede verlore gaan. Kleuters moet bo alles weet dat hulle ouers hulle onvoorwaardelik liefhet en aanvaar vir wie en wat hulle is. Die praktiese toepassing van die ontwerpte riglyne, met inagneming van toepaslike Gestaltkonsepte, kan hipoteties soos volg verloop:

- <u>Hanteringsriglyn nr. 1</u>- Definieer die probleem en gee samevloeiende erkenning aan die kleuter se emosies

**Voorbeeld**: Ouer: "Ek verstaan dat jy nou vies is omdat jy jou nuwe speelding moet gaan bêre".

Kleuter: "Speelgoed is sommer simpel, ek wou dit in elk geval nie gehad het nie".

Ouer: "Ja, die speelgoed is simpel en dit is nie lekker om dit op te tel nie".

Kleuter: "Maar dit is simpel".

Ouer: "Ja, ek hoor jy sê dit is simpel".

- Hanteringsriglyn nr. 2 – Stel 'n ferm grens

  **Voorbeeld**: Ouer: "Ek kan sien dat jy vies is omdat jy nie lus is om jou speelgoed te gaan bêre nie, maar ons skop en breek nie speelgoed omdat ons kwaad is nie. Hou dadelik op daarmee!".

- Hanteringsriglyn nr. 3 – Gee keuses/alternatiewe

  **Voorbeeld**: Ouer: "Ek raak erg ontsteld as jy speelgoed breek. Jy kan mooi speel daarmee en dit gaan bêre, of ek vat dit weg vir drie slapies. Wat kies jy?"

- Hanteringsriglyn nr. 4 - Konsekwensies

  **Voorbeeld**: Ouer: "Ek sien jy het gekies dat ek die speelding wegsit vir drie slapies".

- Hanteringsriglyn nr. 5 – Versterk en bemagtig

  **Voorbeeld**: Ouer: "Het jy al agtergekom dat jy jou voete so stamp en jou hande so teen jou bene kap as jy jou speelgoed moet gaan wegsit (demonstreer)? Volgende keer as jy nie van iets hou nie moet jy my net sê, want ek raak sommer dadelik kwaad as jy so maak. Ek gaan my vinger so op my neus sit en my vingers wikkel as jy dit weer doen, reg so?

## 6.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die navorser gekonsentreer op die ontwerp en ontwikkeling van 'n waarnemingsisteem. Ouers kan dit as instrument gebruik om hul huidige hanteringsmetodes te monitor (sien 6.2.1). Die implementering van alternatiewe hanteringsmetodes (sien 6.2.2) en die kleuter se gedrag en reaksie op die alternatiewe metodes (sien 6.2.3), asook die daarstel van 'n ondersteuningsnetwerk vir ouers (sien 6.2.4) en die gesamentlike opstel van huisreëls en konsekwensies (sien 6.2.5) vorm deel van die waarnemingsisteem. Hanteringsriglyne vanuit 'n Gestaltperspektief is ook ontwerp en ontwikkel. In Hoofstuk 7 word aanbevelings en gevolgtrekkings rakende die studie gemaak.

# HOOFSTUK 7

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daar gefokus op **Fase 3** en **Fase 4** van Rothman en Thomas se D & D-model, naamlik die **ontwerpfase** (sien 1.5.3) en die **vroeë ontwikkeling** (sien 1.5.4) van Gestalthanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter. Die doel van die finale hoofstuk is eerstens om te evalueer tot watter mate die doelstelling en doelwitte van die studie bereik is en tweedens om aanbevelings en gevolgtrekkings wat uit die studie voortspruit, te identifiseer.

## 7.2 DIE INTERVENSIE NAVORSINGSPROSES

'n Oorsig van die eerste vier fases van die intervensie navorsingsproses is nodig ten einde te evalueer tot watter mate die doelstellings en doelwitte van hierdie studie van beperkte omvang bereik is.

### 7.2.1 Probleemanalise en projekbeplanning

#### *7.2.1.1 Identifisering en betrek van respondente en verkryging van toegang en samewerking*

Respondente is geïdentifiseer en betrek deur middel van 'n doelgerigte steekproef as 'n tipe waarskynlikheidsteekproef. Die navorser het as skoolhoof van die betrokke voorskoolse sentrum reeds in 'n vertrouensverhouding met die respondente gestaan en kon so toegang tot en samewerking van die respondente verkry. Die eerste twee stappe van Fase 1 is dus suksesvol voltooi (sien 1.5.1.1 en 1.5.1.2).

#### *7.2.1.2 Behoeftebepaling en analisering van geïdentifiseerde probleme*

Die navorser kon daarin slaag om met behulp van 'n omvattende empiriese ondersoek die belewing van die respondente te beskryf en te rekonstrueer. Deur gebruik te maak van 'n ongestruktureerde onderhoudskedule, waarneming en die neem van veldnotas, kon die navorser voorts daarin slaag om 'n groot hoeveelheid data binne 'n kort periode vanuit die twee fokusgroep te bekom en probleme te identifiseer (sien 1.5.1.3).

Die ingesamelde data en geïdentifiseerde probleme is geanaliseer deur dit te orden en te klassifiseer in drie hooftemas, naamlik 1) respondente se emosionele ervaring en reaksie op hul eiesinnige kleuter se gedrag, 2) die hantering van die eiesinnige kleuter en 3) konflik as direkte uitvloeisel van die interaksie met die eiesinnige kleuter. Vanuit elke hooftema is daar voorts ook bepaalde subtemas en kategorieë geïdentifiseer wat volledig in Hoofstuk 2 bespreek is. Die behoeftes wat vanuit die empiriese ondersoek na vore gekom is, is in ag geneem met die opstel van die hanteringsriglyne. Stap 3 en 4 van Fase 1 is dus suksesvol voltooi (sien Hoofstuk 2).

*7.2.1.3 Bepaling van doelstelling en doelwitte*

Die navorsingsdoelstelling van hierdie intervensiestudie was soos volg:

Die daarstel van Gestalthanteringsriglyne ter ondersteuning van ouers in die hantering van hul eiesinnige kleuter. Die implementering van Rothman en Thomas se D & D-model het die navorser ondersteun om die doelstelling en doelwitte te bereik.

Die doelwitte van hierdie intervensiestudie was soos volg:

- om bestaande literatuur te bestudeer (sien 7.2.2.1)
- om natuurlike voorbeelde te bestudeer (sien 7.2.2.2)
- om funksionele elemente van suksesvolle modelle te identifiseer (sien 7.2.2.3)
- om ŉ waarnemingsisteem te ontwikkel (sien 7.2.3.1)
- om prosedures vir die intervensie te spesifiseer (sien 7.2.3.2)
- om ŉ prototipe te ontwikkel (sien 7.2.4.1).

Al bogenoemde doelwitte is bereik deur die toepassing van al die stappe van Fase 1, 2 en 3, asook Stap 1 van Fase 4 van Rothman en Thomas se D & D-model as 'n tipe intervensienavorsing. ŉ Uiteensetting daarvan word vervolgens volledig hanteer.

7.2.2 Insameling en sintese van data

*7.2.1.2 Bestudering van bestaande literatuur*

Die suksesvolle voltooiing van Stap 1 van Fase 2 van die D & D-model beteken ook dat doelwitte een en twee van hierdie navorsingstudie bereik is. Die bestudering van bestaande literatuur was

tweeledig van aard en die navorser het in die eerste plek gefokus op relevante literatuur vanuit 'n verskeidenheid dissiplines, insluitend joernale, en tersaaklike vaktydskrifte het verseker dat 'n breë en verteenwoordigende oorsig die onderwerp maksimaal ondersteun en belig het. Die gedragseienskappe van die eiesinnige kleuter, asook die elemente wat eiesinnigheid kan beïnvloed, naamlik temperament, ouerskapstyl en eksterne invloede, is deeglik bestudeer. Die navorser het verder gefokus op die standpunt dat ouers wat kennis dra van eiesinnigheid en die tiperende kenmerke van die ontwikkelingsfase waarin die kleuter is, hul kind beter sal verstaan en hanteer. Terselfdertyd het die literatuurstudie ook bevestig dat die ouerskapstyl en tiperende temperament wat ouers implementeer, 'n invloed het op die kleuter se eiesinnige gedrag en die ouer se gepaardgaande reaksie. Die bestudering en toepassing van verskillende ontwikkelingsperspektiewe op die eiesinnige kleuterfenomeen het sekere belangrike ontwikkelingskwessies beklemtoon wat 'n waardevolle bydrae gelewer het in die ontwerp en ontwikkeling van hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter. ’n Voorbeeld hiervan is dat kleuters se gedrag deur modellering, straf en die “*goodness of fit*”-beginsel versterk word. Hierdie aspekte is volledig in Hoofstuk 3 bespreek.

In die tweede plek het die literatuurstudie gefokus op die Gestaltbenadering met spesifieke klem op die definiëring van Gestalt, die onderliggende filosofie en die tersaaklike Gestaltkonsepte. Die wyse waarop kennis van Gestalt ouers se selfkennis kan verbeter, het ook na vore gekom. Verskeie voorstelle is gemaak om ouers en kleuters se bewustheid van hul reaksies en gedrag te verhoog en klem is geplaas op die onontbeerlikheid van die tersaaklike konsepte in die ontwerp en ontwikkeling van hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter. Kennis van Gestalt en die Gestaltkonsepte as 'n voorvereiste vir die ontwikkeling en die daaropvolgende implementering van hanteringsriglyne is beklemtoon. Hoofstuk 4 bied 'n volledige bespreking van die Gestaltbenadering en die toepaslikheid daarvan in die daarstel van hanteringsriglyne.

*7.2.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde*

Die insette van kundiges en individue met ondervinding van die probleem het objektiwiteit, ervaring, kennis van die onderwerp en kennis van vorige intervensies gebring en was instrumenteel in die voltooiing van Stap 2 van Fase 2.

*7.2.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle*

Stap 3 van Fase 2 is voltooi deur funksionele elemente van bestaande suksesvolle modelle te bestudeer (sien Hoofstuk 5). Die navorser het ook ondersoek of daar enige soortgelyke programme

vanuit ander dissiplines, insluitend Gestalt, bestaan. Elemente van die volgende vier bestaande programme was nuttig in die ontwerp en ontwikkeling van Gestalthanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter, naamlik The Incredible Years *Early Childhood (Ages 3-6)* Basic Training-program, die *1-2-3 Magic* Behaviour Modification-program, die Parenting The Strong Willed Child (2-6 years) – The Clinically Proven Five-Week-program en die Parents Plus-program. Die voltooiing van hierdie stap beteken dat die uitkomste van al die stappe van Fase 2 suksesvol bereik is.

### 7.2.3 Ontwerp

#### *7.2.3.1 Ontwikkeling van 'n waarnemingsisteem*

Die ontwikkeling van vyf waarnemingslyste het klem geplaas op verskillende aspekte rakende die eiesinnige kleuter, byvoorbeeld die verhoging van ouers se bewustheid van huidige hanteringsmetodes, alternatiewe hanteringsmetodes, die effek wat alternatiewe hanteringsmetodes het op die kleuter se gedrag, 'n ondersteuningsnetwerk vir ouers en die huishoudelike reëls en konsekwensies. Genoemde waarnemingslyste moet ter ondersteuning en verfyning van die prototipes gebruik word. Die ontwikkeling van die waarnemingslyste beteken dat Stap 1 van Fase 3 suksesvol voltooi is (sien 6.2).

#### *7.2.3.2 Spesifisering van prosedures vir die intervensie*

'n Gedetailleerde uiteensetting van die voorwaardes wat in plek moet wees vir die korrekte en effektiewe toepassing van die spesifieke intervensie voltooi Stap 2 van Fase 3. Hierdie prosedures/ werkswyse moet gespesifiseer wees, sodat die intervensie ook deur persone in ander hulpverlenende professies gebruik kan word. Prosedures met betrekking tot die professionele fasiliteerder, sowel as die groepsessies word deeglik bespreek in Hoofstuk 6 (sien 6.3).

### 7.2.4 Vroeë ontwerp en ontwikkeling

#### *7.2.4.1 Ontwikkeling van 'n prototipe*

Die finale fase van hierdie intervensiestudie van beperkte omvang was die ontwerp en ontwikkeling van 'n prototipe: hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter vanuit 'n Gestaltperspektief. Die navorser het gebruik gemaak van die inligting wat bekom is deur die empiriese ondersoek, 'n

tweeledige literatuurstudie, die bestudering van natuurlike voorbeelde en funksionele elemente van suksesvolle modelle in die ontwikkeling van hanteringsriglyne. Die proses word volledig bespreek in Hoofstuk 6 (sien 6.4). Die voltooiing van Stap 1 van Fase 4 beteken dat al die uitkomste van hierdie intervensiestudie suksesvol bereik is.

## 7.3 BEPERKINGS TYDENS NAVORSINGSPROSES

Vir die doel van hierdie studie het die navorser slegs gefokus op spesifieke aspekte rakende die aard en kenmerke van eiesinnigheid in die kleuterfase en bevindinge kan dus nie veralgemeen word as van toepassing op alle ontwikkelingsfases nie. Die navorser is ook van mening dat die objektiewe waarneem van eiesinnige kleuters in interaksie met ander kleuters, onderwysers en ouers eerstehandse inligting sou verskaf rakende hul gedragspatrone. 'n Informele gesprek met eiesinnige kleuters self kon ook waardvolle insette gelewer het rakende hulle belewing van gebeure en situasies.

Die navorser het gevind dat daar 'n gebrek is aan inligting en soortgelyke studiemateriaal rakende eiesinnigheid vanuit die Gestaltperspektief wat daartoe aanleiding kon gee dat sekere onderliggende aspekte en beginsels van die Gestaltbenadering moontlik oorgesien is in die daarstel van hanteringsriglyne. Die ontwerp en ontwikkeling van Gestalthanteringsriglyne verskaf slegs 'n basiese agtergrond van die Gestaltbenadering. Persone met geen kennis van Gestalt kan derhalwe die hanteringsriglyne ingewikkeld vind en moeilik om te implementeer.

Die uitvoer en voltooiing van hierdie studie slegs binne een skool binne ‘n spesifieke groep, kan ook die eksterne geldigheid van die studie beïnvloed en word as ‘n verdere beperking gesien. Voorts is die navorser van mening dat die Hawthorne-effek moontlik die objektiwiteit van die respondente kon beïnvloed, aangesien die navorser persoonlik betrokke is by beide die ouers en die kleuters van die deelnemende skool. Die voltooiing van die vraelyste, sowel as die insette tydens die fokusgroepsessies kon moontlik daarop gemik wees om die navorser se goedkeuring te bekom. Hierdie word as ‘n verdere beperking op die studie gesien.

## 7.4 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit die literatuurbespreking was dit duidelik dat kleuters wat eienskappe van eiesinnigheid toon, inderdaad “anders” is en hanteer moet word as die nie-eiesinnige kleuter en dat die manier waarop ouers hierdie kleuters hanteer 'n sterk impak het op die kind se gedrag en reaksie. Die navorser het

voorts gevind dat ouers wat deel uitgemaak het van die studie, weinig kennis dra van eiesinnigheid as sodanig en dat dit grootliks verantwoordelik is vir die huidige, oneffektiewe hanteringsmetodes, die voortdurende konflik en gevoelens van onbevoegdheid, frustrasie en wrewel (sien Hoofstuk 2). Elemente soos temperament, ouerskapstyl en eksterne invloede (sien 3.2.2) het 'n definitiewe invloed op beide ouer en kleuter se gedrag. Ouers wat kennis dra van hierdie elemente, sal 'n beter begrip hê van die “hoekom?”, “waarom?” en “wat nou?” binne die verhouding met hul kleuter. Aspekte soos die kleuter se ontwikkelingsfase, modellering, versterking, strafwyses, “*goodness of fit”* en die voorkoms van spesifieke probleemareas soos byvoorbeeld badtyd, slaaptyd en etenstyd (sien 3.2.3) lewer ook 'n besliste bydrae tot die dinamika tussen ouer en kleuter en daarom is dit van uiterste belang dat ouers hulle van hierdie aspekte sal vergewis.

Die navorser het voorts bevind dat ouers, weens die voortdurende magstryd en konflik, nie meer hul kleuter se positiewe, unieke eienskappe raaksien nie. Die navorser is van mening dat ouers in die hanteringsriglyne 'n hulpmiddel gaan vind wat hulle sal ondersteun om hulle eiesinnige kleuter se eiesoortige gedrag en eienskappe te erken vir die potensiaal wat daarin is en dat hulle 'n verskil kan maak in die rigting waarin hierdie eiesoortige gedrag en eienskappe kan ontwikkel (sien bylaag E). Ouers wat in staat is om die “groter prentjie” te sien, sal daarin slaag om weg te beweeg van die magstrydplatvorm.

Ervarings en herinneringe vanuit ouers se eie kinderjare het ook ʼn invloed op ouers se hantering van hul kinders en ouers moet dit nie misken nie. Die navorser het ook tot die gevolgtrekking gekom dat ouers wel die behoefte het aan ʼn ondersteuningsisteem.

## 7.5 AANBEVELINGS

Na afloop van die studie word die volgende aanbevelings gemaak. Die eerste aanbeveling wat die navorser wil maak, is dat ouers 'n gesindheid van toewyding en deursettingsvermoë moet toon in die implementering van die hanteringsriglyne soos vervat in Hoofstuk 6 (sien 6.4). Die hanteringsriglyne moet konsekwent oor 'n redelike tydperk toegepas word en ouers moet daarteen waak om terug te val op hul onsuksesvolle metodes van vroeër en bedag wees daarop dat die aanvanklike implementering van nuwe metodes met weerstand van die kleuter gepaard sal gaan.

Die tweede aanbeveling wat die navorser wil maak, is dat die hanteringsriglyne met behulp van 'n professionele fasiliteerder geïmplementeer moet word, aangesien kennis en begrip van die Gestaltbenadering essensieel is in die toepassing van die riglyne. Gestaltkonsepte wat vir die doel

van hierdie studie van toepassing is, sluit in die hier-en-nou, proses, kontak, dialoog, bewustheid, grense en weerstand. Kennis van Gestalt, gerugsteun deur kennis van eiesinnigheid sowel as die kleuterfase as 'n ontwikkelingstadium, sal bydra tot ouers se begrip en kennis van beide hulself en hul kleuter en ouers ondersteun in die toepassing en handhawing van die hanteringsriglyne.

Die derde aanbeveling is dat ouers hulle daadwerklik sal beywer om 'n oop verhouding met hul kleuter te hê. Klem moet geplaas word op die verhoging van die kleuter se bewustheid van sy/haar eie gedrag, hoe ander hul gedrag waarneem en die effek wat dit het op ander. Ouers moet daarop fokus om hulself te bemagtig deur die opbou van 'n ondersteuningsnetwerk bestaande uit vriende, familie en kundiges. Bemagtiging is deels ook dat ouers goed sal wees vir hulself en tyd sal maak vir oefening, stokperdjies en ander belangstellings.

Die vierde aanbeveling is dat ouers moeite moet doen om hul selfkennis en kennis oor hul kleuters uit te brei, veral rakende aspekte soos temperament, ouerskapstyl en die invloed van eksterne invloede. Hierdeur bemagtig ouers hulself en die navorser beskou die verwerwing van hierdie kennis as onontbeerlik in die toepassing van die ontwerpte hanteringsriglyne.

Die vyfde aanbeveling is dat ouers ’n ondersteuningsgroep kan stig wat eenmaal per kwartaal bymekaar kom om sodoende van mekaar te leer en die geleentheid te kry om te deel met mense wat begrip het van hul situasie.

## 7.6 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE

Tydens hierdie studie is daar slegs gefokus op Gestalthanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter. Verdere navorsingsmoontlikhede wat die navorser na afloop van hierdie studie geïdentifiseer het, is die verskynsel van eiesinnigheid in die peuterfase, middel kinderjare en adolessensie. Die daarstel van riglyne vir ouers van kinders in enige van bogenoemde ontwikkelingsfases sal beide komplementerend en aansluitend wees by hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige kleuter.

Die navorser het voorts opgemerk dat daar 'n merkbare verskil is in die wyse waarop ouers wat ouer is hul eiesinnige kleuter ervaar en hanteer, teenoor ouers wat jonger is. 'n Verdere navorsingsmoontlikheid is dus om te ondersoek of die ouderdomsgroep waarbinne ouers hul bevind, 'n invloed het op die manier waarop ouers hul eiesinnige kind ervaar en hanteer. Vrae wat deur só 'n studie beantwoord kan word, sluit in of ouers wat byvoorbeeld in die ouderdomsgroep

dertig tot veertig jaar is, hul kleuter anders sal hanteer en ervaar as ouers wat tussen twintig en dertig jaar oud is en wat die redes vir hierdie verskil in hantering is.

Die navorser het slegs gefokus op sekere Gestaltkonsepte in die daarstel van hanteringsriglyne en aandag kan gegee word aan die oorblywende konsepte soos die paradoksale teorie van verandering en organismiese selfregulering in die daarstel van verdere hanteringsriglyne vir ouers met eiesinnige kinders van alle ouderdomme. Die vereenvoudiging van die hanteringsriglyne met die doel om dit toeganglik te maak vir iemand met geen agtergrond van Gestalt nie, is ook 'n toekomstige navorsingsmoontlikheid, sodat die ondersteuning van 'n professionele fasiliteerder nie 'n vereiste is nie en ouers dus die riglyne in hulle eie tyd en teen hul eie tempo kan toepas en monitor, individueel of in groepsverband.

Bevindinge vanuit die empiriese ondersoek is beperk tot die ervaring van respondente wat deel gevorm het van twee fokusgroepe van vier ouerpare elk. Die navorser sou met 'n daaropvolgende fokusgroep wou bepaal of eiesinnigheid meestal by seuns of dogters voorkom en of daar enige verskille is in die wyse waarop ouers hulle eiesinnige kleuterdogter- of seun hanteer. 'n Ondersoek na ouers se hantering van die eiesinnige peuter kon weens 'n gebrek aan tyd nie deel uitmaak van hierdie studie nie. Die navorser is van mening dat ouers se hantering van die kleuter in die voorafgaande peuterfase bepalend is vir beide die ouer en die kleuter se gedrag en dat hanteringsriglyne vir ouers met 'n eiesinnige peuter die fondament vorm van daaropvolgende hanteringspraktyke.

Die toepassing en evaluering van die waarnemingsisteem soos uiteengesit in Hoofstuk 6 (sien 6.2) kan ook sinvol nagevors word, aangesien dit kan dien as hulpmiddel vir soortgelyke toekomstige studies.

## 7.7 SAMEVATTING

Na afloop van hierdie intervensiestudie het die navorser bevind dat ouers van 'n eiesinnige kleuter dikwels ontoereikend en hulpeloos voel en 'n vrees het dat die voortdurende konflik of magstryd emosionele skade kan veroorsaak en die ouer-kindverhouding onherroeplik kan skaad. Die nougesette toepassing van die ontwerpte Gestalthanteringsriglyne en Gestaltkonsepte soos bewustheid, kontak, dialoog, die hier-en-nou, proses, grense en onvoltooidhede, kan ouers bemagtig en ondersteun om hulle kleuter op 'n ferm maar liefdevolle manier te hanteer en sodoende die ouer-kindverhouding verbeter en konflik verminder. Selfkennis, asook kennis en begrip van beide

eiesinnigheid en die kleuterfase, is onontbeerlik in die hantering van die eiesinnige kleuter en ouers moet hierdie aspekte deeglik ondersoek, bestudeer en internaliseer. Genoemde aspekte, tesame met die implementering van die hanteringsriglyne, kan dien as 'n intervensie vir gedragsverandering by beide die ouer en die eiesinnige kleuter. Verandering binne die konteks van die ouer-kindverhouding lê derhalwe allereers voor die deur van die redelike ouer. Turecki (1994:170) stel dit soos volg: .“*...parents usually assume that improvements in a child's behaviour must begin with the child and that they are merely reacting to misbehaviour, but the truth is that adults must change first*”.

## BIBLIOGRAFIE


1. Arp, C. & Arp, D. 2006. Answering the Cries of the Spirited Child. In Stoop, D. & Stoop, J. 2006. *The complete parenting book*. Michigan: Revell.
2. Babbie, E. 2004. *The practice of Social Research***.** 10th edition. VSA : Wadsworth.
3. Bee, H. & Boyd, D. 2007. *The Developing Child.* 11th edition. Boston : Pearson Education, Inc.
4. Bee, H. 1985. *The Developing child.* 4th edition. London : Harper & Louw Publishers.
5. Berk, L.E. 2003. *Child Development.* 6th edition. Boston : Pearson Education, Inc.
6. Blom. R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy. Practical guideline for child therapists.* Bloemfontein : R. Blom.
7. Brink, M.E. 2006. Gestalt Guidelines assisting parents to enhance pshycosocial development of middle group children. Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M. Diac Spelterapie. Pretoria : UNISA.
8. Cawood, A. 2007. *Kinders moet grense hê.* Kaapstad : Metz Press.
9. Cawood, A. 2008. Korrespondensie. September 2008, Kaapstad.
10. Clarkson, P. 2002. *Gestalt Counselling in Action.* 2nd edition. London : SAGE.
11. Clinton, T. 2006. *Attachment discipline – Parenting with sensitivity and awareness*. In Stoop, D & Stoop, J. 2006. *The complete parenting book*. Michigan : Revell.
12. Creswell, J.W. 1998. *Research design, qualitative and quantitative approaches.* California : Thousand Oaks.
13. De Vos, A.S. 2005. Intervention Research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Pretoria : Van Schaik.
14. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, CSL. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Pretoria : Van Schaik.
15. De Witt, M.W. & Booysen, M.I. 1994. *Die klein kind in fokus – 'n Sielkundig-opvoedkundige perspektief.* Pretoria : Acacia.
16. De Witt, M.W. & Booysen, M.I. 1995. *Die sosialisering van die klein kind.* Pretoria : Van Schaik.
17. Dobson, J. 2005. *Die eiesinnige kind*. Suid-Afrika : CUM-Boeke.
18. Erikson, E.H. 1995. *Childhood and Society.* London : Vintage Publishers.
19. *Erikson's Stages*. 2002. Beskikbaar by: www.learningonline.com/stages/organize/Erikson.htm. Toegangsdatum : 10/06/2008.

20. Forehand, R. & Long, N. 2002. *Parenting the strong-willed child. The clinically proven five-week program for parents of two- to Six-year-Olds*. New York : McGraw-Hill.
21. Fouché, C.B. 2005. Qualitative research design. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Pretoria : Van Schaik.
22. Funk & Wagnells. 2000. *Standard Dictionary : International edition.* New York : Funk & Wagnells.
23. Gaultiere, K. & Gaultiere, W. 2006. Balancing Grace and truth in Parenting. In Stoop, D. & Stoop, J. 2006. *The complete parenting book.* Michigan : Revell.
24. Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Pretoria : Van Schaik.
25. Hurlock, E.B. 2000. *Developmental Pcychology.* 7th edition. New York : McGraw-Hill.
26. Krueger, R.A. 1994. *Focus Groups.* 2nd edition. London : Thousand Oaks.
27. Kurcinka, M.S. 2006. *Raising your Spirited Child.* New York : Harper.
28. Lambert, R. 2001. Working with parents:  The Dialogic Challenge. In *The Gestalt Journal*. Spring. 2001. New York: The Gestalt Journal Press, Inc.
29. Latner, J. 1986. *The Gestalt Therapy Book.* New York : Gestalt Journal Press.
30. Leedy, P.D. 1993. *Practical Research: planning and design.* 5th edition. New York : MacMillan.
31. Lourens, A. 2004. *Wetenskaplike Skryfvaardighede.* Stellenbosch : Sun Press.
32. Louw, D. A. 1998. *Menslike ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad : HAUM.
33. Louw, D.A. en Edwards, D.J.A. 1998. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika*. 2e uitgawe. Kaapstad : HAUM.
34. MacKenzie, R.J. 2001. *Setting limits with your strong-willed child.* New York : Three rivers Press.
35. MacKewn, J. 2003. *Developing Gestalt Counselling*. London: SAGE.
36. Miller, K.C. 2006. Defusing Anger : When counting to ten isn't enough. In Stoop, D & Stoop, J. 2006. The complete parenting book. Michigin : Revell.
37. Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk. 1995. Samesteller: Vaktaalkomitee vir Maatskaplike werk.
38. Oaklander, V. 1988. *Windows to our children.* New York : Gestalt Journal Press.
39. Oaklander, V. 2001. *Gestalt Play Therapy. International Journal of Play Therapy*, 10(2): 45-55.
40. Oaklander, V. 2006. *Hidden treasure*. London : Karnac books.

41. Papalia, D.E., Olds, S.W. en Feldman, R.D. 2002. *A Child's World – Infancy to adolescence***.** 9th edition. Sydney : McGrawHill.
42. Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. 3e uitgawe. Johannesburg: Heinemann.
43. Phelan, T. 2003. *1-2-3-Magic: Effective discipline for children 2-12.* 3rd ed. Illinois : Independent Publishers Group.
44. Pickhardt, C.E. 2005. *The Everything parent's guide to the Strong-willed child.* Massachusetts : Adams Media.
45. Roos, V. 2005. *Developmental interventions and evaluations.* 2nd edition. Windgate Park : Verbum Publishers.
46. Rudestam, K.E. & Newton, R.R. *Surviving your Dissertation.* 2nd edition. London : SAGE.
47. Schoeman, J.P. 2005. *Spelterapie: die onontbeerlike vaardigheid in terapie met die kind*. Julie. UNISA.
48. Schoeman, J.P. 2006. *Advanced Course in Play Therapy*. Julie. UNISA.
49. Schoeman, J.P. 2007. *Gestalt spelterapie*. Klasnotas. Januarie. Wellington.
50. Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world – a Play Therapy Approach*. Pretoria : Kagiso.
51. Sharry, J. & Fitzpatrick, C. 1988. *Parents Plus Programme, Facilitators' Manual: A Practical and Positive Guide to Managing and Solving Discipline Problems in Children aged 4-11.* Dublin : Department of Child and Family Psychiatry, Mater Hospital.
52. Smit, M. 2004. 'n Gestaltterapeutiese proses om selfbewussyn by die vroeë adolessent aan te spreek. Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M. Diac. Spelterapie. Pretoria : UNISA.
53. Steyn, H. 2005. 'n Voorbereidingsprogram vir die kinderhuiskind met die oog op gesinshereniging. Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad, M. Diac. Spelterapie. Pretoria : UNISA.
54. Stoop, D. & Stoop, J. 2006. *The complete parenting book.* Michigan : Revell.
55. Stoop, D. & Stoop, J. 2006. Understanding your Child's Personality. In Stoop, D. & Stoop, J. 2006. The Complete Parenting Book. Michigan : Revell.
56. Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Pretoria : Van Schaik.
57. Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Van Schaik. Pretoria.

58. Strydom, H. 2005. Information collection: Participant observation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots.* 3rd edition. Pretoria : Van Schaik.

59. Thomas, R.M. 2000. *Comparing theories of child development.* 5th edition. USA : Wadsworth.

60. Tobias, C.U. 2007. *You can't make me (but I can be persuaded). Strategies for bringing out the best in your strong-willed child.* Colorado : Waterbrook Press.

61. Turecki, S. 1994. *The emotional problems of normal children.* New York : Bantam books.

62. UNISA: 2005. Klasnotas. Departement Onderwysopleiding.

63. Van der Merwe, C. 2008. Korrespondensie. Oktober 2008. Paarl.

64. Webster-Stratton, C. 2007. *The incredible years.* Beskikbaar by: www.incredibleyears.com/ResearchEval/effective.asp. Toegangsdatum: 10/11/2008.

65. Weiten, W. 2002. *Psychology: Themes and Variations.* 5th edition. USA, Wadsworth.

66. Wolff, S. 1989. *Childhood and Human Nature*. London : Routledge.

67. Yontef, G.M. 1993. *Awareness, Dialogue and Process – Essays on Gestalt therapy*. New York : The Gestalt Journal Press, Inc.

**BYLAAG A: INLIGTINGSBRIEF**

Cummingsstraat 17
Wellington
7655
…… Mei 2008

Geagte…………………………………

Ek is tans besig om deeltyds my M.DIAC (Meestersgraad in Speelterapie) te verwerf aan die Hugenote Kollege en UNISA. Om my graad suksesvol te voltooi, moet ek navorsing doen en ŉ verhandeling inhandig.

Die onderwerp van my studie is **Gestaltriglyne vir ouers om die eiesinnige kleuter te hanteer.** Ek sal u graag as deelnemers van die studie wil betrek. Deelnemende ouers sal gevra word om ŉ kriterialys met tiperende eienskappe van die eiesinnige kind te voltooi. Na die voltooiing van die vraelyste, sal daar deur middel van ŉ nie-willekeurige steekproef, agt ouerpare getrek word om deel te vorm van die navorsingsgroep. Hierdie agt ouerpare sal in 2 fokusgroepe van 4 ouerpare elk verdeel word. Indien u een van hierdie agt ouerpare is wat geselekteer is deur die steekproef, sal daar van u verwag word om ŉ aantal fokusgroepsessies by te woon.

Ek wil u verseker dat geen name of ander identifiserende inligting in die verhandeling genoem sal word nie en dat die inhoud van gesprekke en groepsessies, volkome vertroulik sal bly. Deelname aan hierdie studie sal u onder geen omstandighede benadeel nie en deelname is en bly vrywillig. U kan te enige tyd onttrek, indien u ongemaklik voel.

Ek onderneem om by die etiese kontrak (aangeheg) te bly en nie daarvan af te wyk nie.
Dankie vir u hulp en ondersteuning.
Groete

Karien Schoeman (0845734839)

**BYLAAG B: ETIESE- EN VERTROULIKHEIDSKONTRAK**

# Karien Schoeman

Studentenommer UNISA: 36101133

Kursus: M.DIAC (Spelterapie)

Adres en kontakbesonderhede: Cummingsstraat 17
Wellington
7655
Sel: 0845734830

Hiermee onderneem ek om:

1. Die moontlike gevolge van my voorgenome navorsing op my deelnemers sorgvuldig te oorweeg
2. Te verseker dat deelnemers vrywillig en met instemming aan die navorsing sal deelneem, hulle privaatheid, identiteit en waardigheid sal respekteer en dat daar nie enige benadeling sal wees indien hulle deelname staak nie
3. Te sorg dat deelnemers beskerm sal word teen ongeoorloofde fisiese, verstandelike of geestelike ongemak, angs, beserings, gevaar en benadelings
4. Die bespreking van gevalle, waar van toepassing, alleen vir professionele doeleindes te doen en alleen met mense wat direk professioneel betrokke is
5. Alle inligting wat van deelnemers verkry is, as streng vertroulik te hanteer
6. Alle bandopnames of DVD-opnames op veilige plekke te bewaar en streng vertroulik te hanteer.

Geen finansiële vergoeding sal aan deelnemers betaal word nie

Geteken:

Karien Schoeman:……………………………………

Naam van deelnemer:………………………………..

Datum:……………………………………………….

**BYLAAG C: CAWOOD (2007:120) SE KRITERIALYS VAN OUERS SE EMOSIES EN REAKSIE**

- Ervaar jy dat jy deesdae baie gil en skreeu?
- Daal jy af na die kind se vlak? (byvoorbeeld as hy aan jou slaan, slaan jy terug?)
- Straf jy die kind baie meer as wat jy wil?
- Sê jy alewig nee vir die kind?
- Moet jy heeltyd herhaal wat jy sê?
- Baklei jy dikwels met jou kind?
- Verduidelik jy voortdurend vir jou kind?
- Is jy altyd aan die onderhandel?
- Moet jy hom dikwels so ver kry om te belowe dat hy dit "nooit weer sal doen nie"?
- Dreig jy met dinge wat jy nooit regtig gaan uitvoer nie?
- Oorreageer jy met buitensporige straf op iets kleins?
- Bederf jy die kind tussen strafmaatreëls deur te oorkompenseer?
- Reageer jy en jou lewensmaat baie verskillend op dieselfde gedrag?
- Weet jy soms nie hoe om te reageer nie?
- Voel dit vir jou asof jou kind "sterker" is as jy?
- Kerm jy heeltyd in sy ore?
- Verander jy dikwels jou strafmaatreëls?
- Gee jy dikwels toe om die vrede te bewaar?

**BYLAAG D: FOREHAND & LONG (2002:10) SE AANGEPASTE KRITERIALYS VAN GEDRAGSEIENSKAPPE VAN DIE EIESINNIGE KLEUTER**







- Is ongehoorsaam
- Het “woedeaanvalle”
- Eis onmiddellike, onverdeelde aandag
- Is hardkoppig
- Skreeu op ouer/broers en susters/ander
- Argumenteer
- Dreig ander
- Is moedswillig
- Is “spiteful”
- Raak geïrriteerd
- Vloek
- Is aggressief
- Blameer ander
- Breek goed sonder rede
- Jok
- Is negatief
- Volg net eie kop, kan nie oorreed word nie
- Wil alles self doen
- Aanvaar nie gesag nie
- Onvoorspelbaar
- Aanhoudend
- Buie fluktueer, onvoorspelbaar
- Temperamenteel
- Is kwaai
- Traak-my-nie-agtige houding
- Toets grense oor en oor
- Respekteer nie grense nie
- Sê ander hoe en wat
- Dominerend
- Bied erge weerstand in spesifieke situasies soos badtyd, slaaptyd, kies van klere
- Huil om sin te kry

- Reageer sleg op verandering
- Selfbejammerend
- Manipulerend
- Selfgesentreerd
- Baie selfvertroue
- Vra baie vrae
- Sal take op eie manier voltooi
- Aandagspan fluktueer

**BYLAAG E: DIE EIESINNIGE KLEUTER WAT REG VERSTAAN EN BESTUUR IS: DIE POSITIEWE KEERSY TYDENS ADOLESSENSIE EN VOLWASSENHEID (Kurcinka, 2006: 29)**

- Sagte hart
- Hou van tradisie
- Charismaties
- Boei ander
- Versigtig as onbekend
- Oorweeg dinge mooi
- Dramaties
- Vermaaklik
- Leier
- Kompeterend
- Analities
- Oplettend
- Handhaaf hoë standaarde
- Kreatief/aanpasbaar
- Entoesiasties
- Beginselvas
- Doelgedrewe
- Hardwerkend
- Vasbyt
- Hou van probeer
- Innoverend
- Lojaal
- Geduldig met ander se foute
- Staan sterk teen onregverdigheid en verkeerde praktyke
- Uitnemendheid
- Staan op vir wat reg is
- Sal hard werk om nuwe vaardigheid te bemeester
- Kan “ander” maniere van doen bedink

**BYLAAG F:  WEEKKAART**

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Skooltjie*  |  Bv. Kry speelding terug | *Skooltjie*  |  Gaan kuier by Ouma  | *Skooltjie*  |  |  Kerk toe  |